

Weg! Ry & Sleep

Kalahari

Kamp op die Kgalagadi se voorstoep

TUSSEN DIE BERGSEBRAS

Ry 'n wilde draai deur
dié Oos-Kaapse
nasionale park

GROOT-VISRIVIER

Al met die waters
langs see toe

VANDERKLOOF

Skep asem langs die
dam voor jy verder ry



kykNET-EKSPLO

Nóg nuwe waens kom prônk op Malmesbury

MY WIELE 'n Leser se bloedrooi sleepkombinasie vir die grondpad | **RY-INDRUK** Omoda C9 SHS slaan twee vlieë met een klap | **WOONWATOETS** Tuff Cats Mbada 2d Max tref die kol | **SLEEPTOETS** Nissan se Navara Warrior is baas van die plaas! | **ELEKTRIESE VOERTUIG** Die borrel bars, sê Mic | **LAAI DIE BRAKKE IN!** By dié 8 oorde kamp hulle saam

TOERUSTING

KOMBUISGOED VIR BAK, BRAAI, STOOM EN ROOK



R160,00 (BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N\$165,00

DIE NUWE MOBI LODGE QUATTRO



★★★★★
Onvergelykbaar!

ONGETEMDE TERREIN. ONVERBETERLIKE VERMOË. ONGEËWENAARDE LUKSHEID.



GEBOU VIR ROWWER TERREIN, GEMAAK VIR VOLKOME GEMAK!

Sommige reise is nie gemak vir die gewone nie. Dit vra vir 'n karavaan wat die teerpad kan agterlaat, rowwer grond met selfvertroue kan aandurf, en jou steeds aan die einde van die dag met gemak verwelkom.

Die Quattro is Mobi Lodge se nuutste luukse avontuurwa, geskep vir ontdekkers wat krag, ruimte en verfyning in een uiters bekwame 4x4-pakket wil hê. Gebou vir moeiliker bestemmings en langer wegbreke, bring dit taai terreinvermoë en luukse gemak saam, sodat selfs afgeleë plekke soos 'n ware toevlug voel.

Met hoë gehalte plaaslike vakmanskap, pragtige afwerkings en aerodinamiese lyne vir moeiteloos sleep, is die Quattro gebou om verder te gaan, sterker te staan en luuksheid altyd binne bereik te hou, ongeag waar die terrein jou lei.

Topverkoper luukse avontuurkaravaan in SA!

Mobi Lodge

MOBI LODGE CONTINENTAL

Die Mobi Lodge Continental is 'n luukse avontuurwa, met 'n uitskuif-slaapkamer, hotelgraad eiland-dubbelbed en 'n ruim en-suite badkamer, wat ongeëwenaarde gerief bied.



NOU OOK
BESKIKBAAR IN
Kalahari

Afrika roep jou... Laat Mobi Lodge antwoord.

Mobi XL

MOBI LODGE XL

Sleep klein & kamp GROOT! Die Mobi XL is 'n rewolusionêre veldkaravaan wat luukse kampering herdefinieer met sy kompakte maar duursame ontwerp.



Inhoud

#73 | Junie-Julie 2026



4x4-BESTEMMING 48



4



ROETES WAT ROEP 66



kykNET-EKSPO 16



KAMPBESTEMMING 36

ELKE MAAND

8 REDAKTEURSBRIEF

10 POSBUS

30 NUUS

64 OORGRENSGESPREK

70 MY WIELE

80 DIEREVAKANSIE

84 RY-INDRUK

88 SLEEPTOETS

92 WOONWATOETS

96 4x4-PROFESSOR

98 TOERUSTING

102 KAMPKOS

113 BLOKRAAI

114 PRETBLAD

116 MIC SE RUBRIEK

118 NEELS SE STOEPTENT

120 RUBRIEK

122 IETS ANDERS

REDAKSIE

REDAKTEUR SCHALK JONKER ✉ schalk.jonker@media24.com
JOERNALISTE LEON BOTHA ✉ leon.botha@media24.com
CYRIL KLOPPER ✉ cyril.klopper@media24.com
UITLEGGKUNSTENAAR OWEN WILLOUGHBY ✉ owen.willoughby@media24.com
TEKSREDAKTEUR PETER VAN NOORD ✉ peter@subteks.co.za
KOSREDAKTEUR JOHANÉ NEILSON
MULTIMEDIA DESIREE HARTNEY ✉ desiree.hartney@media24.com
RISIKO- EN PRODUKSIEBESTUURDER JACQUES DU PLOOY

MEDIA24 KORPORATIEF

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 RAJ LALBAHADUR

UITVOERENDE SPAN: MEDIA24 MEDIA

UITGEWER EDWINA LYNERS
HOOFBESTUURDER: AFRIKAANSE MEDIA TAMMY VAN ZYL
FINANSIËLE BESTUURDER LUXOLO DYWILI
INKOMSTEHOOF NERISA COETZEE
UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 MEDIA MINETTE FERREIRA

VERKOPE EN BORGSKAPPE

HOOF: ADVERTENSIES DANIE NELL
 ✉ danie.nell@media24.com ☎ 082 859 0542
KLIËNTEBESTUURDER SHARLENE SMITH
 ✉ sharlene.smith@media24.com ☎ 083 583 1604
KLIËNTEBESTUURDER SANETHA MEINTJIES
 ✉ sanetha.meintjies@media24.com ☎ 082 957 9747
HOOF: GELEENTHEDE FRANCOIS MALAN
 ✉ francois.malan@media24.com

SIRKULASIE

KATEGORIEBESTUURDER TOMMY CHAPMAN
 ✉ tommy.chapman@onthedot.co.za

ATELJEE: MEDIA24 LEEFSTYL

HOOF LAILA MAJIET
KREATIEWE HOOF SANDLASETHU-SIPHE YILANI
REDAKTEUR SPESIALE PROJEKTE GERDA ENGELBRECHT
 gerda.engelbrecht@media24.com
PRODUKSIEBESTUURDER CHRISTINE SMITH
SENIOR BEMARKINGSBESTUURDER ANDILE NKOSI andile.nkosi@media24.com

KONTAK ONS

ANN DU BOIS ☎ 011 713 9529 ✉ ann.dubois@media24.com

ADRES

KAAPSTAD Media24-gebou, Heerengracht 40, Kaapstad 8001
JOHANNESBURG Kikyustraat 6, Sunninghill 2191

INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE

☎ 087 353 1300 | ☎ +27 21 065 0033 (internasionaal)
 Faks 086 296 6681 | WhatsApp ☎ 087 353 1287
 SMS "diens" na 31069 | ✉ subs@media24.com



DRUKWERK NOVUS PRINT
 Alle regte word voorbehou.

VERSPREIDING

ON THE DOT




Ry & Sleep is 'n lid van
 die Ouditburo vir Sirkulasie



© Kopiereg Weg Ry & Sleep. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die redakteur is streng verbode.

MEDIA24




NAWEEKKAMP 60

LESERSTORIE 74

#73 VOORBLADFOTO – LEON BOTHA

“Maak tyd as jy lanklaas Upington om gery het. Hier is 'n paar nuwe kampplekke wat 'n besoek werd is. Die ou bekende, Oranjerus, is heeltemal vernuwe en behoort nou aan N.C. Famous Lodges (sien die nuus-berig op bl. 30). Kambiki (foto) is heeltemal nuut. Dis net buite die dorp met private badkamers vir almal. Lees meer oor Kambiki in vandeemaand se kampbestemming op bl. 36.”



Kameraverstellings Canon EOS 6D Mk. II; f7,1;
 640ste van 'n sekonde; 23 mm; ISO 800

SAVANNAH 3 BOOGTENT



2.1m x 2.1m x 1.5m
R3 790⁰⁰

SAVANNAH 4 BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m
R4 900⁰⁰

SAVANNAH 5 BOOGTENT



3.0m x 3.0m x 2.2m
R5 790⁰⁰

SENIOR SAFARI DELUXE BOOGTENT

- > 320GSM SAFARI RIPSTOP-SEIL
- > 540GSM SWAARDIENS PVC-GRONDSEIL
- > 8.5MM GEËLEKTROPLATEERDE HOË TREKVASTE STAALRAAM
- > BINNE-/BUITE VENSTER SLUITING
- > HITTE LUGGAT MET BINNESLUITING



3VENSTERS
BINNE- EN
BUITESLUITING

SENIOR
3.0m x 3.0m x 2.2m
R8 150⁰⁰

RANGER SAFARI BOOGTENT



2.1m x 2.1m x 1.8m

JUNIOR WANDERER BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m

SENIOR WANDERER BOOGTENT



3.0m x 3.0m x 2.2m

JUNIOR SAFARI DELUXE BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m

DAKTENTE

VOERTUIG STORTHOKKIE



R2 850⁰⁰

- > Grootte: 1.0m x 1.0m (Verstelbare hoogte)
- > Materiaal: 420D Aluminiumbedekte Nylon
- > Raam: Aluminiumbedekte Nylon
- > 1 Deur

270° GROOT LOSSTAANDE AFDAK



R12 500⁰⁰

- > Grootte: 2.5 Breed
- > Materiaal: Safari Ripstop Seildoek 280gsm
- > Weerbestande UV, vrot en muf
- > Swaargewig PVC-ritssluitersak
- > Sluit L-vormige monterhakes in
- > Groot OMSLAG-area

CLAM SHELL 1.45 M WYD

- > Ruim binnekant
- > Voetlig vir ekstra spasie
- > Maklik en vinnig om op te slaan
- > Gestroomlynde ontwerp (slegs 18 cm dik)
- > Sluit matras en teleskopiese leer in

R33 500⁰⁰



1.2M DAKTENT



R14 700⁰⁰
1.2m x 2.4m x 1.25m

1.4M DAKTENT



R16 660⁰⁰
1.4m x 2.4m x 1.25m

1.6M DAKTENT



R17 490⁰⁰
1.6m x 2.4m x 1.25m

2.0M DAKTENT



R22 390⁰⁰
2.0m x 2.4m x 1.25m

Materiaal: Safari Ripstop Canvas 260gsm Weerbestande UV, VROT & muf

GAZEBOS



SENIOR GAZEBO
R3 410⁰⁰



JUMBO GAZEBO
R4 550⁰⁰



EETVERTREK
R8 020⁰⁰



EETVERTREK - LUKKS
R14 750⁰⁰

OOK BESKIKBAAR BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS

CAMPCLIMB

Kloppers

OUTDOOR
WAREHOUSE

takealot

Agri Land

LeisureWorld

AGRIMARK

SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op



Nuwe Reeks



GEROLDE BO-RUGSAK

- > Verskeie sakke
- > Interne skootrekenaarsak
- > Reflektiewe ritssluiters
- > Benaderende grootte 30cm x 10cm x 60cm



R265⁰⁰



MEELVLAKKIGE TAFEL



Binne en buite gebruik
R1 500⁰⁰

EZI-UP GROOT KAMPBED

Maks dra gewig 200 kg



R1 100⁰⁰

ALUMINIUM BERGINGSKAS

30 L **R1 000⁰⁰**

49 L **R1 950⁰⁰**

95 L **R2 700⁰⁰**



- > Sluitbaar
- > Liggewig
- > Waterbestand
- > Stapelbaar

WASGOEDLYN

- > Aluminiumraam
- > 16 m hangruimte
- > Kompakte vouontwerp
- > In dratas

R650⁰⁰



DC-4
600 D OXFORD-OMSLAG EN STAALRAAM



R999⁰⁰

DC-3
KOMPakte VOUONTWERP



R720⁰⁰

4-RAK DELUXE KASSIE



R1 700⁰⁰



*Inhoud uitgesluit

3-RAK DELUXE KASSIE

HARD SHELVES
SHADE NET ZIP
UP DOOR
R1 150⁰⁰



KOMBUISKABINET DELUXE



R1 450⁰⁰

PIEKNIKTAFEL



R399⁰⁰

VEELDOELIGE STAALTAfel



R1 100⁰⁰

EZI-UP STANDAARD KAMPBED

Maks dra gewig 130 kg



R850⁰⁰

DELUXE STANDAARD KAMPBED

Maks dra gewig 150 kg



R1 300⁰⁰

DELUXE GROOT KAMPBED

Maks dra gewig 180 kg



R1 450⁰⁰

EETSTEL (4 PERSONE)

R770⁰⁰



EETSTEL (6 PERSONE)

R2 120⁰⁰



12-STUK EMALJE-STEL

- > Hoë kwaliteit emalje met vlekvrystaal afwerking
- > 4 x 25 cm grootborde
- > 4 x 15 cm bakkies
- > 4 x 350 ml bekere

R620⁰⁰



PORTA POTTI 20L

R1 299⁰⁰

- > 20L-watertenk
- > 12L-varswatertenk
- > Volgrootte sitplek en deksel
- > T-tipe 3-rieging spoeling
- > Volume: 20 liter



BIO-SANITÊRE VLOEISTOF & SPOELMIDDEL



R110⁰⁰ elk

BIO-SANITÊRE VLOEISTOF & SPOELMIDDEL HERVUL



R90⁰⁰ elk

OOK BESKIKBAAR BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS



SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op





Die warmte van 'n winterkamp

Ek was nogal erg omgesukkel met hoe blatant die winter was toe hy so 'n week of drie gelede besluit om sy opwagting te maak. 'n Mens sou dink hy sou darem die ordentlikheid hê om eers 'n WhatsApp-boodskap te stuur om te hoor of 'n mens by die huis is, óf minstens eers saggies aan die deur klop om jou te waarsku dat hy hier is. Maar nie dié keer nie.

Nee, vanjaar het hy bloot die deur oopgeskop en met 'n groot geskal aangekondig dat hy nou sy intrek neem. Die vermetelheid.

Ek wil jou nie verveel met die magdom redes hoekom ek nie 'n wintermens is nie. Daar is eenvoudig nie genoeg plek op hierdie bladsy nie. En ek is seker daar is baie mense wat met my saamstem.

My weersin in dié seisoen is egter net van toepassing op my alledaagse bestaan. Want vreemd genoeg is daar eintlik vir my 'n spesiale bekoring aan 'n winterkamp. Die lug is skerper en varser, die sterre skitter helderder en daardie koue wat tot op die been kan sny, dwing jou amper om dinge stadiger te vat. Asof jy meer bewus raak van elke oomblik.

Wanneer die son agter die horison verdwyn en die koue van die winter-

veld jou omvou, kry daardie kampvuur 'n ander betekenis, want dis nie net jou bron van warmte en lig nie, maar ook van samesyn.

In my vroeë dae by die tydskrif het ek, oorywerig om te beïndruk en met meer naiwiteit as wat goed was vir my, aan my redakteur voorgestel ek gaan kyk vir die volgende kampartikel wat in die Noord-Vrystaat aangaan... in die middel van die winter.

My ouers is saam met my. In 'n stadion het ons twee vure aan die gang gehad – 'n braaivuur aan die een kant en 'n groot kuiervuur aan die ander – en tog was dit skaars genoeg om die bytende Vrystaatse koue te verdryf.

Snags moes ons elke denkbare baadjie, kombers of warmwatersak inspan om die lewe in ons vingerpunte te voel. Ek glimlag wanneer ek daardie klompie dae onthou, want dit is een van my kosbaarste herinneringe.

Ons het tot laatnag gesels terwyl ons die vuur aanhou stook. Die warmte ewe veel in ons tyd saam as in die kole.

Ek verstaan dat nie almal ewe gaande is oor winterkamp nie. En dat sommige van ons juis nou in "Swaeltjies" verander wat koers kies na warmer dele van die land. Maar ek glo tog die winter is nie 'n tyd om oor naweke die gordyne toe te trek en in die huis weg te kruip nie. Vat die kans en gaan beleef die wonder van die kampvuur opnuut.

Dit is hierdie oomblikke – wanneer ons

nader aan mekaar skuif en gesprekke dieper en meer betekenisvol raak – dat die koue ons herinner aan hoe kosbaar die warmte binne ons kring is.

Pak dus die kampvuur hoog dié winter. Gooi nog 'n stomp op en moenie dat die koue jou afskrik nie. Dalk leer 'n winterkamp jou iets oor die eenvoud van die lewe buite die gejaag van die alledaagse.

As dit vir jou voel ek preek nou vir die mense in die voorste gestoeltes, laat weet my asseblief hoekom dit vir jou spesiaal is om in die winter te kamp. Deel jou stories en herinneringe en, wie weet, dalk bemoedig jy iemand anders om in die winter die koue te trotseer en die warmte van die buitelewe te ontdek.

Veilig reis.

Schalk

REDAKTEUR

✉ schalk.jonker@media24.com





Nuwe: Okto-woonwaens, Afrispoor, Metalian, Nayela en Freeline Maverick-veldwoonwaens.
Edgeout en Vagabond Teardrop sleepwaens. Metalian-grondpadsleepwaens.

*Talle goeie gehalte uitgesoekte, gebruikte woonwaens. *Kamp- en veldsleepwaens.
*Dak- en sleepwatente, seil- en nylonkamptente. *Fabrieksgoedgekeurde werkswinkel.
*Volle toegeruste LeisureWorld winkel met al jou kamp en woonwa toerusting en parte.

LeisureWorld

Loftus Caravan City

Bel: 011-792-1456

OKTO
CAMPERS



SWIFT

AFRISPOOR
CAMPERS

NAYELA
CAMPERS

EDGEOUT



FREELINE
CAMPERS

VAGABOND



Ons hoor graag wat jy op die hart het! Skryf vir ons by rysleap@weg.co.za en onthou asseblief om jou volledige adres en kontakbesonderhede te gee. *Ry & Sleep* behou hom die reg voor om briewe te redigeer en verkort – en na goeie dinge in die tydskrif, op die webwerf en elders te gebruik.

'n Ware oase in die Karoo



Dis lyk vir my of Montagu al hoe gewilder raak as 'n kamp- en buitelewebestemming

Glen Eden is maar een van die hope plekke in dié geweste. Ons het in Maart vanjaar die eerste keer hier gekamp en was aangenaam verras. 'n Mens verwag droogte, stof en klippe wanneer jy in die Karoo kamp, maar hier is dit groen. Dit voel omtrent soos 'n oase met die soort grasperk wat jy beslis nie in hierdie deel van die wêreld verwag nie.

Jou staanplek is ruim en privaat en alles is mooi afgebaken en groot genoeg dat jy nie op jou buurman se tone trap nie. Dis maklik om in en uit te ry op die gelyk staanplekke en hier is genoeg ruimte vir jou sleepvoertuig. Jy kry 'n braaier om die vleis gaar te kry én 'n vuurput vir sit en kuier. Elke staanplek het ook 'n afdak met 'n piekniektafel waar ses mense gemaklik kan aansit. Vir my is dit die soort geriewe wat my somer langer wil laat bly. >

BRIEF

Gert wen 'n EvoCharge-kragbank-en-LED-flitslig ter waarde van R999. Die veeldoelige flitslig het 'n 7 800 mAh-litiumbattery en kan vir tot 30 uur skyn – jy kan selfs jou foon herlaai met dié flitslig. Hy's ook magneties sodat jy dit iewers teen 'n staaloppervlak kan vassit as jy albei hande nodig het. Die flits is boonop waterdig en skrik nie vir 'n reënbuie nie.

sustainable.co.za



@STEALTHCARAVANS

STEALTH
CARAVANS

#STEALTH |

Gerief wat JOU volg



STEALTH
KLIPSPRINGER



KLIPSPRINGER

Gebou vir die Wildernis: Waar Vakmanskap en Vermoë Ontmoet

Daar is 'n verskil tussen 'n karavaan wat net reis, en een wat werklik in die wildernis hoort.

Die Stealth Kudu, Klipspringer en Springbok is ontwerp met 'n duidelike doel: om Suid-Afrika se taaiste terrein sonder kompromie aan te pak. Met die eerste oogopslag straal hul robuuste, doelgerigte ontwerp reeds selfvertroue uit.

Maar dit is in die fyn detail waar hulle werklik uitstaan. Presisie-vakmanskap, topgehalte materiale en 'n ontwerpfilosofie gegrond op duursaamheid maak elke eenheid meer as net 'n karavaan, dit is 'n betroubare metgesel, gebou vir lewe ver van die teerpad.

Drie Ikone, Een Standaard: Kudu, Klipspringer & Springbok

Elke model in die Stealth-reeks dra sy eie karakter, maar handhaaf dieselfde kompromielose standaard.

Die Kudu staan as die vlagskip, kragtig, ruim en ideaal vir verlengde, afgeleë avonture. Die Klipspringer, ligvoetig en veelsydig, is gebou vir dié wat die mees afgeleë bestemmings nastreef waar beweeglikheid saak maak.

Die Springbok bied die perfekte balans tussen gerief en vermoë.

Ten spyte van hul verskille deel al drie dieselfde DNA van krag, innovasie en noukeurige aandag aan detail, 'n bewys van 'n handelsmerk wat weier om kortpaaie te vat.

Stealth: Robuust gebou met vakmanskap van die volgende vlak, ontwerp om die moeilikste terrein te trotseer, en jou elke keer verder te neem.



STEALTH
SPRINGBOK

SPRINGBOK



KUDU

STEALTH
KUDU

Die Toets: Joburg na Kaapstad via Tankwa

Die ware toets van enige veldkaravaan lê nie in die vertoonlokaal nie, maar in die reis self. Onlangs het die Stealth-trio die uitdagende roete van Johannesburg na Kaapstad via Tankwa aangepak, 'n pad bekend vir sy strawwe toestande, eindelose stof en rowwe terrein.

Dit is hier, ver van gerief en gemak, waar hul ingenieursvernuf werklik tot sy reg gekom het.

Die karavane het die uitdagings met selfvertroue hanteer, die strawwe omstandighede geabsorbeer terwyl gemak en stabiliteit behoue gebly het. Dit was nie net 'n reis nie; dit was 'n bewys. 'n Bewys dat wanneer ontwerp, duursaamheid en vakmanskap saamkom, die resultaat iets besonder is, 'n reeks karavane wat nie net die wildernis oorleef nie, maar daarin floreer.

Met Stealth is "gerief wat jou volg" nie net 'n slagspreuk nie, dit is die belofte agter elke km.

Die houtbrandbad sorg vir 'n besondere karakter: Warm water, 'n houtvuur en sterre bo jou. Jy kry die hout vir die bad wanneer jy aankom en betaal met jou vertrek met 'n eerlikheidstelsel vir die hoeveelheid wat jy gebruik het.

Hier is 'n rustige atmosfeer, en hoewel jy privaat is, is jy nie afgesonderd nie. Jy groet die bure, maak selfs 'n draai by hulle kampvuur en as jy jou oë uitvee, het jy nuwe vriende ontmoet.

Hier is ook glanskampverblyf vir mense wat na iets anders op soek is. Dis ou sigeunerwaens met tente en private badkamer- en kombuisgeriewe.

Die mikrokamers langs die kampterrein is vir mense wat net vinnig wil oorslaap. As jy hier tuisgaan, deel jy die kampeerders se geriewe.

Die restaurant, swembad langs die kinders se speelplek en die pizza-oond waar jy iets te ete kan koop, verdien ook 'n pluimpie. Ander doendinge sluit in boogskiet, kajakke, stap en fietsry, terwyl die kinders die donkies en poue van nader kan ontmoet.


Ons het met die eenaar gesels en volgens hom sal hier teen Desember ekstra staanplekke met private geriewe beskikbaar wees.

Glen Eden is duidelik heel gewild, want selfs in die middel van die week was die kampplek bedrywig.

Hier was selfs gaste uit Portugal en ander lande wat hier tuisgegaan het terwyl hulle aan die Cape Epic-bergfietstoer deelgeneem het. Hulle het vertel dat hulle veral die rustigheid en die pizzas – wat op hulle staanplek afgelewer is – geniet het.

Dis 'n plek waarheen ons beslis terugkom. Volgende keer sommer vir 'n hele paar dae langer.

GERT KALIS
Bellville



Beter met die ouderdom

'n Mens kan gerus by die oues van dae leer, want 'n kampeerder raak nie ouer nie; hy raak net al hoe meer agtermekaar.


Ons was onlangs 12 dae in die Kruger-wildtuin by kampe soos Letaba, Satara, Skukuza en Onder-Sabie, en dit is heerlik om te sien hoeveel seniors toer met woonwaens deur die land om al die mooi te sien. Dit is opvallend hoe goed georganiseerd hulle is en hoe die oues mekaar help van die oomblik dat hulle stilhou tot alles mooi kant en klaar opgeslaan is.

Ek en my vrou, Sanet, is albei ouer as 60 en was verstom oor hoe die gryses alles self vermag terwyl jonger paartjies sukkel en ondanks baie moeite nie veel uitrig nie.

Mooi so aan ons kampeerders wat al die 70-kerf verbygesteek het. Julle is voorwaar 'n voorbeeld vir 'n klomp jongeres. Dit is mense soos julle wat ons moed gee vir die toekoms van kamp.

Ons salueer julle!

NICKY BARNARD
Brackenfell >



Reeds op avontuur.



INVADER
Off-Road Campers

www.invader.co.za



INVADER

KOMMENTAAR VAN DIE MAAND!

PLA GRYSWATER IN DIE KAMPPLEK JOU?

Dis wat Facebook-vriende te sê het....



Chris En Alida Laing

Dis nie lekker om met jou grond-tent in ander mense se afvalwater te staan nie. Vang asseblief die water op en dink aan jou medekampeerders. Ons kon afvalwater in die grond ruik waar dit droog-geword het tot daar 'n bietjie reën val en die reuk verdwyn.

Reinette van der Lith

Vang dit asseblief op en gee dit vir die plante. Ek wil nie my kamp opslaan in die vorige mens se water wat in die middel van die staanplek lê nie.

Danie Malan

Gebruik eenvoudig die kampplek se storte en wasplek.

Maria Alleta Lombard

Dit is onaanvaarbaar.

Abri en Catharina Kruger

Vir gras en toilette ja, maar vir die res soek 'n mens skoon water, asseblief.

Minari Nel

Ek gril my dood by die gedagte dat my siek kleinkind op die gras moet speel waar iemand se stort- en tandeborselwater uitgeloop het.

Dis nie asof daar nie badkamers is nie.

Melissa Demaio

Dis afstootlik. Ek wil nie die oorskiet van jou kos, olie, tandepasta of seepskuim oor die hele kampplek sien nie. In die Kruger het 'n medekampeerder sy water met 'n lang pyp weggelei, maar dit het teruggeleë tot op ons staanplek. Afvalwater hoort in die drein, net soos by die huis. Daar is ook geen waarborg dat mense bio-afbreekbare seep gebruik nie.

George Kloppe

Dis nie riool nie en daarom glad nie skadelik nie. Inteendeel, dis goed vir gras.

Marianna van Heerden

George, ek wil jou nooi om te kyk waar ons gryswater op die pante uitloop. Dit vorm 'n gry, slykerige laag op die grond wat ons kort-kort moet afskep en bedek met nuwe grond, anders stink dit. Ek sal nie my kamp staanmaak op 'n vorige kampeerder se slyk nie.

Izak D. Olivier

Dit behoort nie toegelaat te word nie.

Volg @wegrysleep op Instagram en merk jou foto's met #wegrysleep – ons publiseer dit dalk op ons profiel of op dié blad.



Instagram



HOME, SWEET HOME.
Foto @dust_and_diesel_overlanding



PRIORITEIT
Foto @noel_cloete



KRAALSHOEK, SLANGHOEKVALLEI,
WES-KAAP
Foto @noel_cloete



JAMMER OM VAN JOU PROBLEME TE HOOR...
Foto @nylriverbushcamp

Rhino-man

**Een kappie. Twee wêrelde. Eindelose moontlikhede.
Oorwin die Namibiese duine of verken stadspaaie,
met jou Rhinoman kappie.**



*Die hoof foto toon die
Rhinoman Xpedition-kappie.



**DUBBELKAJUIT
XTREME-KAPPIE**
R46 700 insluitend
BTW en vervoer



**DUBBELKAJUIT
XPEDITION-KAPPIE**
R41 100 insluitend
BTW en vervoer



**DUBBELKAJUIT
LX-KAPPIE**
R34 800 insluitend
BTW en vervoer

+ (27) 10 010 0060 | sales@rhinoman.co.za | rhinoman.co.za

BESIKBAAR
BY:

Rhino-man

BEEKMAN
EXPERIENCE LIFE WITH STYLE



BushCoOverland
South Africa

**CANOPY
CENTRE**
CANOPIES • UPGRADES • ACCESSORIES

Môresê by Môreson

Die Wes-Kaapse kykNET-Buite-ekspo, wat jaarliks op die plaas Môreson buite Malmesbury gehou word, het 'n instelling geword waar 'n mens dikwels nuwe gesigte ontmoet.

BUSH LAPA

Bush Lapa het sy reeks met nóg twee modelle, die Shongololo en Gravel X, uitgebrei.

Die Shongololo is Bush Lapa se kleinste wa en ook die enigste in die reeks wat jy met 'n gewone rybewys mag sleep.

Die vervaardiger het 'n traan-druppelwa as inspirasie gebruik. Volgens Hanno Uys, die meganiese ingenieur wat aan die projek gewerk het, was die gedagte reg van die begin af 'n BVM van 750 kg – om aanklank te vind by mense met 'n gewone rybewys.

Ander vereistes was 'n yskas en sydeure wat 180° kan oopswaai.

Jannie Oeschger, Bush Lapa se eienaar, sê hoewel die Shongololo goedkoper is, is die gehalte steeds wat jy van die handelsnaam verwag. Die wa én onderstel word van vlek-vrye staal vervaardig en die binnekant van aluminium.

Die voorpaneel bo die A-raam verdien 'n pluimpie, want jy kan dit oopmaak vir lug en lig binne-in die wa. Soos ander traandruppelmodelle het dié een ook 'n buitekombuis by die stert.

Standaardtoerusting sluit in 'n tweekookgasstof, 105 Ah-diepsiklusbattery, Victron-laaistelsel, en verskeie binne- en buiteligte.

Die tarragewig is 460 kg, die bed is 1,95 x 1,35 m groot en die BVM is 750 kg (sonder remme).

Die nuwe Gravel X is 'n grondpadwa met 'n enkelas en slaapplek vir drie mense. Die eethoekie in die neus word in 'n derde bed omskep.

Net soos die Shongololo het die >





WAAR JOU AVONTUUR BEGIN

Beplan jy 'n reis? Begin met produkte wat presteer.

www.fveldt.com



BASECAMP XT™ EXTENSION

Die Ripstop-seil Koepeltent, Vervolmaak.

5-Slaap koepeltent met toevoeging afdak.

Falkson Outdoor Leisure Products is die eksklusiewe verspreiders van Fveldt in Suid-Afrika.
Vir handelnavrae kontak ons. Tel: +27 87 265 8114 E-pos: sales@falksontents.co.za



BUSH LAPA SHONGOLOLO

Gravel X 'n venster in die vorm van 'n paneel wat bo die A-raam oopmaak. Die wa is 6,42m lank en as die uitglybed in die middel van die wa uitgeskuif is, is daar baie ruimte binne. Die stort-en-toiletkombinasie is aan die agterkant.

Toerusting wat by die standaardkoop ingesluit is, sluit in die elektriese opwipdak, 'n tweeplaatgasstoof, Victron-slim-laaistelsel (met 'n 340W-sonpaneel en 100Ah-litiumbattery), 140ℓ-watertenk van vlekvrre staal, en 14ℓ-gas-elektriese geiser.

Prys Shongololo R189 750;

Gravel X R787 750.

Kontak ☎ 021 870 1277

🌐 bushlapa.com



BUSHWAKKA RUGGED 4



BUSHWAKKA

Bushwakka se Rugged 2 kry nou 'n variant: Die Rugged 4. Soos die syfers in die naam voorstel, het die nuweling nou slaapplek vir vier mense. Die bestaande koningingrootte bed slaan uit die regterpaneel en die tweede bed slaan uit oor die A-raam.

Hoewel die buitematas onveranderd bly (4,6 x 1,9 x 2,1 m) is die gewigte effens aangepas. Die Rugged 4 se tarragewig is met 125 kg gelig en staan nou op 1 000 kg, en die BVM is met 200 kg verminder tot 1 500 kg. Die as is steeds vir 2,5 t gegradeer met 15 duim-wiele en hy het ook 'n 175 ℓ-watertenk.

Prys R460 000.

Kontak ☎ 023 342 3438

✉ info@bushwakka.africa

🌐 bushwakka.africa >



**PRETORIA
caravans
& OUTDOOR**
- SINCE 1968 -

KOOP AANLYN
LANDSWYD AFLEWERING
www.pretoriacaravans.co.za
info@pretoriacaravans.co.za
Tel: 012 329 2259
h/v Johan Heyns Dr & Jacobs St
Gezina, Pretoria



Die Topbestemming vir...

Nuwe Karavane | Gebruikte Karavane | Onderdele | Kamptoeerusting | Toebehore



Kry 'n gratis midweek-wegbreek met elke karavaanaankoop by



Veselglaswerk -
Yskas inbouings -
Buite kombuise -
Lugversorging -
Dienste -
Onderstel dienste -

Versekeringseise -
Ongelukskade -
Ombouings -
Herstelwerk -
Houtvrot -
Haelskade -

Instandhouding | Installasie | Herstel | Herbou | Verbouing

...Karavaan Spesialiste

www.caravanfitmentcentre.co.za
info@caravanfitmentcentre.co.za
Tel: 012 944 2487
h/ Johan Heyns Dr & Jacobs St,
Gezina, Pretoria

Nou oop in KZN!
061 474 5568



Die wêreld se ruimste veldry kampeerder.




Geen pale meer nie
Hooftent, afdak en badkamer.
Selfopblaas, vir 'n baie groot leefarea.



Stel op in minder as 5 minute
Ontwerp vir maksimum kampeertyd en
om opstel- en wegpaktyd te verminder



Huisves tot 6 mense gerieflik
Sluit die familie by jou aan vir die
naweekwegbreek? Dis nie 'n probleem nie.



072 362 3175



info@alphago.co.za



www.alphago.co.za



AlphaGo Off-Road Camper/Trailers





the **CUBE**

Air Tent

Onthou jy die baklei, die vermiste pale, die uur lange opslaan... en die nagmerrie om dit alles in 'n mikrotentsak weg te pak?

Daardie dae is verby.

Die Cube gebruik 'n gepatenteerde swaardiens-lugraam wat in **net 4 minute** opblaas – geen pale, geen moeite, geen oornag afblaas nie. Ruim. Rotsvas. En wanneer een nie genoeg is nie, rits verskeie Cubes saam om jou einddoel glanskamp-ervaring te skep.

Kampeerslimmer.



SAK

Oorgroot drasak maak dit nog makliker om weg te pak



BINNE

10.5 vk meter vloeroppervlakte, 2 m interne hoogte



VERSTERKTE ANKERPUNTE

8 Ankerpunte



TURBO POMP

Blaas die Cube in net 4 minute op



VENTILASIE-OPENINGE

Verminder kondensasie en verbeter lugvloei



WATERDIGTE VERSEËLDE NATE

100% waterdig met 'n 3000 PU waterdigtheidsgradering

EEN KNOP, 4 MINUTE, JY IS KLAAR.



OPBLAASBAAR



WATERDIG



VERPAKTE GROOTTE



5 JAAR WAARBORG



GEWIG

www.cubeairtent.com

E-pos: Hello@cubeairtent.com



OBIQUA DRIFTER 1

OBIQUA CAMPERS

Dié Kaapse abbawavervaardiger het in 2025 sy eerste boswoonwa, die Drifter 2, hier bekend gestel, en vanjaar het die eienaar, André van der Merwe, met sy Drifter 1 kom spog.

Die nuweling is 'n kompakter boswoonwa as die Drifter 2 en sy kombinasie van 'n agterdeur en 'n uitglybed in die regterpaneel is 'n slim uitleg om die meeste te maak van 'n klein boswoonwa se beperkte ruimte.

André verduidelik met die Drifter 1 wou hulle 'n boswoonwa hê wat korter as 4m is (hy's 3,9m lank teenoor die 5,05m van die Drifter 2) wat met sy stoepdak in 'n standaardmotorhuis sal pas en steeds geriewe soos 'n dubbelbed en handewasbak binne het.

Die Drifter 1 se prototipe is op 780kg altesame 220kg ligter as die Drifter 2, maar André sê hy mik om by 650kg uit te kom vir die produksiemodelle sodat 'n BVM van 750kg 'n opsie kan wees vir slepers met kleiner sleepvoertuie. Die standaard-BVM is 1600kg, en saam met die 1,6-tas kan jy lag-lag 820kg in die wa laai.

Die opwasplek is steeds aan die agterkant, maar omdat daar plek gemaak is vir die deur, het die Drifter 1 net een wasbakskottel. Binne-langs het die wa 'n wasbak en plek vir 'n kassettoilet. >



SilverLakes

CARAVANS & TRAILERS

950 Lynnwood Weg* Equestria * Pretoria
012 - 944 1919 * 012 - 807 5651

KARAVANE & SLEEPWAENS * VERKOPE EN VERHURINGS



KARAVANE & SLEEPWAENS
NUUT
&
GEBRUIKTE
Inruil Welkom



Venter

SLEEPWAENS / AL DIE PAD AGTER JOU!

NUUT & GEBRUIKTE
VERKOPE
&
VERHURINGS



Sterk genoeg vir enige vrag!
Koop dit! of Huur dit!

Inruil Welkom

BOKSBURG

Winkel No: 1*Venter Sentrum
h/v. Noord Rand & Rietfontein weg.

011-826 1529

PRETORIA 950 Lynnwood Weg * Equestria* Pretoria **012-8075651**

Standaardtoerusting sluit in die neuskas, 'n 75 l-watertenk, 270°-uitswaaidak, buitestort, yskasglyraam buite met 'n yskas, en die tweeplaatgasstoof. Wat elektriese toerusting betref, kom die wa met 'n 100Ah-litiumbattery, verskeie kragpunte (12V en 220V), DC-DC-laaier én is hy sonkraggereed. Die Drifter 1 gebruik net een gassilinder (5kg). Opsioneel is 'n mikrogolfoond of lugbraaier, 'n tweede 75 l-watertenk, tweede 100Ah-litiumbattery, omskakelaar, lugreëlaar, sonpanele en elektriese opwipdak.

Prys R470 000.

Kontak 📧 info@obiquacampers.co.za

🌐 obiquacampers.co.za ☎ 083 275 7016



OBIQUA DRIFTER 1



BUNDU LODGE

Bundu Lodge kon vanjaar die eerste kers op sy verjaardagkoek hier kom doodblaas nadat die vervaardiger 'n jaar gelede sy buiging kom maak het met sy Rhino 2 en Elephant 4.

Vanjaar was albei terug met 'n paar verbeteringe en ekstra opsies. Die binnekant van die opwipdak het 'n nuwe paneel met 'n veel sjieker afwerking as die ou aluminiumlaag. Boonop help dit om kondensasie teen te werk én demp die klanke van buite. Dit is 'n heuningkoeksamestelling met 'n materiaalafwerking wat 'n mens in 'n hotelsuite verwag.

Eienaars kan ook 'n opslaantafel aan die binnekant van die deur kies. Die deur maak 180° oop as jy wil inklim, wat beteken die tafel gaan in die meeste gevalle buite gebruik word. Dis 'n veel beter idee as 'n wynbottelrak of seilsakke wat vervaardigers gewoonlik hier installeer.

Die standaardmodelle kry 'n losstaande gasstoof, maar jy het nou 'n keuse om 'n permanente een te kies wat op die punt van die ys-vrieskas se glyraam staan. Dis 'n beter opsie as om die stoof op die werkblad vas te sit soos baie vervaardigers. Só kan jy om die stoof beweeg.

Prys Rhino 2 R499 900; Elephant 4 R524 900.

Kontak ☎ 079 842 8400

📧 info@bundu-lodge.co.za

🌐 bundu-lodge.co.za

>



BUNDU LODGE

**OUTDOOR
WAREHOUSE**

vir elke avontuur



TrailBoss Klein Herstelbaanstel

Met die regte toerusting vermy jy nie die uitdaging nie jy ontdek wat volgende wag.



➔ AVONTUUR WORD ONTDEK

Daar buite speel die roete nie altyd mooi nie.
Diep spore, los sand en rivierkruisings is
alles deel van die avontuur.

National Luna 12V 25Amp DC-DC Hulpbatteryboks met
Kabels & Toebehore (Links), **Trailboss** 160L Kompressor
(Middel) en **SnowMaster** 60L SMEX Yskas & Vrieskas (Regs)



OutdoorW



Outdoorwarehouseza

Skakel Ons Tolvry 0800 007 261

GECKO XTREME

Gecko Xtreme het behoorlik geskiedenis gemaak by die skou, want in sy bestaan van bykans 20 jaar is 'n tweede model onthul. Die Gecko Xtreme Max is 'n groter weergawe van die standaard Xtreme-model.

Die standaard Gecko-model lyk op die oog af net soos 'n gewone padwa, maar dis allermens die geval, want agter al die sagte lyne skuil 'n boswoonwa soos min. Die Xtreme was destyds 'n baanbreker in

dié segment van die woonwamark en die handwerk van Keith Teubes wat hulle in Haenertsburg, Limpopo, gebou het.

Ná 221 modelle koop Johan Taljaard, die eienaar van CMC Caravans, die onderneming laat in 2024 en skuif dit Krugersdorp toe waar die 252ste wa pas voltooi is.

Die Max se romp is teen 4,95 m 'n meter langer as die standaardmodel. Die ooglopendste verskil van buite af is die ekstra kas in die buitekombuis wat inpas tussen die ys-vrieskas en die kruidenierskas, met plek vir die gasstoom en mikrogolfoond wat voorheen in die kas hiernaas was.

Die eerste model het 15 duim-wiele, terwyl die Max 17 duim-wiele kry, en die as is opgegradeer van 2 t tot 3 t. Dit beteken 'n grondvryhoogte wat van 50 cm tot 53 cm gelig word; die breedte van die romp is onveranderd (1,94 m) en die spoorwydte op albei is 1,6 m.

Die badkamer is steeds in die stert ingebou – regs van die deur soos jy inklum – maar dis ruimer en die stort het nou 'n deur. Die bed is steeds in die neusgedeelte en die vloer-tot-dakhoogte is gelig van 1,91 m tot 2,04 m.

Die Max kom volledig toegerus met meer as 50 stukke toerusting, waaronder drie 3 kg-gassilinders, 'n gasgeiser, >



GECKO XTREME LIMITED



GECKO XTREME MAX



GECKO XTREME MAX



GECKO XTREME MAX


Met 'auto-engage' tegnologie
om dinge so maklik moontlik te maak

powrtouch


Nou wil tot SY die karavaan parkeer!



Evolution (Enkelas)



Evolution (Dubbelas, 2 Motors)



Evolution (Dubbelas, 4 Motors)

KONTAK ONS
info@powrtouch.co.za
058 821 0189 www.
powrtouch.co.za





ingeboorde stort, kassettoilet, 160ℓ-watertenk met watervlakleser, gly-raam met 90ℓ-yskas, 20ℓ-mikro-golfoond, 9000BTU-omskakelaar-lug-reëlaar, skuiwers en 'n trukamera. Die kragstelsel sluit in 'n 3kW-omskakelaar, twee 380W-sonpanele op die dak en twee 105Ah-litiumbatterye.

Die tarragewig is op 1640kg vasgestel met 'n BVM van 2700kg.

Vir die Xtreme se Limited-variant kry kopers nou ook 'n ekstra keuse vir 'n buitekombuis soos die Max s'n. Daarvoor verander die uitglyraam met die gasstoom en twee skottels op die punt: Die gasstoom staan nou los en die skottel langs die stoom skuif verder weg – en dit het meer werkplek tot gevolg.

Prys Gecko Xtreme Max R997 000; Gecko Xtreme Limited R687 000.

Kontak 082 416 1991 of 063 599 5338

johan@gecko-offroad.co.za

gecko-offroad.co.za

NAYELA

Nayela bou voort op sy aanvanklike Okapi-model met die Oribi as die basismodel, die Okapi self, die Okapi X en dan die Sahara X. Die Oribi was die nuutste byvoeging en bied slaapplek vir vier teenoor die res se twee. Nou kry die Oribi 'n volgende variant by wat weer slaapplek vir twee het en 'n aangepaste binnekant.

Die eienaar, Niel Marais, sê om die twee Oribi-moedele voortaan te onderskei heet die oorspronklike Oribi nou die Oribi IV, en die nuweling die Oribi II.

Die stapelbed agter in die Oribi IV is een van die model se unieke eienskappe – die res het 'n badkamer in die agterkant met 'n toilet en stort. Die Oribi II bied 'n mengsel van die twee: Pleks van die stapelbeddens kry jy 'n toilet en binnewasbak. Albei Oribi-moedele het dieselfde prysetiket.

Prys Oribi II en IV R520 000

Kontak 058 863 1027

info@nayela.co.za



nayela.co.za



NAYELA ORIBI II



Die Overlander-veldkampeerder is spesifiek gebou as 'n luukse, gerieflike kampeerder wat vinnig opstel. Dit het onafhanklike suspensie, wat dit in staat stel om op enige terrein gebruik te word.



BESKIKBAAR IN ENKELAS (500) EN DUBBELAS (590).

Kontakbesonderhede: 021 552 7752 | info@overlander.life | www.overlander.life
Vierdestraat 12, Montague Gardens 7441

www.facebook.com/OverlanderCampers www.instagram.com/overlander_campers

Oranjerus kry nuwe baadjie



Hy wou nog altyd 'n rivierlodge besit, sê Jean Lambrechts van N.C. Famous Lifestyle Lodges wat verlede jaar die eienaar geword het van Oranjerus, 'n bekende kampplek langs die Oranjerivier.

Hy het dié kampplek, 25 km stroomaf van Upington, gesluit en alle infrastruktuur opgeknop – van die krag- tot water- en rioolstelsel. Kampeerders kon van Desember af weer by 'n splinternuwe Oranjerus hulle staan kry.

Oranjerus het al onder verskeie oorstromings deurgeloopt, met onlangse gevalle in 2011, 2021, 2023 en 2025. Vandag, sê Jean, is hulle gerat teen watermassas met keerwalle op 2011 se vloedlyn.

N.C. Famous Lifestyle Lodges is bekend vir sy swierige kampplekke soos Letsatsi op Vanrhynsdorp en Kalahari Lifestyle (sien dié kampbestemming op bl. 36) op Upington. By Oranjerus is dit ook nou die geval, hoewel die plek wel sy eie karakter behou met 'n oord-atmosfeer.

Jean sê dis belangrik dat 'n oord op 'n toeristeroete moet wees. In dié geval is die omgewing op sy eie 'n gewilde bestemming. Tog moet 'n mens nie plaaslike ondersteuners onderskat nie. Hy sê dis nie vreemd dat Upingtonners reeds teen Donderdagaand kom opslaai en Vrydag vir die naweek intrek nie.

Hier is 38 staanplekke waarvan 26 gemeenskaplike badkamers in twee aparte geboue het. Die ander staanplekke is op die oewer en het private geriewe. >



PERFEK VIR AL JOU BERGINGBEHOEFTE



KLEIN
30L - 55cm x 30cm x 23cm

MEDIUM
49L - 64cm x 36cm x 29cm


GROOT
95L - 78cm x 43cm x 34cm



**Inhoud nie ingesluit nie*



Sluitbaar – kan met 'n hangslot toeluit



Rubberseël



Koppelband hou deksel in plek



Gerieflike drahandvatsels



Ronde hoeke



Stapelbaar met verhoogde gedeelte vir stabiliteit



Gemaak van hoë gehalte aluminium materiaal



Liggewig



Waterbestand. Stofbestand. Korrosiebestand.

Nuwe reeks
VAN TENTCO



PERFEKTE GESKENK | DUITSE ONTWERP | KWALITEIT PRODUK

E-POS: info@tentco.co.za
TEL: +27 11 397 6451

GROOTSTE VERVAARDIGER van seiltente in Afrika
www.tentco.co.za

Follow us on



Maak elke avontuur onvergeetlik
met **MEERKAT** premium
kamptoeerusting.

Gehalte wat saam
met jou gaan.



+27(0)82 883 1297 I meerkatoutdoor.com

Volgens Jean is hulle besig met 'n tweede fase van opknappings wat bēregeriewe vir woonwaens insluit. As jy wil kom kamp, laat weet jy net en die oordmense sorg dat jou skoongemaakte woonwa gereed staan op jou staanplek wanneer jy opdaag.


Jean het in die vroeë jare negentig 'n restaurant-franchise begin wat uiteindelik meer as 60 takke gehad het. Teen die begin van die eeu het hy dit verkoop en in die Kalahari belê. Hy boer onder meer met skape, beeste, en wild, en buiten die lodges en kampplek is die bekende Red Ox Steakhouse ook deel van N.C. Famous Lodges.

Prys Afhangend van die staanplek R500 of R800 p.n. vir tot 4 mense.

Kontak 📧 info@oranjerus.com

🌐 ncfamouslodges.com

☎ 082 772 5896



Ford vier Pikkewyndag

Internasionale Pikkewyndag is in April gevier, en op dieselfde dag het Ford Suid-Afrika 'n dubbel-kajuit-Ranger aan die Suider-Afrikaanse Stigting vir die Bewaring van Kusvoëls (Sanccob) oorhandig. Die stigting gaan die 4x4-bakkie in die Oos-Kaap gebruik om pikkewynkuikens en -eiers te red wat deur hulle ouers verwerp word weens voedseltekorte.

Sanccob sê daar is 'n daling in die bevolking Afrika-pikkewyne weens besoedeling en 'n tekort aan vis. Ford is nie net betrokke by die bewaring van pikkewyne nie, maar ook in 29 ander bewaringsinisiatiewe in Suid-Afrika.

Kontak 📧 reception@sanccobb.co.za >





NAYELA PRETORIA

063 720 1919/078 462 304730

SEFAKO MAKGATHO-RYLAAN (Zambezi),
PRETORIA

ALL OUT CARAVAN & LEISURE (CARA-CAMP)

021 852 8215

HAZELDENRYLAAN, SOMERSET-WEST
BESIGHEIDSPARK, SOMERSET-WEST
KAAPSTAD

NORTHERN NATAL 4X4 OUTDOOR CENTRE

034 312 5707

YORKRYLAAN 6, NEW CASTLE

4MATT CAMPERS

021 065 1815

PROTONSINGEL 27
BELLVILLE

LOFTUS KARAVANE

011 792 1456

H/V REPUBLIEK & RABIESTRAAT
FONTAINEBLEAU,
RANDBURG

EASTERN CAPE CARAVANS

041 581 5363

4 DE LAAN 24, WALMAR,
PORT ELIZABETH

NAYELA

CARAVANS

okapi

okapiX

Saharax

Onbi

Mahem
NAYELA

BATELEUR



nayela.co.za



058 863 1027



sales@nayela.co.za



Nayela

Chery belê in SA

Sommige Jetour-modelle gaan voortaan in Suid-Afrika vervaardig word. Jetour is 'n dogtermaatskappy van die Chinese motorvervaardiger Chery, wat onlangs Nissan se aanleg in Rosslyn, Pretoria, oorgekoop het om 'n plaaslike vervaardiger te wees eerder as 'n invoerder. Chery sê die aanleg sal van vroeg volgende jaar af 3 000 nuwe werkgeleenthede skep. Die mikpunt is om 50 000 voertuie per jaar hier te vervaardig.

Chery sê in die 18 maande sedert Jetour na Suid-Afrika gebring is, het hy vier modelle met binnebrandenjins en twee met elektriese aandrywing bekend gestel. Veral sy T-reeks is gewind onder plaaslike klante – altesame 4 500 eenhede van die Jetour T1 en T2 is al verkoop.



Hyundai ondersteun gholf



Stanley Anderson, uitvoerende hoof van Hyundai Suid-Afrika, het twee blinknuwe motors aan twee plaaslike gholfspelers oorhandig wat hulle vir vanjaar se Soudkynreks kan gebruik.

Herman Loubser het 'n Hyundai Creta ontvang om van die een toernooi na die ander te reis, terwyl M.J. Viljoen 'n Hyundai Tucson gekry het.

Die 27-jarige Loubser beklee tans die 489ste posisie op die wêreldranglys en 'n blink toekoms word vir hom voorspel. Viljoen (31) het sy stempel veral in vanjaar se SDC Ope-toernooi afgedruk waar hy met meer as 300 plekke geklim het om hom onder die wêreld se voorste 470 spelers te vestig.

Hyundai Suid-Afrika sê hy ondersteun plaaslike gholf en is daarom 'n amptelike borg van die 2026 Soudkynreks en belowende Suid-Afrikaanse spelers.



NG'OMBE Off-roader
 Beskikbaar in 5.2* | 5.7
 Solied of opslaan dak*
 SLAAP 2 - 4



DIEP SPOOR Off-roader
 Beskikbaar in solied of opslaan dak
 SLAAP 2



ELXV
 ELITE LUXURY OFF-ROAD VEHICLES



Gaan verder, leef
 groter - in absolute
 styl en gemak.

ELXV Wes-Kaap Vertoonlokaal is NOU OOP in Stikland, Bellville!

www.elxv.co.za | info@elxv



Kamp-kamp Kgalagadi toe

Die reguit stuk pad tussen Upington en Askham kan voel soos die laaste ding wat 'n mens nodig het wanneer jy op pad is Kgalagadi toe. Maar dit hoef nie so te wees nie.

Teks en foto's **Leon Botha**

Een van die dinge wat dit so lekker maak om in die Kgalagadi te kamp is die feit dat jy met 'n sedanmotor hier kan uitkom. Maar dit beteken ook dat daardie doodvervelige en laaste vlaktes van die R360 tot hier voel of dit nie gaan einde kry nie.

Die alternatief is die R31 tussen Van Zylsrus en Askham, maar die bedenklike 150 km lange grondpad gaan jou spoed breek. Die gewildste toegang tot die Kga-

lagadi is dus uit Upington se rigting. Dis 'n gawe teerpad van 250 km, maar teen dié tyd is jy al óp gery.

Dit maak sin om eerder vinnig op Upington af te saal en die pad die volgende oggend vars aan te durf, andersins kan jy deurdruk en ná 180 km by 'n paar kampplekke aftrek. Jy is dan net 'n uur se ry van jou bestemming af, wat beteken jy kan die volgende oggend fris en vars deur die Kgalagadi se hek ry.

As jy besluit om te oornag, is hier twee kampplekke op Upington wat nommerpas is vir jou behoeftes. Die Kalahari Lifestyle-lodge is 'n vyfsterkampplek op die dorp met van die beste geriewe wat ons al teëgekom het. Die hek is teen die N14 wat tussen Johannesburg en Springbok loop, wat beteken jy ry met die grootpad tót by jou bestemming.

Kambiki is 'n nuwe kampplek met private staanplekke wat jy deur 'n ring kan



trek. Die afdraai daarvoor is 6 km voor Upton as jy uit Johannesburg se rigting aankom.

As jy vasbyt en die R360 agter die rug kry, kan jy jou tuismaak by Dregghorn. Dis 30 km anderkant Askham, en hier slaan jy jou tentpenne in die omgewing se kenmerkende rooi sand in. Elkeen van die vier staanplekke het private geriewe waar 'n mens somer bederf voel wanneer jy die vars Kalaharilug tot diep in jou longe intrek.

Dis dalk vervelig, maar die 173 km tussen Upton en Askham gee jou die geleentheid om te akklimatiseer voor jy die Kalahari binnery.

Eienaardig genoeg sien 'n mens selfs waarskuwingstekens vir fietse op dié lang pad... die laaste soort verkeer wat 'n mens hier verwag. Ander borde waarsku teen vinnige verkeer met motors wat tot 250 km/h ry. Dis omdat sommige motorvervaardigers glo 'n deel van die R360 gebruik om te kyk hoe hulle voertuie in hoë temperature én teen hoë snelhede vaar.

Hoe vinnig jy ook al met die R360

wil afreken, begroot vir 'n paar ekstra minute en kyk mooi, want 13 km anderkant Askham, waar jy 'n laaste keer afdraai na die Kgalagadi, staan verskeie Koisan-mense langs die pad wat hulle handewerk verkoop. Dis net die aandening wat 'n mens graag huis toe neem as 'n Kalahari-herinnering.


Ons ontmoet vir Dawid Gooi 'n paar honderd meter anderkant die ingang van die Molopo Kalahari-lodge. Dawid staan skouerhoog en lyk blakend gesond in sy velbroekie, al het hy 'n plooi of twee bygekry sedert ons hom laas gesien het.

Twaalf jaar gelede het ons paaie hier met Dawid s'n gekruis. Hy het destyds vertel hy is familie van Dawid Kruiper wat bekend geword het ná Jamie Uys se *God's Must Be Crazy*-rolprente.

Hy verduidelik sy handgemaakte ornament in die vorm van 'n hartjie bestaan uit wildelemoending, en die hangversiersel uit driendoringbossie, kameeldoring, ystervarkpenne, wilde-waatlemoensaad en klein krale wat van volstruiseierdop gemaak is. Ons kry ietsie vir die mense by die huis en groet Dawid tot 'n volgende keer.



WELKOME GESIG. As jy die boonste bordjie sien, lê die grootste skof op pad na die Kgalagadi agter jou. Dis soos die Kalahari se voordeur; die rooi sand – nou langs jou – is 'n algemene gesig.



DREGHORN

'n Skot tussen die rooi duine

'n Skot is die laaste ding wat 'n mens in dié deel van die wêreld verwag, maar die naam "Dreghorn" is inderdaad so Skots as kan kom. Die landmeter Rodger "Malkop" Duke Jackson, wat in Suid-Afrika gebore is maar van Skotse herkoms was, het plase in die omgewing uitgemeet, en dit was glo algemene gebruik om sommer ook name te gee.

Dit is Jackson wat aan Askham sy naam gegee het: Party meen dit verwys na Askam in Engeland en ander dink weer dis 'n verbuiging van "ask ham".

Die Engelse het 'n spoor in die omgewing agtergelaat. Suid-Afrika was tot 'n eeu gelede onder Britse beheer, en Botswana het eers in 1966 onafhanklikheid verkry.

Die laaste 12 km ry jy op die naat tussen dié twee lande, en die afdraai is net voor die Gemsbok-grenspos regs. Vanaand slaan jy kamp op skaars 'n kilometer van die grens af.

Dreghorn se afdraai is duidelik gemerk en die geboue doer voor jou op die rantjie is die plaashuis waar Hercules du Preez jou inwag.

Hy stel jou voor aan Luna, die wakker skaaphond: "Ontmoet jou nuwe kampvriend," sê hy en voeg by Luna sal waarskynlik die nag in die kampplek wees. Gaste is welkom om 'n beentjie te gee.

Hercules herinner jou aan die skerpione snags. Jy moet maar mooi kyk waar jy trap, veral ná tienuur saans en as die windjie opsteek. Hier is ook pofadders en geelslange, maar Hercules stel jou gerus hulle het nie vandag enige spore gesien nie.

Hercules ry voor met Luna op sy spoor en maak 'n plaashek 300 m verder oop. Hier laat jy die plaasbedrywighede agter en ry die Kalahari binne. Die rooi sandpad tussen die gras deur is lekker vasgetrap.

Ná 200 m ry jy oor 'n knik, en dan verskyn die kampplek voor jou in 'n kom. Twee van die staanplekke is links, ongeveer 30 m uitmekaar, terwyl die ander twee regs van jou en meer afgesonder is.

Hercules kies links en hou stil langs 'n klompie kameeldoringbome met 'n gebou agter dit. Hy wys na die grasbegroeide duin 'n ent verder en stel voor 'n mens gaan sit teen skemer bo-op die duin met sy uitsig oor 'n watergat.

“



Ná 200 m ry jy oor 'n knik, en dan verskyn die kampplek voor jou in 'n kom.

”



DIE BOOM DRA DIE KROON. Kameeldorings is algemeen in dié wêreld, en by Dreghorn slaan jy ook kamp op onder hulle. Moenie skrik as jy laatnag iets hoor val op jou slaapvoertuig as jy onder die bome parkeer nie. Dis die boom se peule.





Kortliks | Dreghorn



Kampplek 4 private staanplekke op Kalaharisand met kameeldorings wat sorg vir koelte. Hier is 'n vuurput, maar geen rooster nie.

Ablusiegeriewe Jou eie. 'n Oop en onderdakstoep as kombuis met 'n aparte toilet en badkamer. 'n Gasgeiser verhit die water.

Prys R600 p.n. vir die eerste 2 mense, daarna R100 p.p. Hoogstens 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00, maar buigsaam in stiller tye.

Kontak ☎ 060 578 6095

✉ info@dreghornfarm.co.za

🌐 dreghornfarm.co.za

Naaste dorp Askham 32 km.

Hoe lyk die pad? 14 km grondpad waarvan die laaste kilometer of wat 'n plaaspad is met 'n kort stuk sand tot in die kampplek. Dis vasgetrap en jy gaan nie viertrek nodig kry nie.

GPS S26.860563 E20.785350

Ry & Sleep sê Die selfoonsein is erg wisselvallig – moet eerder nie daarop staatmaak nie.

Jy slaan natuurlik op die rooi sand kamp op, maar dis ook lekker vasgetrap. Die gebou langs aan het 'n oop onderdakstoep met wasbakke en rakke teen die muur. Die deur regs maak oop na jou badkamer en die toilet is aan die kopkant links. Dit is ook waar die 12V-battery staan – die meter teen die muur agter dit lees 292 Ah. 'n Kragkabel loop van hier af deur die muur tot onder die wasbak en het 'n Brad Harrison-prop as jy dalk jou kampyskas aan die gang wil hou. Andersins is hier geen krag nie, maar langs die meter is ook twee USB-sokke.

Die wasbak is voor jou soos jy die badkamerdeur oopmaak met 'n spieël daaragter. 'n Gasgeiser sorg vir warm water. Die kophoogte muur regs van jou bestaan uit vuigrooite klippe wat tussen draadgaas gestapel is. Die stort is links afgeskort met 'n muur sonder 'n deur.

Nog 'n klipmuur vorm 'n skans langs jou staanplek sodat jy meer privaatheid >

KAMPBESTEMMING


het. Jy is darem nie ingehok nie en die meeste van die natuur is nog sigbaar.

In die middel van die kampkom is 'n vierkantige muur rondom 'n vuurput. Dis 'n lekker kuierplek vir 'n groep. Die vuurput op jou staanplek is in die vorm van 'n sleutelgat.

Soos die son water trek, loop 'n enorme duisendpoot verby en twee ratse koggelmanders skarrel weg in die gras. Cherize van Zyl, by wie jy bespreek het, kom teen 16:00 aangery en hoor of alles nog agtermekaar is. Sy gee 'n skinkbord aan met 'n potbrood, botter en tuisgemaakte appelkooskonfyt daarop. Jy sal terugkom vir nóg van dié heerlike potbrood.

Jy moet oor die duin by die verste staanplek links draai om uit die kampplek te ry. As jy voor dit stilhou, sal jy 4x4 moet inhaak, want dit het 'n effense skuinste, en met 'n gewig op die haak gaan die wiele wil grawe. Jy kan gelukkig 'n lang draai voor die duin maak, verby van die ander staanplekke, en dan met 'n bietjie momentum oor ry. Met gewone tweewielaandrywing kom 'n mens maklik reg.

Aan die ander kant van die duin, sowat 120m van die punt af waar jy oor hom ry, staan 'n paar huisies as jy eerder nie wil kamp nie. Die swembad is ook hier.



AMPER SONDER KRAG. Hier is nie 220V-krag nie, maar 'n sonkragstelsel met 'n battery – selfs met 'n Brad Harrison-sok – ingeval jou kampsys 'n hupstoot kort.



KAMBIKI

So nuut as kan kom

Dit gebeur nie te dikwels dat 'n mens by 'n kampplek opdaag en die heel eerste een is wat jou op 'n staanplek tuismaak nie.

By Kambiki staan vier nuwe geboue in 'n ry – dit is die private badkamers vir agt staanplekke. Tussen die badkamergeboue is 'n netjiese blok fyn gruis waarop twee voertuie maklik langs mekaar sal pas, en tussen die tweede en derde gebou staan 'n groot koelteboom.

Die res is oop in die son, maar gelukkig is 'n deel van jou gebou 'n onderdakstoep met 'n tafel en stoele wat jy as 'n oop eetkamer kan gebruik. Dis ook waar die skottelgoedwasbak staan – jy kan dié deel tydelik as jou kampkombuis inrig. Hier is 'n dubbelprop teen die muur vir krag, maar daar is ook 'n kragpunt aan die agterkant van die gebou. (Kambiki sorg self vir krag en is nie aan Eskom se netwerk gekoppel nie.)

Daar is reeds 'n netjiese grasperk rondom die eerste twee staanplekke, maar waar presies jy met jou wa intrek, kan jy besluit sodra jy weet waar jy moet inpas.

Die heiningdraad loop agter die geboue verby, wat beteken jy kan nie deurry nie. Jy sal noodwendig jou wa moet terugstoot tot op sy plek as jy langs jou gebou wil intrek. Natuurlik is dit nie 'n probleem as jou wa met skuiwers toegerus is nie.

Omdat jou woonwa se buitekombuis aan die linkerkant is, sal jy by die helfte van die staanplekke moet terugstoot en by die ander neus eerste in om jou kombuis langs die gebou te kry. Uiteraard is jy met 'n tent nie beperk nie, en met 'n boswa tot 'n mindere mate. Jy kan ook aan die kopkant van jou staanplek jou wa haaks met die gebou trek – dit laat dan oop ruimte op die gruisblad waar jy die vuur kan aansteek vir 'n gesellige kamphoekie.

Langs die kombuis is twee deure langs mekaar: Die een maak oop na jou badkamer en die ander een na die toilet met sy eie handewasbak. Soos ons genoem het, is die geriewe splinternuut. Die stortvertrek is ruim en byna soos 'n gesinsbadkamer. Hierbinne is meer as genoeg neersitplek op die tafel langs die wasbak en die bankie by die stort. Die glasstorthokkie self is in die oorstaande hoek soos jy die deur oopmaak. >





“

Net anderkant die heining loop 'n deel van 'n 26 km lange kanaal verby jou...

”



Kortliks | Kambiki



Kampplek 12 staanplekke elk met private geriewe: 4 se badkamer is in een gebou 'n entjie van jou staanplek af, en 8 s'n langs jou staanplek (dit sluit 'n kombuis met tafel en stoele in). Wifi is beskikbaar by die kantoor.

Ablusiegeriewe Jou eie waarvan 8 splinternuut is.

Prys Afhangend van jou staanplek R400 p.d of R600 p.d. vir tot 4 mense.

Aankoms- en vertrektyd Buigsam, maar jy moet teen 12:00 in die pad val.

Kontak 082 334 2243

✉ desert4x4@upington.co.za

📍 Kambiki Farm Camping

Naaste dorp Upington 12 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot by die hek en netjiese grondpad in die kampplek.

GPS S28.420238 E21.361783

Ry & Sleep sê Die eienaars, Marietjie en Walt van der Walt, ontmoet jou by die hek en ry vooruit om te wys watter staanplek aan jou toegewys is.





Die braaiers is los vellings op pote – party met swaairoosters. Hulle is stewig en iemand gaan jou moet help as daar nie een op jou staanplek is nie en jy een wil nader dra.

Net anderkant die heining loop 'n deel van 'n 26 km lange kanaal verby jou, met die Oranjerivier self skaars 700 m weg.

Kambiki se hek is teen die pad en die kantoor direk voor jou as jy intrek. Afhangend waar jy kamp, hou jy links of regs van die gebou.

Die nuwe staanplekke is 100 m verder af teen die bultjie regs; vir die staanplekke wat al 'n jaar hier is, hou jy links. Dié staanplekke het ook hulle eie badkamers, maar dis in een gebou ongeveer 40 m van die staanplekke af. Jy het 'n vertrek met 'n stort en handewasbak en 'n aparte toilet.

Die vier staanplekke is in 'n ry onder koeltebome op 'n netjiese grasperk, en elkeen het 'n kragpunt.

Die parkie is agter die ontvangskantoor. Hier is 'n klein ronde plonspoel met 'n deursnee van ongeveer 4 m met sy bokant omtrent skouerhoog. Binne-in is sitplek – jy klim met 'n spiraaltrap tot op 'n klein platform voor jy kan inklim.

Hier staan ook 'n paar swaaie en 'n klouterraam, en die grond is bedek met dieselfde soort gruis as dié langs jou private badkamergebou.

Van hier bo af het jy 'n mooi uitsig oor die kampplek, veral na die weste waar die son sak. Jy sien selfs die 205 m hoë toring van die Khi Solar One-sonkragaanleg anderkant Upington, wat 'n goeie 30 km weg is.

NET JOUNE. AI is hier twee groepe staanplekke, kry jy steeds jou eie badkamer. Die een groep se vier badkamers is in een gebou ongeveer 40 m weg, en die ander s'n is langs die staanplekke.



“

Hierdie soort kampplek ken byna nie sy gelyke in Suid-Afrika nie, veral as jy kyk na al die geriewe op jou staanplek.

”



KALAHARI LIFESTYLE-LODGE

Die kat se snor

Kalahari Lifestyle-lodge is deel van N.C. Famous Lifestyle Lodges, en Molopo Kalahari-lodge waar ons vir Dawid dus-kant Askham ontmoet het, is deel van dié groep. (Sien ons Mei 2020-uitgawe vir meer besonderhede oor die kampplek.)

Hierdie soort kampplek ken byna nie sy gelyke in Suid-Afrika nie, veral as jy kyk na al die geriewe op jou staanplek.

Wanneer jy by die hek inry, is dit duidelik die oordmense dra slepers se belange op die hart. Hier staan 'n bordjie wat wys in watter rigting woonwaslepers moet hou, en soos jy ingery kom, stap die ontvangsdame uit om te wys waar jy met jou sleepkombinasie moet stilhou.

Jy is nou op Upington, en die pynlik netjiese en lieflike tuin slaan omtrent die asem weg. Hier is selfs 'n klompie springbokke wat onverstoord voortwei.

Twee ou Vespa-bromponies is deel van die kantoormeubels langs die moderne

gebou se vloer-tot-dak-vensters, en Cora Venter wys jou presies watter pad jy moet volg tot by jou staanplek.

Intussen kry jy ook twee bewyse: die een is vir 'n gratis Ierse koffie by die Red Ox-restaurant op die dorp, en die ander een vir 'n gratis ontbyt by die Silver Spoon Bistro hier in die oord. Al vertrek jy die volgende oggend donnerdag, is jy nie jou gratis ontbyt kwyt nie. Dan kry jy die vorige aand 'n kospakkie vir die langpad Kgalagadi of huis toe.

Ook op die spyskaart is 'n braaibroodjie wat op jou staanplek afgelewer word, én jy kry 'n sakkie met 'n Ouma-beskuit, suiker, kitskoffie, tee en koffieroom plus 'n botteltjie fonteinwater om saam te neem na jou staanplek toe.

Jy moet nogal kophou, want jy kan net van 'n sekere kant af op jou staanplek intrek. Op die pamflet in die kantoor wat wys hoe die staanplekke uitgelê is, word die roete tot by die verskillende

staanplekke met pyltjies aangedui.

Soos jy die kampgedeelte binnery, wink Fransiena Koper jou nader. Hier is ses geboue en twee rye vir die 12 staanplekke. Die tuin tot hier lyk of dit die werk van 'n landskapargitek is – 'n mens voel byna te jammer vir die lowergroen gras langs die gebou waarop jy moet intrek.


'n Lae wit paaltjiesheining skei jou en die kampeerders langsaan, en die regterkante van jou en jou bure se waens wys na mekaar. Jy is dus privaat genoeg, want jou buitekombuis maak oop na jou kant se deel van jou badkamergebou.

Jy kan vir weke aaneen hier kamp as jy wil, maar dis meer bedoel vir oornagstaan. Niks keer jou natuurlik om 'n dag of drie langer te bly en Upington te verken nie.

Dis amper nie nodig om af te haak nie; jy hoef nie eens die stoepdak uit te swaai nie, want dit wat jy nodig het, is reeds in die gebou langs jou staanplek. >




ENE BEDERF. Jy bring jou slaapplek en Kalahari Lifestyle-lodge sorg vir die res: jou eie badkamer, eie kombuis en eie braaiplek. Intussen lyk die tuin rondom jou soos iets uit 'n ontwerpershandboek. Hier is selfs 'n groepie springbokke wat kort-kort hulle verskyning maak.




“

Hier is drie swembaddens:
Die een is regoor die groot skaakstel
soos jy na die kampgedeelte ry.

”



TAP KRAG. Die kragpunt is op die hoek van jou badkamergebou reg waar jou woonwa staan.





Kortliks | Kalahari Lifestyle-lodge



Kampplek 12 hiperluukse en private staanplekke op die mooiste gras met al die denkbare geriewe wat wissel van 'n moderne badkamer tot 'n toegeruste kombuis.

Ablusiegeriewe Jou eie, wat jy enige dag met dié van 'n hotel kan vergelyk.

Prys R900 p.n. vir die eerste 4, daarna R300 p.p. Hoogstens 6 mense per staanplek word toegelaat.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 054 333 1126

info@klodge.co.za ncfamouslodges.com/kalahari-lifestyle-camping/

Naaste dorp In Upington.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S28.437461 E21.281861

Ry & Sleep sê Die kampplek is teen die hoofweg en soms kan 'n vragmotor verbyrammel, maar dis 'n klein prys vir dit wat jy as kampeerder by die oord kry.



Net soos die tuin die handwerk van 'n ontwerper moet wees, geld dieselfde vir die geboue op die staanplekke. Jy kry die gevoel van hipernetjiese en moderne wonings in 'n veiligheidskompleks.

Hier is 'n oop onderdakombuis met 'n tafel en stoeltjies, enorme werkblaaie met 'n induksieplaat, vleisbak, mikrogolfoond, glase, borde, 'n ysbak, elektriese ketel, eetgerei, 'n kastrol, prutpot, staanyskas, TV-skerm en 'n ingeboude braaiplek. 'n Handrooster wat netjies toegemaak is in 'n deurskynende plastieksak is die kersie op die koek. Daarin kry jy ook 'n braaitang, vuurhoutjies en aanstekers.

Bo die vuurmaakplek is 'n kruis en 'n regmerk. Jy maak vuur regs, onder die regmerk, en krap dan die kole na links waar jy braai, want hier is 'n lig wat mooi netjies op jou rooster skyn.

Die opwasgedeelte is eenkant, en 'n volgende deur gee jou toegang tot jou

badkamer. Dit voel of jy die geriewe van 'n hotel binnestap met die groot oop stort agter 'n ewe groot glaspaneel. Hier is ook 'n moderne wasbak en 'n spieël teen die muur, plus 'n ondeursigtige glasdeur in die sykant van die vertrek. Dit maak oop in die buitestort en jy kry die idee jy staan in 'n hoë sinkdrom. Al kamp jy dus so luuks as kan kom, kan jy onder die blou hemel stort, asof jy in die bos staan.

Hier is kragpunte in die kombuis, maar ook kragpunte by die hoekpilaar van jou staanplek met driepunt- én Fredlin-sokke.

Die twee staanplekke op die verste punte van die twee rye word uitgehou vir mense met daktente en ryhuise.

Hier is drie swembaddens: Die een is regoor die groot skaakstel soos jy na die kampgedeelte ry, 'n ander een op die verste punt by die gimnasium, en een tussen die villas – kampeerdere mag ook hier afkoel.

Volg die Vis tot by die see


Jy ken die Visrivier en sy canyon wat deur die Namibwoestyn kronkel, maar Suid-Afrika se Groot-Visrivier is... wel, 'n vis van 'n heel ander kleur.

Teks en foto's **Cyril Klopper**

Op hierdie toer is daar veral drie besienswaardighede waarna jy kan uitsien. Die eerste is die Slagtersnekpas, gevolg deur die Groot-Visrivier-natuurreservaat en uiteindelik die Coombs-pad naby die kus. Daar is ook geskiedkundige attraksies langs die Groot-Visrivier, 'n ooraanbod grondpadbergpasse en, natuurlik, gawe hengelwaters. Gordel vas en ry saam.

Jy spring weg halfpad tussen Graaff-Reinet en Cradock (deesdae Nxuba) op die R61-streekpad, by 'n 20m lange brug oor die Groot-Visrivier. Die GPS-koördinaat is S32.00323 E25.13844. Die stroom is skaars 'n meter breed en die water enkeldiep. Ons het nie vis hier gesien nie, maar indien daar is, is hulle waarskynlik niks groter as die piepklein Oos-Kaapse rooivlerkie (*Pseudobarbus afer*) nie.

Die Groot-Vis se bron is eintlik 31 km hiervandaan op 'n plaas diep in die golvende heuwels. Volg die R61-teerpad van die brug af in die rigting van Cradock en draai ná 3 km regs by die padpredikant vir Kwaggashoek. Volg nou die grondpad vir 17 km oor die Beletskloofpas tot by 'n plaashek by S32.10484 E25.05816 – die Groot-Visrivier se bloop lê net 200 m agter die hek. >



“

Nou dat jy weet waar die Groot-Vis min of meer begin, is dit tyd om om te draai en hom al die pad see toe te volg.

”




Ons het toevallig die boer van die betrokke plaas naby sy hek raakgeloop. Hy het aangebied om ons tot by die bron van die Groot-Vis te neem nadat hy sy werkers afgelaai het, maar hy sien egter nie kans vir 'n toeloop van besoekers nie en daarom verkies hy dat ons nie sy naam óf dié van sy plaas noem nie. Sien dus liefies die plaashek as die Groot-Visrivier se beginpunt.

Nou dat jy weet waar die Groot-Vis min of meer begin, is dit tyd om om te draai en hom al die pad see toe te volg. Ry wéér oor Beletskloofpas, draai regs op die R61 en volg die teerpad tot op Cradock. (Dis opvallend dat nie 'n enkele mens met wie ons gesels het, ongeag hulle etnisiteit, die nuwe naam gebruik het nie.)


Die dorp is in 1814 geproklameer en die eerste erwe in 1818 verkoop sonder dat

daar enige strate uitgelê is. Die dorp het organies gegroei, en die eerste 30 huise het rond en bont gestaan. Eers toe die NG kerk se hoeksteen in 1824 gelê is, is meer orde geskep.

Die einste NG kerk is juis een van die drie belangrikste besienswaardighede hier. Die ander twee is die Groot-Vis-riviermuseum en die Schreiner-huis. Die dorp se kulturele geskiedenis is in die



STROOM. Die Groot-Visrivier se bolloop (onder en regs) is maar net een meter breed en skaars enkeldiep. By die uitmonding in die see is die rivier heelwat breër, ondanks die feit dat 'n groot deel van sy waters halfpad aan besproeiing afgestaan is.



museum te sien – dit sluit foto's in van sy vernaamste boorlinge soos T.O. Honiball, wat die strokiesprente Oom Kaspaas en Adoons-hulle geskep het, en die skrywer en digter George Weideman. Hier is ook 'n gallery vir die Cradock-vier. Dié vier anti-apartheidaktiviste is in 1985 deur lede van die veiligheidsmagte vermoor en dit word beskou as een van die groot redes wat gelei het tot die afskaffing van

apartheid. Die museum is weekdae oop van 09:00 tot 15:00, en hoewel toegang gratis is, sal 'n donasie waardeur word.

Die Schreiner-huis in Kruisstraat 9 is die skrywer Olive Schreiner se grootwoordplek. Sy was 12 jaar oud toe sy en twee van haar sibbe, Will (15) en Ettie (17), hier by hulle ouboet, Theo (23), ingetrek het. Olive sou later op plase in die omgewing werk as goewernante en haar boek

The Story of an African Farm voltooi.

Ry met Kerkstraat uit Cradock en dan met die Gilfillanbrug oor die Groot-Visrivier. Die brug is genoem na William Gilfillan, 'n 1820 Britse setlaar (lees op bl. 53 meer oor die Britse setlaars). Gilfillan het in 1812 as 'n 16-jarige vaandrig in die Britse leër hier aangeland en hom in 1820 as 'n jong luitenant op halwe salaris voltyds hier kom setel. >

Draai kort ná die Gilfillan-brug links op die R390-streekpad. Die eerste deel van die pad is geteer, maar jy koes behoorlik hier vir die slaggate. Genadiglik word dit 13 km later 'n gawe grondpad wat die Groot-Visrivier verby verskeie plase volg. Draai 40 km ná die Gilfillan-brug regs op die besige N10-snelweg, waar jy ná minder as 5 km weer regs draai wanneer jy 'n padteken vir Dassiedeur teëkom.

Jy ry nou op 'n spesiale pad met 'n hele paar geskiedkunde besienswaardighede wat vorentoe wag. Volg die breë grondpad vir 2,8 km tot by 'n plaashek en ry dan by S32.46991 E25.76976 oor 'n aktiewe treinspoor (kyk mooi!), gevolg deur 'n tweede plaashek aan die ander kant van die spoorlyn. Onthou om die hekke te los soos jy dit gekry het.

Ry oor 'n laagwaterbrug om die Groot-Visrivier oor te steek en volg 'n tweespoorpad teen 'n vlak bergpas uit. Die Dassiedeurtonnel wag 9 km nadat jy van die N10 afgedraai het vir jou by S32.50303 E25.74697. Dié tonnel van 271 m is in 1879 gebou. Die treinspoor wat jy 'n rukkie gelede oorgesteek het, het oorspronklik hierlangs geloop, maar die laaste trein se stoom het in 1957 uit die tonnel gedwarrel. Die spoor is sedertdien gelig en verskuif tot waar hy nou lê, en die goeie nuus is dat jy deesdae met jou bosbakkie deur die treintonnel kan ry.

Die grondpad loop hiervandaan teen die berg af tot by die nuwe treinspoor. Die laaste stuk van die pad was met ons besoek versper deur 'n groot hoop klippe wat duidelik kort tevore gepak is, want daar was geen onkruid te bespeur nie. Later sou ons hoor heelparty paaie in die omgewing is gesluit in die stryd teen beken-klouseer. As die pad steeds gesluit is teen die tyd dat jy die omgewing besoek, sal jy, nes ons, moet omdraai en terugry na die N10, maar 'n besoek aan die tonnel is beslis die moeite werd.


Die grondpad, wanneer dit eindag weer oop is, loop van hier af verby die Elandsdriftdam wat in 1973 voltooi is. Dié besproeiingsdam hou 9 740 kubieke meter water agter 'n betonwal van 26 m hoog en voed 'n kanaalstelsel uit die Groot-Visrivier.

Skaars 3 km van die damwal af is 'n padpredikant vir Witmos. Draai hier regs en ry 7 km tot by die Witmos-ossewakamp, jou slaapplek vir die aand. Dié unieke kampplek lê in die Witmoskloof en jy slaap in 'n gerestoureerde >

“

Jy ry nou op 'n spesiale pad met 'n hele paar geskiedkunde besienswaardighede wat vorentoe wag.

”





ERFENIS. Die Groot-Visriviermuseum (links) huisves die kulturele geskiedenis van Cradock, en die Schreiner-huis (regs bo) bewaar persoonlike items en al die boeke wat deur Olive Schreiner geskryf is. Toegang tot die museum is gratis, maar die Schreiner-huis is gesluit tot verdere kennisgewing.



Die 1820 Britse setlaars

Die Britse regering het sy hande vol gehad ná die Napoleontiese oorloë. Nie net was derduisende van sy burgers werkloos nie, maar die oostelike grens van sy Kaapse kolonie in Afrika is deur Xhosas bedreig.

Brittanje het besluit om sy kreperende massas na die Oos-Kaap te verskeep om sodoende twee vlieë met een klap te slaan. Die setlaars kon die grens beskerm teen inheemse volke én die Engelse taal heersend maak in die kolonie, bó Afrikaans.

Nagenoeg 90 000 Britte het terstond hand opgesteek, maar net 19 000 is aanvanklik goedgekeur. Van daardie 19 000 kon slegs 4 000 Kaap toe gestuur word weens finansiële beperkings. Die meeste "gelukkige" setlaars het hulle in die omgewing van die hedendaagse Bathurst gevestig, maar hulle was nie almal wafferse boere nie en heelparty setlaars het die handdoek ingegooi en eerder na nedersettings soos Grahamstad en Oos-Londen getrek om hulle ou ambagte te beoefen.

Sommige Britse setlaars is verkeerdelik by Saldanha afgelaai vanwaar hulle na Namakwaland vervoer is. Gesinne soos die Stone- en Archer-families is derhalwe geskei van ander Engelssprekendes en hulle enigste kans op oorlewing was om te integreer met die Afrikaanssprekende gemeenskap rondom hulle. Hierdie misplaaste setlaars het boonop later as Boerekrygers teen Brittanje geveg! Jy kan meer te wete kom oor hierdie "Engelse boere" in die boek *Die Stones van Namakwaland* (H. Stone, 2018, Biedendell-uitgewers, Pretoria).



200 jaar oue ossewa. Hier is sewe van hulle en elkeen het 'n koningsgrootte matras. 'n Wa kos R1150 p.n. vir twee mense, maar Anton en Katrina Nel, jou gasheer en gasvrou, sal jou met graagte toelaat om in jou eie daktent of boswa te kamp teen R150 p.p.p.n. Ons raai jou egter aan om in een van die waens te oornag vir 'n eiesoortige ervaring. Witmos lê aan die voet van die Tarka-Botha-pas by S32.54205 E25.67140.

Vanaand braai jy 'n vleisie onder 'n sterredak voordat jy inkrui. Môre lê 'n lang pad voor. Lekker slaap.

Moenie té laat lê nie, want daar lê vandag baie ryery voor, tensy jy die roete in drie wil opdeel eerder as in twee, soos ons. Dan het ons vir jou 'n voorstel vir 'n driedagroete...

Ry terug soos jy hierheen gekom het, maar pleks daarvan dat jy links draai na die Elandsdriftdam toe (wat jy gister besoek het), draai jy nou regs op 'n grondpad in die rigting van Kookhuis. Jy steek die Groot-Vis en sy sytakke herhaaldelik oor met 'n verskeidenheid van ou klipbrûe en nuwe betonbrûe totdat jy die Slagtersnekpas aantref – die pas is by S32.68791 E25.82706.

Slagtersnek het sy naam gekry ná 'n tragiese voorval in 1816 hier naby. Frederik Bezuidenhout was 'n boer wat in 1815 voor die hof gedaag is op 'n aanklag dat hy 'n werker mishandel het. Bezuidenhout het die hofbevel verontagsaam en in 'n nabye grot gaan wegkruip, waar hy later in 'n skietgeveg met Britse soldate betrokke was en uiteindelik noodlottig gewond is.

Frederik se broer, Johannes Bezuidenhout, het wraak gesweer en saam met talle ander boere in opstand gekom teen die Britse owerheid. Die rebelle is met tertyd vasgekeer en in hegtenis geneem, maar Johannes het, nes sy broer, in 'n skermutseling gesneuwel.

Later is vyf van die rebelle wat hulle vrywillig oorgegee het, die doodstraf opgelê en op 9 Maart 1816 tereggestel. Vier van die galg se toue het egter gebreek en die vier gewurgde oorlewendes is 'n tweede keer gehang – ten gedwonge aanskoue van hulle vroue en kinders.

Die gruwelike teregstelling sou een van die vernaamste redes wees vir die Groot Trek.

As die Slagtersnekpas dalk gesluit is, iets wat blykbaar dikwels gebeur en




“

Ry oor die laagwaterbrug om die Groot-Visrivier oor te steek en volg 'n tweespoorpad teen 'n vlak bergpas uit.

”

PAS. Die Dassiedeurpad (links onder) neem jou verby ou plaasopstalle (onder) en kruis herhaaldelik die Groot-Visrivier (links). Jy sal moontlik ook wild langs die pad sien.



inderdaad met ons ook die geval was, moet jy die Kokskraalpad neem na die N10 toe en van daar af ry na Kookhuis, die volgende dorp op jou toer. Die afdraai na die Kokskraalpad is nie gemerk nie, maar by S32.60579 E25.74998. Anton en Katrina Nel by Witmos sal die pad mooi vir jou verduidelik.

Kookhuis lê op die westelike oewer van die Groot-Visrivier. Dit is 'n verlate gehug-gie wat sy ontstaan te danke het aan 'n reïnstasie. Maar buiten die vulstasie is daar nie werklik enige rede om hier stil te hou nie.

Klim terug op die N10 en volg die pad verder suidwaarts vir presies 30 km tot by die afdraai na Seldon by S33.00988 E25.81618. Met ons besoek in April vanjaar was hier 'n bek-en-klouseerbeheerpunt waar ons moes stilstou. Ons moes

uitklim en ons skoensole in 'n badjie doop terwyl die voertuig se bande met gif bespuit is.

Die Seldonpad is 40 km lank en volg die Groot-Visrivier. Jy ry oor pragtige brûe en verby wildplase totdat jy by die geteerde R350-streekpad aansluit. Draai hier regs in die rigting van Grahamstad en ry oor die Helspoortpas.

Die R350-teerpad is voos gery – hou jou oë oop vir wat voel soos ontelbare slaggate. Die foltering eindig ná 31 km by die padteken vir die R344-grondpad, ook bekend as die Krantzdriftpad (S33.22051 E26.39869), waar jy regs swenk.

Met ons besoek was hier nóg 'n bek-en-klouseerbeheerpunt, 'n tweede van vele op die roete.

Die R344 neem jou oor die vlakkerige De Bruinspoortpas, en 25 km nadat >



KOM KYK! Die Dassie-
deurtonnel (heel bo)
was oorspronklik
'n treintonnel, maar jy
kan deesdae met jou
eie voertuig deurry. Die
Slagtersnekpas (bo)
volg die Groot-Visrivier
en neem jou oor
ou (links) én nuwe
brûe (middel regs).
Die Elandsdriftdam
(regs bo) neem
'n groot sluk uit die
rivier en herlei dit
na besproeiingskanale.





“ Hier is talle wildreservate en jagplase in die omgewing en jy sien gereeld sebras, buffels en bokke langs die pad. ”

jy van die R350 afgedraai het, by S33.04363 E26.44568, is 'n padpredikant vir Kingo Hills waar jy regs draai. Hier is talle wildreservate en jagplase in die omgewing en jy sien gereeld sebras, buffels en bokke langs die pad. Hekwagte vra om jou ID te sien en hulle spuit jou wiele en skryf jou ryding se registrasienommer neer, maar jy hoef nie te betaal om op die geproklameerde pad te ry nie. Die owerheid waarsku wel besoekers se gedrag sal bepaal hoe lank die paaie oop bly.

Die Kinga Hills-pad loop dood in die geteerde R67-streekpad en jy draai hier regs, weer in die rigting van Grahamstad, en steek die Groot-Visrivier met die Carlislebrug oor. 'n Gedenkplaat op die brug sê die oorspronklike Carlislebrug is in 1863 opgerig, maar is in 1874 in 'n oorstroming verwoes waarna dit twee jaar later, in 1876, met 'n staalbrug vervang is. Hierdie brug is egter in 1932 óók deur vloedwater verwoes, en die brug soos jy hom vandag sien, is in 1933 deur die destydse Murray & Stewart-konstruksie-maatskappy – later Murray & Roberts – gebou van beton.

Die volgende nedersetting op jou roete is Fort Brown. Hier staan 'n klipfort wat in 1835 opgerig en tot 1861 beman is om te waak teen Xhosa-krygers, oftewel impi's. Die fort staan deesdae op 'n polisie-stasie se grond en jy hoef bloot te vra as jy wil kyk. Toegang is gratis mits die stasiebevelvoerder toestemming gee.

Die volgende groot attraksie, en hopelik jou slaapplek vanaand, is die Groot-Visrivier-natuurreservaat. Dit is 'n samesmelting van die voormalige Andries Vosloo-koedoereservaat, Bucklands-natuurreservaat, Dubbeldrif-reservaat en die Sam Knot-natuurreservaat.

Draai 1,6 km anderkant Fort Brown links op die DR02043-grondpad by 'n padpredikant vir Committees Drift. Die ingang na die Groot-Visrivier-natuurreservaat is 2 km verder en hier gaan 'n hekwag óf goeie nuus óf slegte nuus vir jou hê. Vir ons was daar slegte nuus, want hierdie drif deur die Groot-Visrivier was diep onder water en die ingang daarom gesluit.

Die volgende begaanbare ingang na die natuurreservaat, die Breakfast Vleiehek, is 40 km hiervandaan, en aangesien ons gure weer gehad het, het ons eerder besluit om aan te stryk na die roete se eindpunt by die see. As die weer en die riviervlak egter saamspeel op jou >

Bly hier

WITMOS-OSSEWAKAMP, WITMOS

Hier is 7 ossewaens, elk met 'n koning-grootte matras, wat in 'n laer getrek is. Hoe dan anders? Hier is beskutte braaigeriewe en 'n opstal met 'n volledige kombuis en 'n eetkamertafel met sitplek vir 12 gaste. Elektriesiteit word deur sonkrag verskaf, en hoewel die selfoonsein swak is, is hier gratis wifi. Die ablusiegeriewe word gedeel deur al die gaste. Honde word toegelaat, maar slegs met vooraf reëlings.

Prys R1 200 p.n. vir 2. Kamptariewe en braaipakke is op aanvraag beskikbaar.

Kontak ☎ 073 880 0263 (Katrina Nel)

🌐 oxwagoncamp.co.za



FISH RIVER DINER-WOONWAPARK, GROOT-VISRIVIERMONDING

Die ingang na die kampplek lê agter die gelyknamige padkafee. Die "diner" lyk dalk van buite af na nie veel nie, maar binnelangs is dit heel lekker met 'n gawe vakansiegees. Hier is ongeveer 50 staanplekke, elk met elektriesiteit. Daar is oorgenoeg braai plek, maar jy moet jou eie rooster en staander bring. Jy moet ook aanvaar dis 'n plaaslike hengelplek eerder as 'n luukse vakansieoord.

Pryse R400 p.n. vir 2.

Kontak ☎ 040 676 1058 (Thea Swart)

✉ fishriverdiner@outlook.com



KRONKELS. Die Groot-Vis maak 'n fotogeniese draai in die Groot-Visrivier-natuurreservaat (bo). Die Coombs-pad loop deur natuurreservate waar jy gratis wild kan kyk (onder regs), en as die bek-en-klouseerepidemie steeds woed, gaan jou voertuig se bande gereeld gespuut word (links onder). Jy weet jy's naby die kus wanneer jy deur pynappellende omring word (oorkant middel) en jy daag kort daarna by die riviermonding op (oorkant onder).





FOTO Oos-kaapse toetsmeeraad



besoek, sal jy beloon word met 'n merkwaardige uitsig op een van die Groot-Visrivier se kronkels wat herinner aan die Blyderiviercanyon se draaie. Ons beveel ten sterkste aan om in die park te oornag en die roete wat ons hier verduidelik in drie dae op te breek.

Ongeag of jy by die Groot-Visrivier-natuurreservaat bly of aanstryk na die kus, moet jy die Committees Drift-pad verlaat naby waar hy die Groot-Visrivier oorsteek by S33.16122 E26.82724. Volg dié grondpad verby nóg privaat reservate totdat jy by die N2-snelweg uitkom.

Draai regs op Suid-Afrika se langste teerpad in die rigting van Grahamstad, maar verlaat die pad weer ná 10 km en draai links op die Coombs-pad (S33.28576 E26.86222).

Hierdie grondpad is moontlik die mooiste op hierdie roete en jy sien soveel wild (weliswaar deur 'n wildheining) dat jy later amper verveeld raak. Jy ry ook deur die Kaprivier-natuurreservaat en sluit mettertyd by die geteerde R72-kuspad aan.

Hier's jy nou! Die Groot-Visrivier mond voor jou in die see uit. Hengelaars sê

stompneus is volop, en wat slaapplek betref, kan jy kies uit die Fish River Diner se kampterrein of die luukse Fish River Sun met sy 18 putjie-gholfbaan wat deur Gary Player ontwerp is.

Suid-Afrika se riviere is dalk nie so indrukwekkend as die Teems van Engeland, die Wolga van Rusland of die Donau van Europa nie, maar die Groot-Vis is groot genoeg om 'n blywende indruk te laat.

Kom ons duik, want dis lekker by die see! 



“

Hier's jy nou! Die Groot-Visrivier mond voor jou in die see uit. Hengelaars sê stompneus is volop...

”

Gooi anker langs die Oranje



Dit kos net twee uur se ry om die stadsligte in die sentrale deel van die land te verruil vir Vanderkloofdam se pragtige natuurskoon.

Teks en foto's **Leon Botha**



Van Bloemfontein en Kimberley af kan jy op 'n Vrydagmiddag vinnig pak, haak en deurskiet na die Vanderkloofdam toe, want dis skaars 200km tot daar. Jy kan jou kruideniersware hier kom aanskaf en ook weer brandstof ingooi as jy met 'n halwe tenk by die huis weg is.

Hoewel die Vanderkloofdamwal-woonwapark 'n halwe kilometer voor die dorp is, gaan jy in elk geval eers op die dorp moet draai omdat jy by die Monte Crous-hotel in Madelifiestraat moet aanmeld.

Moenie skrik vir hoe smal Madelifiestraat is wanneer jy met 'n lang sleep-kombinasie hier aankom nie. Die straat loop verderaan dood, maar daar is voldoende omdraaiplek. Jy moet egter nie by Monte Crous se hek inry nie, want sake kan dan effens knap wees as jy wil omdraai.

Met ons besoek was hier 'n magdom Harley Davidson-motorfietse wat die plek volgestaan het, maar daar was 'n groot oopte voor die hek waar ons kon stilhou.

As jy jou rantsoen wil aanvul, ry 400m

reguitaan van Madelifiestraat af en hou links waar die pad by die polisiestasie virk. Jy is nou in Vanderkloof se sakekern. Die vulstasie is op hierdie hoek.

Ons loer in by die Karoo-kontreiwinkel waar ons wors, knoffelbrood, aartappelslaai en 'n paar bottels water in die mandjie pak. Gryp sommer by die deur 'n streepsak vol braaihout (R80) en maak spore tot in die kampplek.

Water toe!

Die teerpad kronkel die laaste 700m teen die koppie af en sorg vir 'n mooi uitsig

“

Hoewel die Vanderkloofdamwal-woonwarpark 'n halwe kilometer voor die dorp is, gaan jy in elk geval eers op die dorp moet draai omdat jy by die Monte Crous-hotel in Madelifiestraat moet aanmeld.

”



AS DIE NODIGSTE GENOEG IS. Daar is niks oordadigs rondom Vanderkloof nie. Dis 'n lieflike plattelandse dorp met gawe mense en net so 'n gawe woonwarpark. Dis oorkant die damwal op 'n netjiese grasperk. As jy iets nodig kry, kan jy geholpe raak in die dorp: Van brandstof tot kruidentiersware.



oor die dam, die kampplek hier onder voor jou en die damwal links.

Die 12 staanplekke is langs die water en regs van jou wanneer jy inry, en is in 'n ry op 'n lowergroen grasperk uitgelê. Die gebou links van die staanplekke is een van die badkamers.

Hier staan twee of drie koeltebome om die middelste staanplekke, terwyl daar by van die ander kampkolle hoë skadunette is.

Die hoeksteen van jou staanplek is die klipgeboude braaiplek aan die water se kant, en die lamppaal daarnaas sorg vir

genoeg lig op jou steak en wors. Hier is ook 'n rooster wat met 'n ketting vasgemaak is. Die kragpunt, kraan en vullisdrom staan teen die inrypad.

Langs die eerste badkamergebou is 'n groot afdak en agter dit is 'n gebou-tjie wat in die besige tye as 'n snoepie gebruik word. Die swembad is voor die afdak, en op die punt van die gebou is die tweede badkamer. Hier is ook een van daardie lewensgroot skaakstelle.

Die toilette is in die laaste ablusiegebou en die stortgeriewe in die eerste, met aparte geriewe vir mans en vroue.

Die stortkamer se wasbakke en hulle spieëls is regs teen die muur, en die storthokkies in 'n ry teen die oorkantste muur. Die hokkies het nie 'n droë plekkie nie en daar is net 'n stortgordyn tussen jou en jou kampbuurman wat by die wasbak staan en tande borsel. Hier is wel 'n klerehaak vir jou handdoek.

Die opwasplek vir skottelgoed is aan die buitekant.

Wanneer jy verby die eerste 12 staanplekke ry, kom jy by 'n volgende groep van 12 uit. Dié staanplekke is om 'n gedeelte middelpunt gerangskik >



Kortliks | Vanderkloof-damwal-woonwapark



Kampplek 12 staanplekke op 'n mooi grasperk op die oewer van die dam en nog 12 staanplekke eenkant in 'n sirkel, ook op gras.

Prys Afhangend van die seisoen R450 of R550 per staanplek vir tot 4 mense, daarna R150 p.p. Die skadunet is R100 p.d. ekstra.

Aankoms- en vertrektyd Die oordmense is nie streng oor wanneer jy aankom nie, maar jy moet teen 10:00 in die pad val.

Kontak ☎ 067 394 0025

✉ karavaanpark@vanderkloof.co.za

🌐 vanderkloof.co.za

Naaste dorp Vanderkloof 1,4 km.

Hoe lyk die pad? Teerpad tot by die hek.

GPS S29.995536 E24.735504

Ry & Sleep sê Vanderkloof is nommerpas vir oornagplek tussen Gauteng en die Kaap – daardie ekstra 50 km is dubbel en dwars die moeite werd.

en ook op 'n mooi grasperk, maar dit lyk tog of van die staanplekke 'n effense heling het. Hier is ook enkele skadunette, maar heelwat meer koeltebome. Ons het nie kragpunte gesien nie, maar kragpunte word glo ook beplan vir dié deel plus wifi vir almal. Die braaiplekke is geplante skaarbraaiers en die badkamers is op die verste punt.

Wal van aansien


Die dorp, wat in 1980 munisipale status gekry het, het sy ontstaan te danke aan die werkers wat die dam gebou het. Volgens die 2011-sensusyfers woon hier net meer as 1 000 mense.

Die Vanderkloofdam se wal is teen 108 m die hoogste een in Suid-Afrika (en die enigste een hoër as 100 m). Die wal van Vanderkloof se stroomop-buurdam, die Gariep, is 88 m hoog. Wat volume betref is die Gariep egter die

grootste dam in die land, gevolg deur die Vanderkloof.

Wanneer die Vanderkloofdam vol is, stoot die water tot 100 km van die damwal af op, maar die ander kant van die wal is ewe indrukwekkend. Van die Vrystaat se kant af ry jy eers aan die onderkant verby die damwal wat sowat 730 m van jou af is. Jy kan omtrent nie die onderkant sien waar die water in die rivier stort nie en die misbank strek 'n goeie 50 m hoog. Die brug is 'n enkelbaan en sowat 300 m lank.

'n Mens verstaan nou waar kom die aanhoudende gedruis in die kampplek vandaan. Jy staan net 500 m van die wal af en 'n mens hoor die lewendige waters laatnag vanuit jou kampbed. Dis 'n wonderlike slaapkanaal wat jou tot diep in droomland neem vir die mooiste sonsopkoms die volgende oggend oor die waters. 🌅



ULTIMATE *Routes*



Deskundige **roetebeplanning** en moeitelose
besprekings vir **selfry-avonture** in **Namibië**,
Botswana, **Zimbabwe** en **Zambië**

ask@ultimateroutes.co.za | 071 471 4900

Etiket op jou oorlandreis

Nuwe én gesoute kampeerders en oorlandreisigers kan daarby baat vind om dié klompie etiketwenke in gedagte te hou.

Teks **Lea Erasmus, Ultimate Routes**



Ons sien alte gereeld hoe mense hulle mond op sosiale media uitspoel oor kamperiewe, raserige bure of swak gedrag in die bos. Hoekom wend mense hulle so vinnig tot aanlynkritiek, wanneer jy veel eerder net daar en dan iets aan die saak kan doen? Só moedig jy 'n kultuur van konstruktiewe terugvoer aan.

Wees net lekker

As iets pla of jy ervaar 'n probleem wat jy wil oplos, bring dit onder die aandag van jou reisagent of die kampplek se bestuur vóór jy op sosiale media gal braak. Dit is die vinnigste manier om enige saak op te los en iets te verander waarby mense wat ná jou ook sal baat vind. Só vermy jy ook emosionele reaksie.

Hier is 'n paar wenke om seker te maak almal geniet die ervaring: Respekteer jou bespreking en die staanplek wat aan jou toegeken word. Koop hout vir jou kampvuur eerder as dit om die veld te gaan soek. Verwyder al jou vullis wanneer jy vertrek en los jou staanplek skoner as wat jy hom aangetref het. Wees vriendelik en respekvol teenoor die personeel.

Hou by die kampreëls en speel jou musiek sag (of glad nie), wees stil ná 22:00 en braai net waar jy mag.



Gedra jou voor die stuur

Ry net op aangewese paaie, veral op afgeleë roetes of in die reënseisoen, waarsku die ervare oorlandreisiger Kobus Smit. Dis streng verbode om op ander paaie te ry. Haak 4x4 wanneer jy op grondpaaie ry, want dit help om die padoppervlak te beskerm en maak jou beter voorbereid op enige onverwagse hindernisse.

Wanneer julle diere sien en daar is baie voertuie, trek jou ryding só dat jy 'n goeie uitsig kry. Neem jou foto's of video's van die diere, maar kry dan weer jou ry en gee ander mense ook 'n kans.

In 'n konvooi moet die stadigste voertuig altyd voor ry, met radiokommunikasie tussen die voorste en agterste voertuig om almal in kontak te hou. As jy vasval, is dit goeie gebruik om jou eie toerusting aan te bied om jou kar te herwin.

Vir die voëls

Moenie diere of voëls voer nie. Dit voel dalk heel onskuldig, maar dit kan groot probleme veroorsaak omdat diere kampplekke met kos begin vereenselwig, en dit veroorsaak net moeilikheid.

Hou jou kos bedags toe en maak seker jou vullis is oornag buite bereik deur dit in 'n boom te hang of in jou voertuig toe te sluit. Pak jou skoene en los goed weg, want hiënas (en selfs leeus) kan dit aan flarde skeur.

Moet ook nooit 'n dier wat slaap, wakker maak of probeer om een te laat beweeg nie. Onthou, jy is hier om

die natuur te geniet, nie om dit te versteur nie.

As die natuur roep...

Wanneer jy die boendes invaar, word ablusiegeriewe nie altyd gereeld skoongemaak nie. Doen dus jou deel om dit skoon en higiënies te hou.

As die nood in die veld druk, neem iemand saam of maak seker die omgewing is veilig. Grawe 'n gat van 15-20 cm diep, gooi dit agterna toe en plant 'n regop stok om die plek te merk. Verbrand jou witgoud indien moontlik.

Só maak 'n mens

Gandhi het op 'n keer gesê 'n greintjie praktyk is meer werd as tonne preke. Hier is 'n paar voorbeelde van goeie etiket.

Steve Geier, pas terug van 'n baie nat Okavangodelta, vertel hoe sy groep verskeie groot water- en modderkruisings moes aandurf op pad tussen Magotho en Mababe. 'n Medereisiger het hulle gewaarsku dat daar groot betonblokke onder die water is wat ernstige skade kon aanrig. "Daar was egter 'n konstruksie-

voorman wat ons veilig om die versteekte gevare beduie het, en danksy hierde gedeelde insigte en hulp het ons Maun sonder voorval bereik."

Awie Erasmus het by 'n baie basiese kampplek in die Caprivi gesien die ablusiegeriewe het nie plek waar hy sy handdoek en klere kan ophang wanneer hy stort nie. Hy het dadelik twee metaalhakies gemaak en dit netjies teen 'n houtpaneel aangebring.

Hy het die kampbestuur daarvoor ingelig toe hy daar weg is en hulle aangeemoedig om iets soortgelyks in die ander badkamers te doen. Hulle was doodtevrede hiermee.

Voeg waarde toe as jy kan

Die infrastruktuur by heelwat kampplekke aan die ander kant van die grens is dalk lanklaas opgegradeer en die geriewe word nie altyd gereeld skoongemaak nie.

Ons weet van heelwat reisigers wat byvoorbeeld doelbewus 'n braairooster by 'n kampplek agterlaat of vir die werkers ekstra vullissakke gee om te gebruik. Sulke gebare maak 'n groot verskil. Ons prys allermins gebrekkige standaarde, maar moedig wel wel inisiatief aan. 📌





Foto Gerald Kirsten

Pajamaperde langs die pad

Die Bergsebra- nasionale park het nie net wild om te besigtig nie,
maar ook heerlike paaie wat wag om verken te word.

Teks en foto's **Cyril Klopper**



In 1937 het die getalle van die Kaapse bergsebra in só 'n mate gekwyn dat 'n klompie besorgde Oos-Kaapse boere besluit het om iets aan die saak te doen. Om die diere te beskerm het hulle 1712 ha grond laat proklameer, waarna Hans Lombard, 'n boer van die omgewing, die eerste 11 diere geskenk het.

Die Bergsebra- nasionale park het oor die jare gegroei, en vandag is hier meer as 1000 sebras op die 28386 ha. Vir die eerste keer in meer as 'n eeu is hier ook weer wild soos leeus, buffels en jagluiperds.

Jou verkenningstog begin by die park se hoofhek (S32.14088 E25.50962), sowat 2 km nadat jy van die R61-streekpad afgedraai het. Nadat jy die register ingevul het, sê die hekwag jy moet by die ontvangskantoor gaan aanmeld vir 'n permit. Volg die roete-aanwysers tot by die kantoor waar jy 'n bewaringstarief van R73 p.p. betaal. Hier is ook 'n vulstasie wat elke dag vanaf 07:30 tot 14:00 beman word. Loodvrye petrol en 50 ppm-diesel kos dieselfde as wat jy op die naaste dorp betaal. Die vulstasie het egter nie 'n kompressor nie; onthou dus jou eie pomp as jy jou bande wil afblaas.

Ons stel voor jy ry antikloksgewys deur die park. 'n Mens mag wel kloksgewys ry, maar die pad is soms te smal om aankomende verkeer verby te steek, veral op die bergpasse.

Ry dus terug soos jy na die ontvangskantoor toe gekom het, maar pleks daarvan dat jy al die pad hoofhek toe ry, draai links by baken 1. Die Ubejane-sirkelroete se grondpad kronkel deur 'n golwende grasvlakte, en dit is hier waar jy waarskynlik die meeste wild sal aantref. Ons het veral gemsbokke, rooiharteste, swartwildebeeste, buffels en sebras in die lang gras sien wei. Volg die Skakelpad na baken 7. Hier raak die landskap bergagtig.

Draai regs by baken 7 op die Rooiplaat-sirkelroete en volg die pad tot by baken 8. Langs die pad is 'n uitkykpunt oor byna die hele park. >





MAAK PLEK. Die paaie gee prioriteit aan verkeer wat anti-kloksgewys ry, maar daar is inderdaad breë dele (bo) waar aankomende verkeer mekaar veilig kan verbystek. Jy kán 'n boswa op die paaie sleep, maar dit sal soveel makliker wees as jy dit by die ontvangsgebou of kampplek afhaak. Padtekens waarsku dat busse nie oral toelaatbaar is nie – vra 'n veldwagter of jou 4x4-ryhuis op die paaie gaan pas of nie.



Jy mag hier uitklim, maar wag eers vyf minute en kyk rond en luister vir lees voor jy dit doen. Soos die kennis-gewing sê, is Sanparke nie aanspreeklik as jy in 'n vuilbaard se kake beland nie.

By baken 9 klim jy op die Kranskop-sirkelroete wat jou selfs dieper die berge in vat. Volg die steil bergpas af tot in 'n kloof met 'n tweede uitkyk-punt waar jy ook mag uitklim. Die waarskuwing teen die moontlikheid van lees geld ook hier. Ons het heel-wat koedoes in die kloof gesien, maar nie 'n enkele leeu nie.

By S32.28624 E25.41241 maak die



pad 'n skerp draai na regs en neem jou deur die Wilgerboomrivier. As die rivier met jou besoek te sterk vloei, draai om en ry op jou spoor terug, maar as jy kans sien om deur te ry, vat die pad jou tot by die Laastekloofrivier waar jy oor 'n laag-waterbrug ry, gevolg deur die Langkloof-, Kortkloof- en Berghofkloofrivier. Hier was water in almal van hulle toe ons hier was, maar dit was vlak genoeg vir 'n gewone voertuig.

Draai regs by baken 11 en besoek Weltevredeloof se piekniekplek. Die piekniekplek is met 'n elektriese heining toegespan om seker te maak die lees

kom peusel nie óók hier nie. Jy druk 'n knoppie om die hek oop te maak.

Die piekniekplek het meer as 20 braai-plekke, 'n ablusieblok en 'n swemplek van klip. Onthou om jou kamptafel en -stoele saam te bring. As die geriewe hier te basies na jou smaak is, kan jy verder ry tot by die tweede piekniekplek wat meer geskik is vir gesinne met kinders.

Bly op die Kranskop-sirkelroete en hou stil by baken 13, want hier is 'n uitkyk-punt langs 'n groot dam aan die voet van die Rondekopsps. Bring jou langlens-kamera saam as jy voëls wil afneem, want hier moet jy in jou voertuig bly.



“

...die pad is soms te smal om aankomende verkeer verby te steek, veral op die bergpasse.

”

Die Doringhoek-piekniekplek by baken 14 is óók omhein met 'n outomatiese hek. Hier is meer as 20 braaiplekke met bankies en tafels plus 'n klimraam, swaaie en glyplanke vir die kleinspan. Die ablusieblok is 'n netjiese klipgebou met toilette en wasbakke.

Nadat jy 'n vleisie gebraaie en in die swembad afgekoel het, is dit tyd om die laaste 2 km terug te ry tot by die ontvangsgebou en kampplek.

Ons hoop jy het besluit om hier te oornag, want hier is drie 4x4-roetes wat jy môre moet takel.

Eerste aan die beurt is die 10 km lange

Juriesdam-4x4-roete. Die roete is nie uitermate uitdagend nie, maar met ons besoek was dit gesluit weens vloedskaade. Trouens, die veldwagters het ons ten sterkste afgeraai om enige van die 4x4-roetes met ons Omoda C9 aan te durf. (Lees ons ry-indruk van dié voertuig op bl. 84).

Die tweede roete, die 14 km lange Sonnenrust-4x4-roete, begin by baken 3 en neem jou deur die laagliggende deel van die park. Ons was stout en het die veldwagters se waarskuwing oor ons ryding geïgnoreer. Dit was dwaas, want ons moes ná skaars 1 km omdraai omdat



Wat jy moet weet



Maksimum getal voertuie? Onbeperk.

Sanparke sal egter besluit as daar té veel voertuie in die park is.

Kry ek 'n kaart? Ja, 'n netjiese gedrukte een.

Sal my voertuig krap? Op die 4x4-roetes dalk, maar nie op die hoofpaaie nie.

Moet ek 'n kompressor neem? Net om bande op te pomp, as jy wil.

Kan ek halfpad braai? Daar is piekniekplekke waar jy inderdaad kan braai.

Is daar selfoonsein? Meestal ja, maar daar is ook 'n paar dooie kolle.

Beste tyd van die jaar? Enige tyd van die jaar.

Kan ek my gesin saamneem? Beslis.

Net vir die dag of die naweek? Jy het twee dae nodig om al die paaie in die park te ry.

Hoe lank neem dit? Die roete soos ons hom hier verduidelik, is 60 km lank, maar die park het altesame 100 km se paaie.

Is daar ablusiegeriewe? Slegs by die aftrekplekke wat ons hier noem.

Aanwysings? Die ingang na die park lê op die R61 wat Graaff-Reinet en Cradock met mekaar verbind.

Kontak ☎ 048 801 5700 (parkkantoor)

✉ mountainzebra@sanparks.org

🌐 sanparks.org

die moddergate inderdaad té uitdagend was vir ons voertuig. 'n Mens wil mos nie vasval in leeuwêreld nie...

Die Umngeni-4x4-roete is laaste en blykbaar die moeilikste van die drie. Hy begin by baken 6, en hoewel die roete net 8 km lank is, gaan hy jou minstens 'n uur besig hou. Ons het hom nie eens oorweeg nie omdat ons ryding eenvoudig te laag was.

So ja! Jy't nie net wild gesien nie, maar ook lekker paadjies gery. Die Bergsebra-nasionale park is dalk nie die grootste juweel in Sanparke se kroon nie, maar spesiaal is hy beslis. 🌟

Hoe rooier, hoe mooier



Hy wou nog altyd 'n Jimny hê, want dis 'n voertuig wat hom dubbele genot sou verskaf, sê **Paul de Kock** van Moorreesburg.

Hy kamp al sy lewe lank, maar toe Paul drie jaar gelede op 65 aftree, was dit nie net die begin van die volgende hoofstuk in sy lewensreis nie, maar ook die tyd om 'n nuwe manier van kamp op die proef te stel.

Paul het sy beroep in die inligtingstechnologie gegroet en sommer ook sy tent vaarwel geroep toe hy vir hom 'n 4x4-ryding én 'n kampwa aanskaf. Die vereiste vir sy motor was een waarmee hy by die kampplekke kan uitkom waar hy wou kamp – en dié is gewoonlik nie op gewone paaie nie. Die Suzuki Jimny was Paul se eerste keuse en hy besluit uiteindelik op 'n rooi vyfdeurmodel.

Intussen het hy ook vir Christie Coetzee van Mission Outdoor by 'n skou anderkant Malmesbury raakgeloop, en nadat

dié twee 'n geselsie aangeknoop het, kon Paul 'n baie spesiale kampwa gaan haal. Hy vertel.

“ Ek het al wyd en syd in die Wes-Kaap gekamp, maar dit was hoofsaaklik met 'n tent. 'n Paar jaar gelede omskep ek 'n VW Kombi in 'n soort ryhuis en my vriende Jasper Visser en Ruan Stapelberg kom kamp saam. Die geweefde grondseil word langs die Kombi uitgegooi en 'n tent wat aan die Kombi vas is, word bo-oor die seil gespan.

Die tent lyk nes 'n *add-a-room* wat jy as 'n ekstra vertrek aan jou woonwa se tent kan vasrits. Binne die tent het ek rakke gehad om alles ordelik te hou.

Wanneer ek nie saam met vriende kamp nie, gaan my broer, Dreyer, gewoonlik saam, maar my beroepsloopbaan

staan einde se kant toe en dis tyd om 'n nuwe ryding te oorweeg.

In 2024 word ek die eienaar van 'n nuwe Suzuki Jimny, maar dis nie net van inloop en koop nie. Ek praat met 'n handelaar in Goodwood en oorweeg 'n groene, die Jungle Green-kleur, maar toe kom 'n rooie oor my pad.

Dit beteken nog 'n bietjie langer wag. Maar ek is geduldig, want ek hét 'n ryding waarmee ek oor die weg kom. Die handelaar spoor 'n rooi Jimny in Worcester op en die hele wagproses neem minder as drie weke.

Terug by die huis, met Rooies in die oprit, maak ek dadelik 'n klompie veranderinge sodat die nuwe wiele by my kampelewe kan aanpas. (In daardie stadium het ek nog met 'n tent gekamp.) >



“


Terug by die huis, met Rooies in die oprit, maak ek dadelik 'n klompie veranderinge sodat die nuwe wiele by my kampelewe kan aanpas.

”



'N TYDELIKE PLAN. Hierdie moet die enigste nuwe Jimny in die land gewees het met 'n ingeboude ys-vrieskas – dit was totdat die Mission by die sleepkombinasie aansluit het.





Ek haal die Jimny se agtersitplekke uit sodat ek ekstra pakkplek kan hê én plek vir my ys-vrieskas.

Die Jimny se agterklap maak van links af oop en swaai na regs. Die ys-vrieskas, 'n 66 l-SnoMaster, kry sy staan op 'n gly-raam links, en regs is pakkplek vir 'n los sonpaneel, trommels en waterkanne. Ek kan natuurlik nog albei agterdeure gebruik en het dus nie net van agter af toegang tot my laairuim nie.

Ek ontmoet vir Christie in Maart laasjaar by die kykNET-buite-ekspo waar Mission 'n hele paar nuwe modelle bekend stel. Dit sluit in die Cargo, Lite en Lite+.

Die Lite tref my oog, want hy het 'n brutovoertuigmassa van 750 kg, en omdat hy ook standaard met inloopremme kom, val dit mooi in die Jimny se kraal. Boonop word 'n mens bederf met al die Lite se standaard-toerusting soos die twee 20 l-ys-vrieskaste, 'n watertenk, tweeklaasgasstoof, Flexo-kragstelsel, LED-ligte en 'n daktent.

Ek het geen pyne met 'n daktent en die leer wat jy daarvoor nodig het nie en laat sit selfs 'n ekstra seilafdak op. Ook 'n gasgeiser.

Deel van die bekendstelling is dat jy die wa in die kleur van jou keuse kan kry. Sô word 'n rooi Mission Lite gebore, en sover ek weet, is dit die enigste rooie in die land.

Die Mission is goed en wel, maar sonder 'n sleepstang gaan ons nêrens heen nie. Ek spoor in Johannesburg 'n nuwe Brinkstang op teen die helfte van die gewone



KAMPSPORE. Iewers begin 'n mens kamp en jy vorder deur die kampgoed soos die lewe aangaan. Paul het by tente en 'n omgeboude Kombi begin, en vandag ry hy die kampplek binne met sy Suzuki Jimny en 'n Mission Lite.





Hoe lyk j   wile?

Stuur 'n e-pos na rysleap@weg.co.za en vertel ons van jou ry- en sleepding.


prys. Die stang pas maklik, want al die bonte is reeds in plek en meer as sterk genoeg vir die Mission. Jy kan 'n wag van 1300kg daarmee sleep en die neusgewig is vasgestel op 75 kg.

Die stang maak my veranderinge aan die Jimny eintlik onnodig, want die Lite het lekker pakplek en sy eie yskaste. Ek sit dus die sitplekke terug en die Jimny lyk weer soos die dag toe ek hom gekoop het.

Van my eerste roetes met die Jimny was tot by Lambertsbaai, met 'n brandstofverbruik van 7,7-8,3 l/100 km (12-13 km/l). Dis stem nogal ooreen met Suzuki se amptelike syfers van 6,4 l/100 km. Wanneer ek haak, is daar geen noemenswaardige verandering nie: 9,1 l/100 km (11 km/l). Dit beteken met sy 40 l-tenk het ek 'n reikafstand van 480 km sonder iets op die haak (en 40 km minder met die Mission op die haak).

Onthou, dis 'n 1500 cc-enjin en ek het die handratmodel. Jy het vyf ratte tot jou beskikking, ek sleep teen 100 km/h en die enjin lewer 'n skaflike 130 Nm. Natuurlik val die spoednaald teen bulte, maar niemand is s   haastig nie.

Al is dit 'n nuwe sleepkombinasie, is dit



nie heeltemal vreemd vir my nie, want ek het al voorheen gesleep, en met die Mission is dit pure plesier. Jy weet eenvoudig nie van die wa nie want hy draf tjoepstil in die Jimny se spoor.

Op pad na die eerste kampplek moet die Jimny uithaal en wys: Ons moet oor die Piekenierskloofpas ry om af te draai na die Koningskop-kampplek. Maar ons is daar uit en die opslaan is net so maklik.

Ek kies 'n kol en kry my staan, waarna ek die Mission waterpas kry. Op met die daktent en ek kry ook die buitekombuis gereed. Die oppak is ewe maklik, maar die afdak pootjie my, want dis die eerste keer dat ek dit doen en 'n afdak is nie almal se maat nie. Die tweede keer, by die ATKV-Goudini-spa, gaan dit sommer stukke beter.

Die Jimny het nou 10000 km op die klok en ek is baie tevrede – hy loop net! Hy het nog baie plekke om by uit te kom.

Ek is hoeka op pad na Klipkrans by Worcester, dieselfde w reld wat ek vroe r met die Kombi besoek het. Dis vir drie of vier dae, en my swaer, Hugo Meyer, kom saam, want ek hoor die karp loop!



'n Kort maar epiese toer

Suid-Afrika, Botswana en Zimbabwe het 18 dae lank – en oor 8 000 km – behoorlik geskitter vir **Nolene Kotze** en haar gesin. Dié Namibiërs is wel ook 'n bietjie beproef...



In 2008 besluit die Kotze-gesin om 'n ryding aan te skaf vir hulle avonture. Die Toyota Prado wat hulle gekoop het, het metterdyd deel van die familie geword, en met meer as 400 000 km op die klok is dit vandag nie net 'n voertuig nie, maar ook 'n getuie van al hulle reise.

In 2024 durf Nolene, wat in Swakopmund, Namibië, woon, 'n reis deur Suid-Afrika, Botswana en Zimbabwe aan saam met haar man, André, en hulle kinders, Lehan (11) en Zoë (10). Baie grensposte en nóg meer onvergeetlike oomblikke het op hulle gewag. Nolene vertel...



“ Ons kampvakansie begin by Leentjiesklip in Langebaan, waar 'n mens die keuse het om 'n staanplek met 'n private badkamer te bespreek as jy nie kans sien vir die gedeelde geriewe nie.

Langebaan met sy strandmeer is 'n ikoniese bestemming met heelwat doendinge, en die kinders geniet dit gate uit by Sky Park, waar hulle tot 15m hoog in die lug hang voor hulle met 'n sweeflyn weer afkom grond toe.

Van hier af mik ons Kaapstad toe en kry ons staan by die Ou Skip-woonwapark in Melkbosstrand. Dis 'n goeie basis van waar ons die Kaap behoorlik kan verken en plekke besoek soos Cool Runnings in Tygervallei, die V&A-waterfront, die Bo-Kaap

met sy kleurrike huise én natuurlik Tafelberg.

Kampsbaai is pragtig. Ons geniet die strand en restaurante, en ná 'n dag propvol aktiwiteite ontspan ons heerlik in die Barnyard-teater.

Dis egter tyd om weer ons ry te kry en ons lê die 1200 km tot by Twee Rivieren in een dag af. Ons is egter net-net te laat om die Kgalagadi se hek nog oop te kry en kamp dus die eerste aand by die Kalahari-lodge op 'n staanplek met sy eie badkamergeriewe.

Hierdie landskap bly maar net spesiaal, veral as jy jou tone in die Kalaharisand druk.

Ons is baie opgewonde om by Twee Rivieren se kamperrein in die Kgalagadi uit te span. Hier vereis hulle dat jy vir

minstens twee nagte oorbly en nié net binne een dag deurry nie. Dis 'n lieflike kampplek met gedeelde ablusiegeriewe en krag op jou staanplek.

Ons verken die park twee dae lank en is nogal teleurgesteld om nie leeus raak te loop nie, maar ons sien darem 'n luiperd én 'n jagluiperd. In die piekniekplek sien ons wel spore van leeus... dit laat 'n mens nogal rondkyk terwyl jy eet. Hier is 'n magdom bokke en mooi landskappe, wat sorg vir 'n ongelooflike ervaring.

Dit voel of ons in nie-mandsland is, want ons paspoorte het die stempels wat wys ons het Suid-Afrika verlaat, maar nie toegangstempels vir Botswana nie. By laasgenoemde sou ons later

'n bietjie drama hê, want daar is nie kaartgeriewe nie en ons het nie pulas nie; dus moes ons by die lughawe in Maun die padfonds gaan betaal.

Die ryery tussen Twee Rivieren en die Kaa-hek is lank en uitdagend, en dit vat ons ses uur op die stofpad. Die kampplek hier is heel wild, wat beteken jy moet heeltemal selfversorgend wees.

Daar lê weer vir ons 'n lang dag voor, want die plan is om van die hek af tot in Ghanzi te ry. Ons moet egter eers by die permitstasie op pad stilhou en die tarief betaal om die pad te gebruik en deur die dorpie te ry. Op Ghanzi oornag ons by Palm Afrique, 'n pragtige plek met gras en krag op die staanplekke, en die volgende dag kies ons koers na Moremi. >



'N KAAPSE DRAAI. Die Kotzes begin hulle reis in die Kaap en toer al met die Weskus langs tot in Kaapstad, waar hulle in Melkbosstrand neskrop. Van hier af het hulle 'n verskeidenheid besienswaardighede besoek.



Hier tref die teëspoed ons toe 'n vragmotor in ons vasdraai terwyl ons besig is om 'n kar net buite Maun verby te steek. Gelukkig tref hy die sleepwa en nie die Prado nie, en hoewel ons almal ongedeerd is, is die skok van die trefslag iets wat 'n mens behoorlik laat bewe. 'n Voorval soos dié is beslis nie iets wat 'n mens in 'n vreemde land wil oorkom nie.

Ons wa se as is in die proses beskadig en ons wonder of ons verder sal kan reis daarmee. Van die plaaslike mense het gehelp om hom so goed as moontlik reg te maak, maar ons twyfel steeds of ons moet voortgaan. Die neuswiel is ook skoonveld, wat beteken ons gaan die wa vir die res van die toer nie kan afhaak nie.

Die aand oornag ons by Island Safari-lodge.

Die volgende oggend moet ons die die voorval by die polisiestasie gaan aanmeld. Hulle besluit gelukkig ons is

nie aanspreeklik nie en sê ons kan maar gaan. Dieselfde geld egter nie vir die vragmotorbestuurder nie.


Ons ry na Ome 4x4 in Maun waar hulle die wa nagaan, maar ons kry nie 'n nuwe neuswiel daar nie. Nou moet ons besluit of ons teruggaan huis toe en of ons kans sien om die oorblywende 4000 km van ons reis aan te durf sonder om die wa af te haak.

In ons harte was ons nog nie reg vir omdraai nie, en met die wa se deur wat met *duct tape* op sy plek gehou word, draai

ons in die rigting van Moremi toe ons Maun verlaat.

Die pad na die Moremi-nasionale park neem ons deur ongelooflike mooi natuurskoon en ons sien baie diere waaronder olifante en leeuë. In Khwai, op pad na Choëbe, sien ons 'n groep wildehonde, wat 'n hoogtepunt van ons reis was.

Ons gunstelingkampplek in Moremi is Xakanaxa, waar jy in die ope natuur sonder heinings langs die Okavangodelta kamp. Net voor ons begin



TOE TREF DIE TEËSPOED... Die avontuur het sommer vroeg al aansienlik meer uitdagend geraak toe die Kotzes in 'n motorongeluk buite Maun betrokke was. Gelukkig is niemand beseer nie, maar die kampwa is erg beskadig (foto onder).









“

Die pad na die Moremi- nasionale park neem ons deur ongelooflike mooi natuurskoon en ons sien baie diere, waaronder olifante en leeus.

”



VOORWAARTS! Met 'n gelapte kampwa en al besluit hulle om verder te reis – en hulle word beloon met 'n reeks wonderlike en pragskone ervarings.



opslaan, sien ons 'n leeuwyfie skaars 500m van ons kamp-plek af. 'n Rukkie vroeër was ons in die middel van 'n trop olifante met een baie parman-tige bulletjie. Hier is seekoeie en krokodille in die watergate en in die res van die park baie sebras, bokke en buffels.

Xakanaxa het gedeelde ablusiegeriewe, en sonkrag sorg vir die warm water, wat beteken jy moet mooi dink wanneer jy wil gaan stort.

Die pad van Moremi af

Kasane toe is uitdagend. Ons volg die suid-na-noord-roete deur Chobe en dis moeilik en uitdagend: Eers kom die wa los en toe kry die dakrak skade. Ons het nou kreatiewe oplossings nodig, want die wa se haak is nog net met een bout vas. Ons haak hom af en maak hom reg, maar 'n kort endjie verder sit ons met die stukkende dakrak. Oorland-reise is vet pret, of hoe?

Buiten 'n paar kameel-perde, olifante, vlakvarke en

bokke sien ons nie baie diere in Chobe nie. Dis omtrent agt uur se ry van Chobe se Mababehek af tot by Kasane én jy het 'n dagpermit nodig. In Kasane kamp ons by die Chobe Safari-lodge en geniet 'n welverdiene blaaskans wat die siel verkwik. Hier is 'n bosbok in die kampplek én 'n vlakvarkgesinnetjie wat elke oggend kom kuier.

Die uitsig oor die Choberi-vier en al die wild wat ons hier sien, laat ons vergeet van al

die uitdagings wat ons al te bowe moes kom. Op 'n bootrit sien ons hoe olifante van Botswana af deur die rivier Nami-bië se kant toe swem terwyl die son besig is om water te trek. Die boot vaar só naby verby dat jy byna aan die diere kan raak... as jy nie van beter geweet het nie, natuurlik. Ons sien koedoes, sebras, spring-bokke, kameelperde en selfs 'n swartwitpens. Die rivier en al die diere hier is 'n wonderlike ervaring.

>

Ons volgende bestemming is Zimbabwe en ons mik na die Victoriawaterval. Dis nogal bedrywig hier en 'n mens voel asof jy in 'n ander wêreld is. En jy betaal in Amerikaanse dollar vir álles, wat beteken dis allermens goedkoop.

Ons besluit op 'n pakket-aanbod wat al die belangrikste aktiwiteite insluit. Ons besoek die waterval self, die kinders baljaar op 'n sweeflyn by die Look Out Café in die kloof, ons beleef 'n wonderlike skemerkerkiewaart op die Zambesirivier, stap op die brug van Zimbabwe na Zambië, en gaan kyk na die 2000 jaar oue kremetartboom en proe aan sy vrugte.

Ons kamp by Shearwater, maar daar is nog een ding wat die kinders baie graag wil doen: 'n besoek aan die krokodilsentrum. Hulle hou daarvan om die kleintjies vas te hou en laat slange om hulle nek hang. Ek is nie juis gaande oor diere in aanhouding nie en verkies dit om hulle in die natuur te ervaar, maar dis tog belangrik om in ag te neem dat plekke soos dié help met bewaring.

Weens die hoë pryse eet ons maar min terwyl ons hier rondslinger en spaar die groot eet en drankies vir wanneer ons terug is by ons kampwa.

Ondanks die Amerikaanse dollar is dit 'n ongelooflike ervaring om die oggend wakker te word met die 'rook' van die water wat om jou hang en jy besef dis een van die wêreld se sewe natuurlike wonders wat met jou gesels.

'n Mens moet die krag en grootsheid van hierdie watermassa minstens een keer in jou lewe beleef. Dis 'n moeilike ervaring om te beskryf – jy besef eers die wonder daarvan wanneer jy dit met jou eie oë sien.

En dan moet jy hoop daar die oorweldigende gevoel van blydschap heers nog wanneer




“


Dis 'n moeilike ervaring om te beskryf – jy besef eers die wonder daarvan wanneer jy dit met jou eie oë sien.

”



GESONDHEID, OU SEUN! Dit bly menslik om oorsigtig te wees wanneer jy in Amerikaanse dollar moet betaal, maar as jy slim te werk gaan, soos Nolene-hulle, kan jy die Victoriawaterval en al sy attraksies geniet sonder om 'n tweede verband op jou huis uit te neem.





jy by die plaaslike grenspos aankom, want dit laat selfs ons oë rek wat van 'n SAOGLand af kom. In Zambië is die grenstarief 'n duiselingwekkende US\$50 per persoon... dis R900 vir elkeen van ons!

Sake verloop darem heel glad by die grenspos tussen Zimbabwe en Botswana, waar ons deur 'n ontsmettingsmiddel moet stap. As jy verder noord in Afrika was, word jy ook medies ondersoek, maar dit was nie vir ons nodig nie.

Ons sien vir oulaas hoe die

son oor die Choberivier sak en durf die volgende dag die grenspos tussen Botswana en Namibië aan. Aan die Botswanakant wil die beamptes almal se skoene hê sodat dit ontsmet kan word, maar daarna verloop sake vlot. Namibië verwelkom ons terug soos net dié land kan toe ons 'n olifant en kameelperd kry nog voor ons 50 km gery het.

Ons toer was vol uitdagings, maar ook vol ongelooflike oomblikke en pragtige

natuurskoon. Die Metalian het die huis uiteindelik in een stuk gehaal en Bruzer, ons getroue Prado, was sommer dadelik weer reg vir die volgende avontuur.

Ons is dankbaar wanneer ons terugdink aan hierdie reis. Ons besef opnuut die beste herinneringe word gemaak op verlate stofpaaie en onder die sterre. ”

As jy die gesin se avonture wil volg, soek op Instagram na “travel_with_nolene”.



Nolene wen 'n koelsak ter waarde van **R575**. Of jy nou kamp, pieknik hou of langs die krieketveld sit, dié koelsak het onder meer plek vir 'n kosblik én genoeg ruimte vir 'n 1,5 l-koeldrankbottel. Daar is ook nog pakplek in die boonste helfte vir 'n bottel die helfte van dié grootte. Verder is die binnekant met 'n PVC-laag uitgevoer, wat dit maklik maak om die koelsak skoon te hou. Die sak het ook

CAMP COVER



www.campcover.co.za

'n handvatsel wat bo-oor kom en met klitsrits heg, asook 'n skouerband as jy jou hande los wil hê. campcover.co.za



TENTCO®
Est 1992

TENTCO BOKS

IDEAAL VIR AL JOU BERGINGBEHOEFTE



VERBETERDE, STERKER KNIPPE



VERSINKDEKSEL-ONTWERP



VERSTERKTE DUBBELWAND-HOEKE



GERIEFLIKE DRAHANDVATSELS



KEPE VIR DRABANDE



STAPELBAAR OP OU EN NUWE TENTCO BOKS

GEBOU OM TE HOU | BEWYS | BESTE VERKOPER

E-POS: info@tentco.co.za
TEL: +27 11 397 6451

GROOTSTE VERVAARDIGER van seiltente in Afrika
www.tentco.co.za

Follow us on



Oubaas se hōnne...

Die enigste rede hoekom jou hondjies deesdae so knaend blaf, is omdat hulle wil gaan kamp!

Saamgestel deur **Leon Botha**

KAMP WEGBREEK



Troeteldiervoorwaardes Alle diere is welkom hier.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 'n Nuwe kampplek op 'n plaas met 4 staanplekke en plek vir tot 16 mense. Jy bespreek die hele private kampplek vir jou en jou mense. Die staanplekke het gras, plek-plek koelte en hier is 2 braai-plekke.

Ablusiegeriewe 1 ablusiegebou met 2 aparte badkamers en 'n sonkragstelsel wat vir warm water sorg. Die opwasplek is tussen die badkamers, wat elkeen 'n stort en toilet het.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak admin@vleihoek.co.za

plaaswegbreek.co.za 082 292 8989

Naaste dorp Barrydale 7 km.

Hoe lyk die pad? Jy kan jou padwa op die grondpad tot hier sleep, maar wees versigtig wanneer dit reën.

GPS S33.893393 E20.767075

SWARTBERG WILDS



Troeteldiervoorwaardes Hou jou vier-beenkinders mooi dop, want hulle mag nie 'n steurnis wees vir jou kampbure nie.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 5 afsonderlike kampterreine sowat 500 m uitmekaar met geriewe wat wissel van gemeenskaplike staanplekke tot private kampe.

Ablusiegeriewe Aparte storte en toilette in Kamp 1 en 2. Hier is warm water.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie, maar hoor by die oordmense as jy in die besige tyd wil kom kamp.

Kontak info@swartbergwilds.com



swartbergwilds.com 071 534 4632

Naaste dorp Oudtshoorn 45 km.

Hoe lyk die pad? 2 km grondpad wat nie geskik is vir gewone waens nie. En ry liefies met 'n hoë ryding.

GPS S33.390507 E22.038585

BREEDE ESCAPE



Troeteldiervooraardes Jy moet vooraf reël as jou troeteldiere saamkom, en dan moet hulle daaraan gewoon wees om te kamp. Amerikaanse pitbullterriërs of verwante rasse word nie toegelaat nie.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 4 omheinde staanplekke met krag, 'n opwasplek en ingeboude braai-plek en vuurput. Jy staan op gras onder ordentlike koeltebome.

Ablusiegeriewe Jou eie badkamer op jou staanplek met 'n toilet, wasbak en stort en gasgeiser.

Aankoms- en vertrektyd 13:00 en 10:00. Op Sondag en vakansiedae kan jy egter tot laatmiddag bly.


Kontak 📧 info@breedeescape.co.za
🌐 breedeescape.co.za ☎ 082 895 7951

Naaste dorp Bonnievale 15 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 3 km is 'n goeie grondpad.

GPS S33.980492 E20.198005

GROETKLIP-RIVIERKAMP



Troeteldiervooraardes Die oordmense verkies klein en middelslag-honde.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 9 staanplekke langs die Elandsrivier met bome tussenin vir privaatheid. Elke staanplek het 'n ingeboude braai-plek en 'n plaveiblad van 6 x 6 m vir jou wa. Die middelste staanplekke deel 'n plonspoel en boma. Hier is nie elektrisiteit nie, maar wel sonkragligte, en die WhatsApp-sein is nie te waffers nie. Hier is staproetes.

Ablusiegeriewe Aparte geriewe vir mans en vroue en 'n gemeenskaplike kombuis met sonkragligte. 'n Donkie sorg vir warm water en die oordmense sorg dat daar brandhout is vir die donkie.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie – jy kan reël as jy vroeër wil opdaag.

Kontak 📧 groetklip@gmail.com
🌐 groetklipriviercamp.co.za ☎ 082 378 2776


Naaste dorp Koster 14 km.

Hoe lyk die pad? 3 km openbare grondpad tot by die hek en 1,5 km tot in die kampplek.

GPS S25.822565 E26.762833

>

DRIE EENHEID BOERDERY-BOSKAMP



Troeteldiervooraardes Jou honde moet aan 'n leiband en deurgaans onder beheer wees. Dit is ook jou verantwoordelikheid om agter hulle skoon te maak.

Was ons al hier? Nee.

Kampek 15 onafgebakende staanplekke op gras met heelwat koelbome. Die kamp het 'n elektriese heining om. Die oordmense bied wildritte op 'n sleepwa agter 'n trekker en 'n begeleide staptoer deur die wildkamp aan, en hier is 'n 4x4-roete.

Ablusiegeriewe 2 baie basiese storte en 2 toilette met 12V-ligte vir almal se gebruik. Die eienaars stook 'n donkie vir warm water.

Aankoms- en vertrektyd Geen vaste tye nie.

Kontak wildlifefsecure@gmail.com




083 304 1565

Naaste dorp Pienarsrivier 9 km.

Hoe lyk die pad? 3 km van die Rust de Winter-teerpad af, maar dis 'n selfgeteerde plaaspad. Die laaste 800 m is goeie grondpad.

GPS S25.212696 E28.389480

GROOT-WATERVAL



Troeteldiervooraardes Alle diere is welkom, maar jy betaal ekstra as jy vir Wagter saambring.

Was ons al hier? Nee.

Kampek Staanplekke met plek vir 3 tot 5 groepe tussen rante op 'n plaas in die hart van die Karoo. Hier is koelbome en 2-3 kolle gras as staanplek. Hier is slegs 12V-krag beskikbaar en selfoonontvangs is beperk.

Ablusiegeriewe 3 geboue elkeen met 'n wasbak, toilet en stort (2 het 'n omheinde buitestort). Die skottelgoedopwasplekke is by die badkamers en gasgeiser vir warm water.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00, maar buigsam in stiller tye.

Kontak grootwaterval@gmail.com



grootwaterval.co.za 083 444 3869 of 083 265 4270

Naaste dorp Prins Albert 45 km.

Hoe lyk die pad? 45 km grondpad, en die laaste 7 km is 'n plaaspad wat mooi onderhou word, maar dis steeds meer geskik vir hoër voertuie en boswaens.

GPS S32.998293 E22.210237

KAREEKRANS



Troeteldiervoorwaardes Jou troeteldiere moet aan 'n leiband wees en mag nie op hulle eie rondloop nie.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 10 staanplekke met krag en private badkamergeriewe. Van die staanplekke het gras en elkeen het sy eie boma met braaiplek. Die selfoonsein is nie oral ewe sterk nie.

Ablusiegeriewe Jou badkamer het 'n stort, wasbak, toilet en opwasplek.

Aankoms- en vertrektyd 13:00 en 11:00.

Kontak 📞 bookings@kareekrans.co.za



🌐 kareekrans.co.za ☎ 082 827 9604

Naaste dorp Rustenburg 35 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 10 km is 'n goeie grondpad en jy sal regkom met jou gewone padwoonwa.

GPS S25.576257 E26.890410

INKWAZI KEI



Troeteldiervoorwaardes Jou honde is net in die stiller tye welkom. Hulle moet goeie maniere hê en nie die wêreld vol hardloop nie.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 'n Nuwe kampplek met onafgebakende grasstaanplekke op die oewer van die Keirivier met braaiplek en koelte hier en daar.

Ablusiegeriewe 'n Warm stort en 'n chemiese toilet.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie.

Kontak 📞 inkwazikei@gmail.com

📱 Inkwazi Kei Eco Resort ☎ 073 562 0801

Naaste dorp Keimond 8 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 7 km is grondpad waar jy net met 'n hoër voertuig en boswa gaan regkom.

GPS S32.640083 E28.352574 📍

OMODA C9


Batterye bo!

Met die Omoda C9 SHS se hibriede aandrywingstelsel kan jy kies tussen die petrolenjien of batterykrag. Ons toets watter een werk die beste onder watter omstandighede.

Teks en foto's **Cyril Klopper**



GALANT. Die dagryligte (bo) is een lang strook LED's wat oor die breedte van die kar strek en die deurknippe sink plat in die bakwerk in (regs onder) nes 'n Range Rover s'n. Die vier groot uitlaatpype (onder) is vals; die ware uitlaatpype is in die onderstel versteek.



Toe ons hoor ons gaan 'n elektriese voertuig toetsbestuur, was ons heel eerste gedagte om 'n nabye wildreservaat te besoek en 'n trop bokke geruisloos te bekruip om van nader foto's te neem. Maar toe ons hoor dis 'n hibriede ryding, het daar nóg deure vir ons oopgegaan, want nou kon ons 'n verafgeleë nasionale park besoek. Daarom het ons koers gekies na die Bergsebra- nasionale park in die Oos-Kaap om te sien wat in die Omoda C9 SHS steek.

Wat het ons hier?

Omoda is deel van die Chinese Chery-groep, maar dié handelsnaam is bedoel om effens luukser te wees as sy moedermaatskappy. Die vlagskipmodel-C9 is inderdaad luuks verby en herinner aan 'n Volvo gekruis met 'n Mercedes-Benz en 'n Range Rover.

Die C9 SHS se hibriede stelsel bestaan uit 'n 1,5 l- turboaangejaagde petrolienjin onder die enjinkap wat 105 kW en 215 Nm uitskop, en drie elektriese motors wat die syfers opjaag tot 'n allemintige 440 kW en 915 Nm.

Binnelangs

Die binneruim is só weelderig dat 'n mens byna voel jy moet seker maak jy's skoon genoeg om op die spierwit sitplekke te sit. Voor jou is twee digitale skerm wat vermom is om soos een lang skerm te lyk. Saam wys hulle inligting soos jou spoed, banddruk, batterylading, brandstofvlak en nog meer. Die enigste inligting waaraan ons gewoon is wat nie beskikbaar is nie, is 'n toereleser en die enjintemperatuur.

Jy wissel die outomatiese ratkas met 'n steeltjie regs van die stuurwiel. Lig die steeltjie om R vir trurat te kies en druk dit af om D vir ry te kies. Daar is geen aansit-terknop of handrem nie; jy klim eenvoudig in die kar, gordel vas, druk die steeltjie na D en daar gaat jy!

Die flinkerlig en ruitveër se steeltjie is links van die stuur, en ons moet tot ons skaamte erken ons het in die eerste paar minute voor die stuur gereeld trurat inge- haak terwyl ons eintlik links wou draai. 'n Mens raak egter gou gewoon daaraan.

Al die sitplekke is elektries verstelbaar en die voorste twee se knoppies sit op die deure eerder as op die sitplekke self soos ander vervaardigers dit doen. Die agterbank se rugleuning is verstelbaar, en as jy links agter sit, kan jy selfs die sitplek voor jou met jou eie stel knoppies beheer. >

Die voor- én agtersitplekke kan verhit en verkoel word – praat van luuks! Sussie kan ook kies om die lugreëling aan haar kant van die kar warm te maak terwyl boeta sy kant koeler verkies. En bo al die insittendes is 'n enorme glasdak wat strek van voor tot heel agter.

Hoe ry hy?

In kort soos 'n droom. Die Omoda C9 SHS het ses ritmodusse: eko, normaal, sport, sneeu, modder en grondpad. Ons is oortuig dat minstens een van dié modusse by jou sal aanklank vind.

Ons was tevrede met die normale ritmodus, want jy kry 'n gawe balans van die Omoda se ritgehalte. As jy egter hou van stywer vering, swaarder stuuraksie en skerper remkrag, dan sal die sportmodus jou gunsteling wees.

Ons het die Omoda se programmatuur gevra om vir die langpad Oos-Kaap toe ewe veel op battery- as enjinkrag staat te maak. Dit het 'n brandstofverbruik van 5,5 l/100 km gelewer wat heel skaflik is. Die battery se lading het egter tot 25% gedaal.

Toe ons die Bergsebra- nasionale park nader, het ons die blikbrein aangesê om meer op die enjin staat te maak, en die battery is binne 'n halfuur gelaai tot op 75%. Dit het ons in staat gestel om die hele park te verken op suiwer batterykrag sonder die gedruis van die enjin. 'n Hele paar diere het hulle boeglam geskrik toe ons onverwags agter hulle verskyn. Dit was ook sô stil dat ons die gekwetter van elke voëltjie kon hoor.

Ons enigste klagte oor die rit is die Omoda se veiligheidstelsel. As jy te veel rondryk na die blikbrein se sin, lui 'n alarm met 'n boodskap dat jou aandag afgelei word. Dit gebeur nie net as jy stadig tussen wild rondry nie, maar ook op 'n snelweg wanneer jy daarop probeer fokus om 'n vragmotor verby te steek.

Die mededingers

Deesdae is daar heelwat mededingers in die hibriede kategorie, maar min van hulle het die Omoda se reikafstand van 1 000 km (hibried) en 150 km (suiwer elektries).

Hoewel ons nog nie almal bestuur het nie, kies ons die BYD Sealion 6, Chery Tiggo 8 en Volvo XC90, want hulle bied almal hope beenspase en goeie brandstofverbruik. Jy kan hulle batterye ook, nes die Omoda C9 SHS s'n, by die huis laai met 220V-krag.

Die Omoda se battery neem egter die langste om te laai – 12 uur van 10% tot 100%



INNOVEREND. 'n Groot deel van die onderstel word opgeneem deur die battery (bo), maar Omoda het nie die brandstoftekniek verklein nie en jy kan steeds 70 l ingooi. Jy's egter 'n noodwiel kwyt – in die plek daarvan is 'n blikkie skuim wat hope-lik 'n gaatjie in 'n band sal toestop.



SPESIFIKASIES

Model	C9 SHS
Enjin	1,5 l-petrolenjin en drie elektriese motors
Krag	440 kW
Wringkrag	915 Nm
Ratkas	3 spoed- outomaties hibried (DHT)
Aandrywing	Allewielaandrywing
Grondvryhoogte	165 mm
Tenk	70 l
Brandstofverbruik	5,5 l/100 km (getoets)
Bandgrootte	245/50 R20
Gewig (BVM)	2 717 kg
Afmetings	4 775 (l) x 1 920 (w) x 1 671 mm (h)
Sleepvermoë	1 500 kg (gerem)
Veiligheidsgradering	★★★★★ (Euro NCAP)
Waarborg	7 jaar/200 000 km (algemeen) en 10 jaar (battery)
Diensplan	7 jaar/100 000 km
PRYS	R999 000

“

...die Omoda C9 SHS het nie 'n noodwiel nie.

”

– maar in ruil daarvoor kry jy ook die beste reikafstand op suiwer batterykrag.

Slotsom

Ons was beïndruk deur die Omoda C9 SHS, want hy't ons nie moeilikheid gegee nie. Buiten die alarm wat ons aandag onderbreek het met sy waarskuwing dat ons aandag moet skenk, was die rit sonder voorvalle – nie eens 'n lekband met daai 20 duim-velings nie. Ook maar goed so, want die Omoda C9 SHS het nie 'n noodwiel nie.

Ja, teen R1 miljoen is hy peperduur, maar dit voel of dit die geld werd is. 'n Mens is wel net huiwerig om soveel geld uit te haal vir 'n handelsnaam wat maar 18 maande in die land is, of hoe?



VAN DIE MEDEDINGERS
Inprop- hibriede rygoed van die goedkoopste tot die duurste



R689 900

BYD Sealion 6 Premium

Jy kry 70 km op suiwer batterykrag, daarna slurp hy petrol.



R729 900

Chery Tiggo 8 CSH

Soortgelyke syfers as die Omoda, want hy is immers 'n minder luukse stalmaat.



R1 936 500

Volvo XC90 Ultra Dark

Jy kan op suiwer batterykrag ry, maar net vir kort entjies. Hy's egter weelderig verby.

Gawe kryger



NISSAN NAVARA PRO-4X WARRIOR

Ons mik na die Kalahari en sleep oor 12 dae 3 000 km ver om te kyk hoe die gepantserde Nissan Navara Pro-4X Warrior hom voor 'n wa gedra.

Teks en foto's **Leon Botha**

Met sy opgekikkerde bande, vering, grondvryhoogte, wielspoor en nader- en vertrekhoek is die Warrior nóg beter gerat vir veldrytoestande as die Navara Pro-4X se standaardmodel.

Maar hoe raak dit jou as jy iemand is wat hoofsaaklik teerpad – of hoogstens 'n kort stukkie grondpad – tot by die kampplek ry? Ons haak Okto se eerste boswoning, die Wasp, en durf teerpaai (sommige besaai met slaggate), rooi Kalaharisand, klipperige en sinkplaatgeryde grondpad en diep plasse water met die Warrior aan.

Wat is die verskil?

Buiten die kosmetiese veranderinge soos die voorste buffer en breë wielboë is daar

heelwat beduidende verskille tussen die Pro-4X en die Warrior, 'n ombouing deur 'n onderneming genaamd Premcar. Gaan kyk by navarawarrior.co.za.



Hoewel dit in 'n sleeptoets nie te veel saak maak nie, is die Warrior se nader- en vertrekhoek onderskeidelik 3,5° en 0,5° beter as die Pro-4X s'n. Sy 275/65 R17-bande is ook breër as die standaardmodel se 255/65 R17-tekies, wat die middelpunthoogte van die wiel beïnvloed. Die Warrior-band se sywand is 13 mm hoër, en omdat die wiel se omtrek nou 26 mm meer is as die standaardband, is die toere effens laer teen jou sleepspoed. Dit is dus heel gepas vir 'n dieselenjin soos dié waar meer wringkrug teen laer toere beskikbaar is.

Op 1 875 mm staan die Warrior 30 mm hoër, maar sy grondvryhoogte is volgens die

spesifikasies 40 mm beter. Laastens trap hy 'n spoor 30 mm breër as die gewone Pro-4X s'n. Wat ooreenkomste betref, het die Warrior dieselfde 2,5 l-dieselenjin met 450 Nm wringkrug, en sy 80 l-brandstoftank, sewespoed-automatiese ratkas, brutokombinasie-massa (BKM), brutovoertuigmassa (BVM) en sleepvermoë stem ook ooreen.

Haak aan!

Trukameras is algemeen onder nuwer sleepvoertuie en dit bly 'n uitstekende hulpmiddel as jy die wa wil haak terwyl jou mense hulle laaste draaie loop. Die Warrior se stelsel is uiters bekwaam en jy besef dit sommer met die eerste haakslag. Onthou net om eers die wa se koppelstuk minstens 55 cm te lig met die neuswiel sodat dit hoog genoeg is sodat



die bol onder dit kan in pas. Wanneer jy trurats haak, sien jy die beeld na agter op die skerm in die middelste paneel. Die statiese indekslyne krom soos jy die stuur draai om reguit tot teen die wa se koppelstuk te kom – tot die sensors jou waarsku dat die wa in die pad is. Die knoppie om die alarm stil te maak is by jou regterknie.

Die skerm werk goed en die outomatiese ratkas is ewe gehoorsaam wanneer jy die bakkie stadig terugstoot om te haak.

Die stang is van Bosal en is standaard. Die gradering is vir 'n neusgewig van 140 kg en 'n sleepgewig van 3 500 kg, wat ooreenstem met die Navara se sleepvermoë.

Die LED-lig in die basis van die harnassok is 'n slim plan. Dié lig skakel vir 'n rukkie aan wanneer jy die Warrior met sy afstandbeheer

oopsluit. Jy kan dus sien waar die wa se ligteprop ingedruk moet word, selfs al is dit ook pikdonker. Boonop is jou maermerrie ook effens veiliger as jy saans agterom die bakkie stap, want jy kan sien waar jy loop.

Die blikbrein registreer ongelukkig nie die wa nie; dus begin hy kla wanneer jy terugstoot en die stelsel dink jy gaan in iets vasry. Boonop waarsku hy jou ook dat daar iets in jou blindekol is.

Bedags is die blindekolsensors nie 'n steurnis nie. Dis heel wakker en waarsku jou betyds wanneer iemand verbystee waar jy nie kan sien nie. Snags is dit wel 'n ander storie; dan is die sensors blykbaar sensitiewer. Ons het 'n paar keer 'n vals alarm gekry, hoofsaaklik van die een regs.

Onder die Wasp se neusgewig van 80 kg

het die bakkie se agterkant 35 mm gesak, wat beteken die hoofligte skyn hoër. Op een 500 km-skof kort voor middernag het die meeste karre van voor gekla die ligte skyn in hulle oë, maar ons het nêrens 'n knop gesien om die ligte se hoek laer te stel nie.

Wat die bande betref, loop die Maxxis RAZR-veel terreinbande se loopvlak sowat 'n derde om tot op die sywand. 'n Mens sou dus aanneem die bande gaan erg raserig wees wanneer jy heelpad teerpas sleep, veral as jy die ernstige groewe in ag neem waarin jou vinger kan pas. Dit is egter nie die geval nie en ons het nie veel padgeraas opgemerk nie, selfs met die ruit afgedraai.

Die Navara-bakkies is nie skaam as jy wil verbystee nie. Ons kon deur die bank gemaklik teen 100-120 km/h sleep wanneer >



die padtoestande dit toegelaat het. Ons was natuurlik versigtiger op grondpaaie, maar dis duidelik dít is die speelplek wat die Warrior verkies. Ons het wel gevind dat jy aanvanklik sag op die pedaal moet wees, want die agterwiele wil-wil tol wanneer jy wegtrek.


'n Mens verwag 'n redelike swaar brandstofverbruik, veral ná ons vorige Navara-ervaring toe ons 1 400 km deur Mpumalanga gery het. Die syfer toe was 12,05 l/100 km. Die GT Camper Exclusive wat ons toe gesleep het, het 'n tarra van 1 020 kg en is boonop kleiner en ligter as die Wasp (1 180 kg) dié slag. Hy het ook netjies in die bakkie se glystroom gepas terwyl die Wasp meer wind geskep het.

Ons het die brandstoftenk 14 keer volgemaak en die gemiddelde verbruik was 14 l/100 km, met die beste syfer 12 l/100 km en die swakste 17,2 l/100 km (35,6% hoër). In ideale omstandighede gaan jy dus 664 km ver kan sleep met 'n wa soortgelyk aan die Wasp, maar as jy die berge invaar en die wind van voor kry, gaan jy net 464 km haal. Met die gemiddelde afstand per tenk van 568 km kan die meeste slepers saamleef.

Ons kollega Cyril Kloppe het einde verlede jaar ook die Warrior onder hande gehad vir sy Ry-indruk-artikel in ons Desember 2025-Januarie 2026-uitgawe. Hy het van Johannesburg af die KwaZulu-Natale Middelland ingevaar en 'n brandstofverbruik van 10,1 l/100 km gekry – uiteraard sonder 'n wa. 🚗




SLEEPPKONING. Al is die Warrior slag-gereed vir veldry, skort daar niks met sy sleepvermoë nie. Met 'n tarra-gewig van meer as 2 000 kg sal jy die meeste woonwaens op die pad mag sleep.




SLEEPPROFIEL

Hoogte bo seespieël



Totale afstand 3 073 km Tydperk 12 dae Pad Snelweë, agterpaaie, beboude gebiede, en grond- en sandpaaie



Die sleepding

Fabrikaat Okto

Model Wasp

Jaarmodel 2026


BVM 1 600 kg

Ry & Sleep het die Okto Wasp by Loftus Caravan City geleen. ☎ 011 792 1456 📧 info@loftuscaravans.co.za
🌐 loftuscaravans.co.za

SPESIFIKASIES

Model	Pro-4X Warrior
Enjin	4 silinder-turbodiesel
Krag	140 kW @ 3 600 r.p.m.
Wringkrag	450 Nm @ 2 000 r.p.m.
Ratkas	7 spoed-outomaties
Aandrywing	Agterwiele of 4x4 met ewenaarslot
Tenk	80 ℓ
Brandstofverbruik met woonwa	14 ℓ/100 km (7,1 km/ℓ)
Reikafstand met woonwa	568 km
Tarragewig	(lisensieskyf) 2023 kg
BVM	3 115 kg
BKM	6 130 kg
Sleepvermoë	3 500 kg
Sleepstang-gradering	3 500 kg
Sleepstang se maksimum vertikale gewig	140 kg
Is die stang verwyderbaar?	Nee, net die stangarm en bol
PRYS	R924 000

Ry & Sleep sê Die Warrior het hom oor 3 000 km bewys as 'n gemaklike sleepvoertuig. Jy voel tuis agter die stuur en nêrens was dit nodig om af te trek om eers die bloedvloei deur die bene weer aan die gang te kry nie.



www.weg.co.za

PRO-4X
WARRIOR

Die kat kom weer!

Die Mbada van Tuff Cats is beskikbaar in drie variante, met die 2D Max 'n toonbeeld van die nuutste tendense.

Teks en foto's **Leon Botha**




TUFF CATS MBADA 2D MAX



Al die modelle in die Tuff Cats-reeks is genoem na die Shona-name vir drie van Afrika se groot katte: die Shumba (leeu), Dindingwe (jagluiperd) en Mbada (luiperd).

Die drie Mbada-modelle is onlangs vernuwe. Die opsigtelikste verandering is die elektriese opwipdak wat tot oor die neuskas verleng is om aan dié waens 'n nuwe gedaante te gee. Die Mbada 2 Max het slaapplek vir twee terwyl die Mbada 4 Max vier mense huisves. Ons toetsmodel, die Mbada 2D Max, is ook vir twee mense ontwerp en het twee deure.

Van die standaardtoerusting sluit in die tweeplaatgasstoof, gasgeiser, Victron-kragstelsel met laaier, sonpaneelbeheerder en 100 Ah-diepsiklusbattery, die opwasplek agterlangs met 'n storttent, storkop en wasbak, en die uitswaaistoepdak.



Uit by die deur

Die ekstra deur sorg nie net vir meer ooppte na buite nie, maar is ook die deur vir die badkamer. Die deure is regoor mekaar in die stertkant. Die storttent slaan om die tweede deur op en skep dus ekstra private ruimte buite die wa. Die ruim afskorting (2,2 x 1,5 m) het nie 'n dak nie, maar is privaat genoeg dat jy selfs die deur kan oop los om lugvloei deur die wa te bewerkstellig.

Aan die binnekant van die deur is 'n rakkie van vlekvrystaal vir jou badkamergoed wat op 'n gerieflike hoogte platslaan. Die gasgeiser is in die buitekas langs die deur en die storkop haak regs van die geiser in.

Die wasbak is onder die geiser in die onderste deel van die kas teen die romp opgeslaan; jy slaan dit bloot plat as jy die wasbak wil gebruik.

Hier is 'n vierkantige spieël in die kasdeur met hakies bo dit vir waslappe en dies meer. Die prop vir die 120 l-water-tenk is links onder die kas.

Die raamwerk vir jou opwasplek is 182 x 40 cm groot en is aan die agterkant weggevou tot teen die romp. Die los droograk pas links in die raam en twee skottels pas regs in met pakplek tussen-in. Die mengkraan met sy swaairop is agter die deur bo die twee skottels en jy kan die klein kas bo dit gebruik vir die vadoeke en skottelgoedseep.

Al is jy buite, staan jy hier onder dak, want die stoepswaaidak maak 270° oop en strek oor die hele buitekombuis én opwasplek. Van die dak se dwarsarms het 'n nokpaaltjie wat opslaan én daar is 'n los nokpaaltjie wat in die middel van die dak inpas sodat die water beter afloop wanneer dit reën.

Die dak se stutpale op die punte van die dwarsarms is met 'n skarnier aan mekaar vas en jy kan dit in die lengte verstel as jy op ongelyke grond opslaan.

Tuff Cats gebruik stroppe pleks van toue om die pale te anker. Dit werk goed omdat jy dit stywer kan span. Die tentpenne is 37 cm lank.

Die kas bo die A-raam het 'n trapeziumvorm en die kop van die bed pas in die boonste deel hiervan terwyl die ruimte onder dit jou neuskas is. Die gas-silinder staan links en regs is pakplek.

Die deure agter die neuskas, weerskante van die romp, is "vensterdeure" met gaas vir goggas. Die een regs is groter (115 x 47 cm) as die een in die buitekombuis, maar albei slaan met gasstutte boontoe op. Onder die regtervenster is twee kasdeure, albei met pakplek. Die kas regs het 'n plastiekbak op 'n glyraam in die onderste deel en 'n plat rak bo. >

Kombuismuur

Die hele linkerkant van die Mbada is een groot buitekombuis agter vyf kasdeure. Die ys-vrieskas staan op 'n glyraam heel links met die gasstoof op die punt van die laai. Dis praktieser as 'n vaste stoof op 'n werkblad omdat jy om dit kan beweeg en nie oor 'n kastrol hoef te strek om iets in 'n rak agter dit by te kom nie.

Die tweeplaatstoof is van gietyster en het 'n lae windscherm rondom. Jy kan die laai onder die stoof uittrek om die oliespatsele maklik skoon te maak.

Twee plat rakkies (32 x 23 cm) trek ook weerskante van die stoof uit as pakplek, en aan die voorkant is twee laaie wat met skuimrubber uitgevoer is. Hierin pas al die borde, glase en bekere.

'n Kas met twee plastiekbakke, elk op 'n glyraam, trek uit die kas langs die ys-vrieskas, en die werkblad (95 x 44 cm) slaan langs dit bo die wiel plat. Dis 'n oop blad van vlekvrystaal en jy hou hom maklik skoon omdat daar geen rand is nie.

Die drie rakke vir kruideniersware het seildeurtjies aan die agterkant sodat jy dit ook van binne af kan bykom. Dieselfde geld vir twee van die rakke in die boonste kas. Hierdie kas se deur swaai boontoe op, byna soos 'n dak bo die werkblad.

Vier wynglase pas in die kleiner kas links met plek vir wynbottels onder.

Binnenshuis

Die deure het eenderse versonke trappie binne en jy gebruik aan albei kante ook 'n los trappie voor die deur. Dis 'n kenmerkende trappie van Tuff Cats, omdat die trappie eintlik 'n deksel is vir 'n trommel waarin jy allerlei klein items kan wegpak.

In albei deure rits 'n gaas toe om die goggas buite te hou, en hoewel 'n mens dit nie op alle boswaens sien nie, behoort dit standaardtoerusting te wees.

Die skakelaars vir onder meer



Ry & Sleep sê Alle nuwe Mbadas word ná 6 maande gratis nagegaan, maar die eerste diens ná 'n jaar is vir jou sak. (Dit geld by All Out Caravan & Leisure Cara-Camp as jy die wa hier gekoop het).



die waterpomp, ligte, kragsokke, die voltmeterlesing en die batterymonitor is in die kosyn links van die deur, en so ook die knoppie vir die elektriese opwipdak. Vier elektriese motors sorg dat die dak 65 cm lig. Die paneel onder die knoppies kan oopmaak as jy die laaier, son-paneelbeheerder, smeltdrade en stroombrekers wil bykom. Die hele binnemuur tussen



die twee deure is een groot kas met verskeie seildeurtjies wat toerits – daar's selfs 'n kas met plek vir hangers.

As jy nou omdraai en na die voorkant van die Mbada kyk, is die rugkant van die buitekombuis links van jou met 'n enkelbank aan die oorkant.

Tussen die bank en die bed is 'n wasbak met pakplek weerskante plus 'n spieël agter dit.

Die dubbelbed staan in die lengte van muur tot muur (1,9 x 1,36 m) en drie plastieklaaie trek links onder die bed uit, elk op 'n glyraam. Hiernaas is 'n kragpunt (12V en 220V) vir verskeie soorte sokke.

Die wenner is die oop ruimte bo die bed danksy die nuwe dakontwerp. Elke slaper het 'n smal rakkie langsaan en elkeen het hulle eie kragpunte.



Inkopies


Buiten die standaardtoerusting wat ons reeds genoem het, is die volgende items ook deel van die standaardwa: 4 hoekstutte en die swaardiens-neuswiel, 'n 120 l-watertenk saam met die waterpomp en binnewasbak, die gaasnet in albei deure, 'n matras en leesliggies, verskeie LED-ligte, en 220V- en 12V-sokke.

Onder die opsionele ekstras tel 'n kasset-toilet (R2 995), DC-DC-50 A-laaier (R7 924), 100 Ah-litiumbatterye met kaste en bedrading (R9 097), 'n ekstra MPPT100/20-son-paneelbeheerder (R4 830), 20 l-mikro-golfoond (R2 484), skuiwers (R30 337), 'n 9 000 BTU-dubbeleelheidlugreëlaar (R17 365) en 'n 400-500 W- vaste sonpaneel op die dak (R5 727).

SPESIFIKASIES

Vervaardiger.....	Tuff Cats Offroad Caravans
Model	Mbada 2D Max
Slaapplek.....	2
Grootte	5,28 x 1,9 x 2,2 m
Tarra	1010 kg
Dravermoë.....	790 kg
BVM	1 800 kg
As	2 t
Wielgrootte	17 duim
Onderstel.....	Gegalvaniseer
Romp	Aluminium
Prys	R535 000

Handelaarsnetwerk Hoofkantoor en fabriek in Centurion plus 8 handelaars in Gauteng, Noordwes en die Wes-Kaap. **Kontak** ☎ 082 301 2393 ✉ sales@tuffcats.co.za 🌐 tuffcats.co.za



R535 000 TUFF CATS MBADA 2D MAX BVM 1 800 kg

VAN DIE MEDEDINGERS*
Boswone waens met slaapplek vir 2 en 'n tweede deur vir 'n buitestorttent



R485 000 BUNDU X BVM 1 800 kg

Romp van staal, aluminium en heuningkoek-paneel, gegalvaniseerde onderstel en 2,5 t-as.



R561 200 BUSH LAPA BAOBAB 315 BVM 1 800 kg

Romp en onderstel van vlekvrystaal met 'n 2,5 t-as.



R589 000 AFRISPOOR WILD CAT 2 BVM 1 950 kg

Vlekvrystaalromp, gegalvaniseerde onderstel en 2,5 t-as.

** Die prys is 'n aanduiding van 'n standaardwa – hoe elke model toegerus word, verskil van vervaardiger tot vervaardiger.*

Ry & Sleep het die Mbada 2D Max geleen by All Out Caravan & Leisure Cara-Camp, 'n handelaar van Tuff Cats. Bel vir Ernie Jacobs as jy die wa van nader wil bekijk. ☎ 083 290 3389

Elektriese oorlandreise

Elektriese en hibriede voertuie raak al hoe gewilder, maar daar is steeds vrae oor hulle geskiktheid vir oorlandreise. Ons bespreek 'n klompie voor- en nadele.

Teks **Cyril Kloppe** Foto's **Verskaf**

Reikafstand

Suiwer elektriese voertuie is uiteraard nie geskik vir oorlandreise nie. Daar is nie naastenby genoeg snellaaiers in Suider-Afrika om die wêreld met jou elektriese trokkie in te vaar nie. Trouens, daar's nie eens genoeg vulstasies nie en daarom piekel oorlandreisigers altyd ekstra brandstofkanne met hulle saam.

Jy kán 'n elektriese voertuig met gewone 220V-krag laai, maar dit neem 'n ewigheid. Dit sal jou tot raserny dryf as jy elke uur moet stilhou om 'n barmhartige Samaritaan te vra of jy vir 'n paar uur by sy huis kan inprop.

Elektriese voertuie het dikwels aansienlik meer wringkrag as 'n enjinaangedrewe ryding, wat beslis in jou guns tel op 'n 4x4-roete. Maar daardie hindernisse brand ook deur 'n battery se lading. As jy verstom is oor hoe vinnig die Sentraal-Kalahari-wildreservaat se sandpaaie jou brandstof tenk leeg tap, gaan jy die skok van jou lewe kry wanneer jy sien hoe vinnig sandpaaie 'n battery laat pap word.

Hibriede rygoed, daarteenoor, is beter vir oorlandreise, veral as 'n vervaardiger jou toelaat om te kies of jy die battery of die binnebrandenjinn óf 'n kombinasie van die twee wil gebruik.

Brandgevaar

Daar is bewerings dat elektriese voertuie makliker aan die brand slaan as rygoed met 'n binnebrandenjinn, maar statistiek dui op die teenoërlig. Die kans dat jou enjinaangedrewe trokkie gaan oorverhit en spontaan vlam vat, is hoër as dié van 'n elektriese voertuig.

Die probleem is egter die aard van die brand. As jy rook uit jou enjinkap sien dwarrel, is die kans goed dat jy genoeg tyd gaan hê om 'n brandblusser te gryp en die vuur te blus voor dit ernstige skade aanrig. Maar as die battery van 'n elektriese en hibriede voertuig



begin rook, is dit te laat – jy gaan dalk nie eens kans kry om jou paspoort en beursie te gryp nie.

Vervaardigers sal beskerming onderlangs moet aanbring, want die onderstel van elektriese 4x4-rygoed, waar die battery is, kry maklik skade op 'n oorlandreis. Die chemiese vuur van 'n elektriese of hibriede ryding is boonop moeilik om te blus.

Modifikasies

Dit is verspotmaklik om veranderinge aan 'n gewone 4x4-voertuig aan te bring. 'n Jeep

Wrangler is byvoorbeeld uit die staanspoor gebou sodat eienaars groter bande kan aanbring as hulle wil.

In 'n Wrangler se geval moet jy liefies ook die ratte in die laestekratkas vervang, want hulle omwenteling neem toe as gevolg van die groter wielomtrek. Hierdie soort ombouing is aansienlik moeiliker met 'n elektriese voertuig, maar nie totaal onmoontlik met 'n hibriede ryding nie.

Dis ook lekker om 'n vriend oor te nooi sodat hy jou kan help om 'n ys-vrieskas te installeer. Die ergste wat tipies gebeur as



te diens word soos goud opgepas deur vervaardigers. Dit is slegte nuus vir iemand wat daarvan hou om aan sy eie ryding te werk en die kennis wil hê om herstelwerk in die middel van nêrens te doen met sy eie gereedskapstel.

Ombouing

Daar is darem ook goeie nuus. In lande soos Amerika en Brittanje is daar deesdae al hoe meer maatskappye wat ouer rygoed omskep in elektriese of hibriede voertuie. Jy kan byvoorbeeld jou Series I Land Rover se binnebrandenjins vervang met elektriese motors en 'n battery – of die enjin hou, maar plek maak vir 'n hibriede stelsel.

Hierdie elektriese stelsels is dikwels eenvoudig genoeg dat enigiemand met die nodige kennis daaraan kan werk, terwyl die maatskappye sê dat hulle sover moontlik die voertuig se oorspronklike werking sal behou. Dit sluit dinge soos laestekratte en ewenaar-slote in.

Die tegnologiese nuwighede op jou Landie word ook aangebring met die oog op nuwe wetgewing wat op die horison wag. Dis mos lankal nie meer 'n geheim dat ringkoppe wêreldwyd van binnebrandenjins ontslae wil raak nie.

Veiligheid

Ons gaan nie ontken dat nuwe voertuie veiliger is as hulle voorgangers nie. Jy kry deesdae bakkes wat self rem wanneer 'n bees uit die niet voor jou opduik. As jy kan kies in watter voertuig jy van 'n krans af gaan tuimel, gaan jy eerder in 'n Defender PHEV wil wees as 'n Series I Land Rover, of hoe?

Daar is egter 'n klompie elektroniese affêrings wat na ons mening meer van 'n hindernis is as 'n bate. Neem byvoorbeeld die elektroniese parkeerrem van elektriese voertuie wat met die druk van 'n knoppie werk. Hierdie soort handrem is óf heeltemal aan óf af, terwyl jy 'n ou handrem kan werk deur hom so liggies of styf te trek as wat nodig is.

Europeërs kla ook dat die LED-hoofligte van hulle elektriese voertuie nie warm genoeg is om sneeu te laat smelt nie, wat daartoe lei dat paaie in die winter gevaarliker raak. Elektriese voertuie wat outomaties rem teen afdraandes om die battery te laai verloor ook blykbaar hulle vastrapvermoë op ysige paaie.

Slotsom

Elektriese rygoed is nie geskik is vir oorlandreise nie – trouens, dit kan selfs nadelig wees. Hibriede rygoed is meer geskik daarvoor, maar ook nie heeltemal nie, want daar is meer as 'n paar haakplekke wat nog uitgestryk moet word.

julle iets onnosels met die kar se bedrading aanvang, is 'n smeltdraad wat die gees gee. As jy te veel aan 'n elektriese of hibriede ryding se bedrading torring, kan dit rampspoedige gevolge hê.

Herstelwerk

Op elke dorp, groot of klein, is daar iemand wat weet hoe 'n binnebrandenjins inmeekaarsteek en hom vir jou kan regmaak as jy probleme het – jy gaan selfs dalk 'n motor-elektrisiën opspoor. Maar elektriese rygoed is aansienlik ingewikkelder.

Dit is boonop gevaarlik om aan die batterystelsel van 'n elektriese voertuig te werk en jy het iemand nodig wat spesiale opleiding het om 'n elektriese voertuig te diens.

Soos sake nou staan, wil die vervaardigers van elektriese en hibriede voertuie nie hê dat somer enigiemand in die tegnologie opgelei word nie. Dit is immers 'n ekstra inkomste vir die vervaardiger as jy jou ryding by 'n amptelike dienssentrum laat diens pleks van 'n private werktuigkundige.

Selfs die diagnostiese toerusting wat 'n mens nodig het om 'n elektriese voertuig

Dit kook in die bos!

Met hierdie produkte kan jy jou mense behoorlik bederf met 'n feesmaal in die kampplek.

Teks **Cyril Klopper** Hooffoto **Getty Images**
 Produktfoto's **Cyril Klopper** en **Verskaf**

Lus vir steak? Dalk 'n bredie, vis of pizza? Hierdie gewilde produkte, oud én nuut, omskep jou kampkombuis in 'n plek waar jy al hierdie gunstelinggeregte kan gaarmaak.



BRAAIMAXX-GASSTOOF EN -BRAAIPAN

Draagbare gasheer

Hierdie gasstoof gebruik gestandaardiseerde 227 g-gasblikkies én 227 g-"Born Free"-butaanblikkies wat 'n mens maklik in die hande kry.

Die stoof het 'n ingeboude aansteker en jy kan die vlamhoogte met 'n knop aan die voorkant verstel. Die gasblikkies hou genoeg gas vir sowat 90 minute se kooktyd op die hoogste vlam.

Jy kry 'n braaipan op die koop toe wat groot genoeg is vir 'n kilogram boerewors of ses groot eiers. Die pan het 'n glasdeksel sodat jy jou brekfis kan dophou.

Prys R1 600 by Outdoor Warehouse.



AFRITRAIL-PIZZAOOND

Italië op jou braaier

Afritrail sê sy pizzaoond kan 'n temperatuur van tot 300°C bereik, wat beteken jy kan 'n pizza binne 'n minuut gaarmaak – met 'n bros kors en al. Die oond het 'n klipblad en het genoeg plek vir een groot pizza.

Hy is draagbaar en jy kan hardehoutkole, houtskool of selfs 'n gasvlam gebruik om die oond te verhit. Die handvatsel en romp is hittebestand om te keer dat jy brandwonde opdoen wanneer jy hom van die braairooster afhaal.

Die vervaardiger sê die oond is nie beperk tot net pizza nie; jy kan ook platbrood, groente en selfs vleis ewe lekker hierin gaarmaak.

Prys R1 345 by Camp & Climb.


CADAC GRILLOGAS-GASBRAAI

Omdraai-braai

Cadac se gasbraaier is 'n ou bekende in die kampplek, en ons sal ons plig versuim as hy nie hier genoem word nie. Sonder sy gassilinder staan hy 70 cm hoog met die braaiskaar wat 38 cm breed is. Die skaar word van gietyster gemaak en jy kan jou spek en eiers op die plat plaat gaarmaak óf hom omdraai om jou vleis op die geriffelde kant te braai.

Hy weeg maar 5 kg en gebruik 204 g gas per uur as jy die vlam op sy hoogste draai.

Prys R1 200 by Outdoor Warehouse (gassilinder uitgesluit).



COBB-KOMBUIS

Alles-in-een

Die vervaardiger meen hierdie outjie is die wêreld se veelsydigste draagbare braai – en ons dink ons stem saam. Die stel bestaan uit 'n mandjie, twee dromme, 'n braairooster en 'n deksel. Die mandjie hou warm kole en die deksel en twee dromme wat binne mekaar pas, sorg dat warm lug jou kos gaarmaak.

Cobb verskaf ook 'n kookboek wat jou wys hoe om vleis te braai, groente te stoom, vis te rook, brood te bak, eiers te kook en vele meer.

Prys R1 600 by Outdoor Warehouse.



FIRESIDE-BRAAIPAN

Ontbyt én aandete

Fireside se braaipan is baie soortgelyk aan Cadac se Grillo-gas. Die een kant van die pan het riffels vir steakbraai en die ander kant is plat vir enigiets van pannekoek tot ontbyt.

Die gietysterpan is 40 x 25 cm groot en weeg 3 kg.

Die metaal is vooraf geolie en jy kan hom op 'n houtvuur én gasvlam gebruik.

Prys R500 by Outdoor Warehouse. >





DREEM FIRE KURU-BRAAIBOKS

Ons braai op hout!

Die Kuru-braai word deur Suid-Afrikaners vir Suid-Afrika-ners vervaardig. Dit lyk soos 'n tas wat van staal gemaak is, maar wanneer jy hom oopvou, is daar 'n mandjie in die middel waarin jy vuur stook met twee bakke weerskante van die mandjie waarop jy die vuurwarm kole uitkrap.

Bo een bak is plek vir 'n potjie en die ander het plek vir 'n braairooster. Die Kuru-braai weeg 20 kg en pas in 'n ammokis (ingesluit) wanneer hy opgevou is.

Die braairooster is 3 mm dik en word gemaak van 304- vlekvrystaal, terwyl jou brandende hout op stawe van 316- vlekvrystaal (10 mm dik) is.

Prys R7 495 by Just Like Papa.

FOREVER FIRE-VUURANSTEKER

'n Pot vol kampvuur

Hierdie is 'n gawe geskenk vir die spesiale braaier in jou lewe. Forever Fire het 'n handgemaakte keramiekpotjie wat jy vol olie tap – jy kry 1 l olie op die koop toe. Jy gebruik dan 'n metaalstafie om 'n herbruikbare lont binne die olie te doop, en hiermee steek jy jou vuur aan.

Dit is 'n deftige manier om jou kaggel aan te steek – die manne langs die braaivuur sal mateloos beïndruk wees.

Prys R1 000 by Outdoor Warehouse.



KAMADO JAN JNR-BRAAI

Padkos in 'n eier

Hierdie eivormige braaier is gegrond op 'n Japannese Mushikamado-stoof wat van koper en erdeware gemaak word.

Dit werk dieselfde as 'n Weber – jy brand houtskool daarin om jou kos gaar te maak. Die braaidrom van die een op die foto is 41 cm breed en van keramiek. Sy rooster is 34 cm breed.

Hy het 'n termometer in die deksel sodat jy kan sien of jou ete gereed is, en hy is lig en klein genoeg dat jy hom kan saamvat strand toe.

Prys R9 950 by Kamado Jan.

LK'S-ROKER

Lekker snoek!

Gerookte vis, ham of wors is alles groot gunsteling, en met hierdie roker kan jy dit sommer self doen. Met afmetings van 553 (l) x 300 (b) x 230 (d) mm is hy groot genoeg vir 'n gevlekte snoek.

Hy het twee roosters wat bo-oor mekaar pas; dus kan jy twee snoeke gelyk in hom rook. Die koopprys sluit die roker, 'n sak saagsels en rookwol in, maar nie die spiritus nie.

Prys R2 000 by Outdoor Warehouse.



TENTCO-BRAAIROOSTERSAK

Pas jou rooster op

Tentco se sak word gemaak van PVC-materiaal wat maklik skoonmaak en nie sommer sal skeur wanneer jy 'n staalrooster inlaai nie. (Mits jy natuurlik wag totdat die rooster afgekoel het...)

Aan die voorkant van die sak is 'n vakkie van skadunet waarin jy vuuraanstekers en 'n staalborsel kan bêre. Die sak bly toe met klitsrits en sy afmetings is 57 x 47 cm.

Prys R185 by Camp & Climb.



WONDERBAG

Potsierlik

Die Wonderbag is 'n Suid-Afrikaanse uitvindsel wat deesdae wêreldwyd verkoop word. Die gedagte is dat jy 'n pot kos by die huis verhit – dit hoef nie heeltemal gaar te wees nie – en dit dan net so in die sak laai. Die kos sal vir 'n uur of wat aanhou kook met 'n hitteverlies van minder as 30%. Die kos behoort gaar te wees teen die tyd dat julle by die kampplek of kerkbasaar aankom.

Die sak se binnemaat is 47 x 22 cm en is dus groot genoeg vir

'n 10 l-kookpot. Danksy die merkwaardige isolasie van die Wonderbag kan jy die sak ook gebruik om waterbottels of koel-drink koud te hou.

Prys R459 by Outdoor Warehouse.



STANLEY-WILDFIRE CORE-EETSTEL

Kombuis in 'n pot

Om kos gaar te kry is een ding, maar wat van bykosse en julle borde, bakkies en eetgerei wanneer dit tyd is om aan te sit? Stanley se Wildfire Core-stel met 26 stukke sluit in 'n 3,8 l-kookpot, 20 cm-pan, broodplank, skeplepel, eierspaan en borde, papbakkies, mesvurke (of dan *sporks*) en eetlepels vir vier mense.

Die hele lot pas alles in die kookpot en dit weeg altesame 2 kg. Dis veral geskik vir 'n gesin wat in 'n klein boswa vakansie hou.

Prys R2 000 by Outdoor Warehouse. 📦



KRY DIE PRODUKTE HIER

🌐 tentco.co.za 🌐 outdoorwarehouse.co.za
🌐 justlikepapa.com 🌐 kamadoja.co.za



Raak warm met...

aartappels!

Gebak, gebraai, gekook of gestamp – die nederige aartappel is pure winterkos en koning van die braaivuur.

Resepte en stiling Johané Neilson Foto's Ed O'Riley

GESTOOFDE GROENBONE Nostalgie op jou bord

Die bone in hierdie trooskos probeer nie eens om hulle kleur te behou nie. Dit is veronderstel om so sag en vaal te word.

Jy benodig

(genoeg vir 6 as bykos)

- 400 g lamsribbetjies
- 400 g groenbone, in stukkes van 2 cm gesny
- 3 middelslag-aartappels, geskil en in blokkies gesny
- 1 blokkie vleisaftreksel
- 1 suurlemoen
- 'n klontjie botter

Só maak jy

1 Sny die vleis van die been af en dan in klein blokkies. Verhit dit in 'n koue pan tot warm en braai die vleis oor taamlieke hoë hitte tot al die stukkes goudbruin en bros is. Geur dit behoorlik met sout en swart- of witpeper. Ek hou daarvan om 'n bietjie neutmuskaat by te rasper, en as die vleis nie vetterig genoeg is nie, 'n leksel olyfolie.

2 Roer die bone en aartappel by die warm pan en voeg net genoeg warm water by om die groente te bedek. Krummel die aftreksel oor en sit die deksel op.

3 Stowe die pankos saam vir minstens 40 minute tot die vleis en aartappels lekker sag is. Haal die deksel af en braai dit vir 'n rukkie oop, indien nodig, want dit moet sappig wees en nie sopperig nie.

4 Haal dit van die hitte af, rasper die suurlemoenskil oor en geur die bone met 'n skeut suurlemoensap. Stip dit met die botter wat jy dan laat insmelt.

Ry & Sleep sê Dié bykos het tradisoneel minder aartappel, en aan die einde word alles saam fyngedruk. Ek verkies om dit nie fyn te maak nie en hou van ekstra aartappel daarby. Besluit self. Jy kan ook die lam met gesnipperde spek vervang.

KERRIEHOENDERPOT Kerrie kraai koning

Dié kerrie is soet en geurig eerder as uitermate warm en behoort by die hele gesin byval te vind. Ek hou veral daarvan dat die aartappels die sous so lekker opslurp. As jy wil, roer aan die einde van die gaarmaaktyd 'n koppie bevrore ertjies by vir ekstra groente en verhit dit tot deurwarm.

Jy benodig

(genoeg vir 6)

- 2 eetlepels olie
- 2 uie, fyngekap
- 4 kardemompeule, fyngedruk
- 2 kaneelstokkies
- 2 lourierblare (vars of gedroog)
- 4 knoffeltoontjies, gekap
- 1 stuk vars gemmer van 2 cm, geskil en gerasper
- 1 groen brandrissie, pitjies uitgeskraap en fyngekap (of gebruik meer na smaak)
- 1 teelepel droë borrie
- 2 eetlepels geroosterde masala- of matige kerriepoeier
- 1 eetlepel appelasyn
- 1 eetlepel appelkooskonfyt
- ¼ koppie blatjang
- 1 koppie hoenderaftreksel
- 4 hoenderboudjies en 4 vellose dytjies
- 6 middelslag-aartappels, geskil en elkeen in 6 stukke gesny

- 'n strooisel gekapte vars koljanderblare (opsioneel)
- 1 koppie ongegeurde dik jogurt

Só maak jy

1 Verhit die olie in jou potjie en braai die uie stadig saam met die heel speserye tot die uie sag is. As die tyd dit toelaat, gooi kort- kort 'n bietjie water in die pot en laat dit droogkook sodat die geur stadig bou en braai. Ná sowat 20 minute behoort die uie karamelkleurig te wees.

2 Roer nou die knoffel, gemmer, rissie, borrie en masala by en braai alles saam vir 'n paar minute. Roer die asyn, konfyt, blatjang en aftreksel by.

3 Geur die hoenderstukke goed met sout en peper en plaas dit in die sous gevolg deur die aartappels en nog 'n strooisel sout. Vul nou die vloeistof met net genoeg water aan sodat die aartappels bedek is. Prut die potjie rustig vir minstens 'n uur met die deksel op.

4 Prut die potjie nou oop en maak seker die hoender is smeltsag en die sousie dik genoeg. Ek hou daarvan om 'n paar van die aartappels stukkend te druk om die sous te verdik.

5 Strooi die koljander oor en roer die helfte van die jogurt by. Sit die hoender voor met gestoomde rys en die res van die jogurt.

Ry & Sleep sê Die hoender en aartappels hoef nie in lae te bly soos in 'n tradisionele pot nie. Jy kan dit deurmekaar prut sodat die aartappels en kerrie lekker trou. >



PARMESAAN-PLATAARTAPPELS Plat, platter... perfek!

Ek gebruik klein aartappeltjies vir dié goudbruin bederfies, want dit is makliker om hulle om te draai in die botter en olie. As jy nie vars kruie byderhand het nie, geur die aartappel met 'n knippie droë tiemie.

Jy benodig

(genoeg vir 6 as bykos)

- 1 kg klein aartappeltjies
- soutwater
- ½ koppie botter
- 'n skeut olyfolie om te keer dat die botter brand
- 'n paar takkies harde kruie soos tiemie, roosmaryn of salie (opsioneel)
- ¼ koppie gerasperde parmesaankaas

Só maak jy

1 Kook die aartappels in die soutwater tot net-net sag. Dreineer en laat dit effens afkoel.

2 Verhit 'n groot vuurvaste pan of plaat oor die kole en smelt 'n groot klont van die botter en 'n bietjie olie daarop. Voeg die kruie by om die botter te geur.

3 Druk die gekookte aartappels bo-op die gesmelte botter plat. Jy kan enigiets van 'n emaljebeker tot 'n klein pannetjie gebruik solank die onderkant van die voorwerp plat is en dit nie sal breek wanneer jy daarop druk nie. As jy nie dié stap oor die kole wil aanpak nie, doen dit eers en verhit daarna die pan met die plat aartappels.

4 Braai die aartappels omdraai-omdraai tot albei kante bruin is. Stip dit met die oorblywende botter soos nodig. Geur dit behoorlik met sout en peper.

5 Sprinkel die kaas oor en draai die aartappels 'n laaste keer om sodra die kaas gesmelt is sodat dié ook kan kleur kry. Sit dit dadelik voor.

Ry & Sleep sê Skaf vir jou 'n gietyster-"plancha" aan as jy nie reeds een het nie. Ek het myne vir 'n appel en ei by die Milnerton-mark in die Kaap uitgesnuffel. Myne is 'n rifferpan aan die een kant en glad aan die ander – dus lekker veelsydig vir kosmaak oor die kole. Die handvatsels is nuttig om dit maklik rond te skuif, maar nie noodsaaklik nie.



FOELIE-AARTAPPELS Kole-kophou!

Buiten 'n bietjie geduld is die groot geheim van hierdie resep 'n dubbellaag foelie!

Jy benodig

(genoeg vir 8)

- 8 middelslag-aartappels
- olyfolie
- ¼ koppie botter
- 1 blik (400 g) sousbone
- ½ koppie suurroom
- 1 koppie gerasperde cheddarkaas

Só maak jy

1 Was die aartappels goed, vryf hulle droog en prik dit oraloor met 'n vurk. Rol dan die aartappels in olyfolie en strooi sout oor. Draai nou elke aartappel in 'n dubbellaag foelie toe.

2 Bak die aartappels vir sowat 'n uur direk in 'n bed witwarm kole.

(Pak ook kole bo-op.) Draai die aartappels ná 30 minute om en bedek dit weer met kole om seker te maak dit bak eweredig.

3 Laat die aartappels'n rukkie rus terwyl jy die bone in 'n pannetjie eenkant verhit.

4 Vou die foelie oop, sny 'n kruisie in elke warm aartappel en voeg 'n klontjie botter in die sagte vleis. Sit dit voor met die warm bone, suurroom en kaas, en laat elkeen hulleself help daarmee. Dit is 'n vul-lende ete op sy eie, maar sonder die bone ook 'n lekker bykos saam met braaivleis.

Ry & Sleep sê Sulke gebakte aartappels is 'n gawe manier om oorskietkampkos in 'n feesmaal te omskep. Maak 'n selfhelpbuffet met enige oorskietbraaivleis, potjiekos en dies meer as bolaagbestanddele.

OELALA-ROOMAARTAPPELS Ryk en romerig

Dié potjie is die volmaakte bykos saam met gebraaide hoender met 'n slaaitjie daarby... net om die gewete te sus.

Jy benodig

(genoeg vir 8 as bykos)

- 6-8 middelslag-aartappels, in dik skywe van 1 cm gesny
- 3 dik gerookte varkrepe (*smoked pork rashers*), dungsny
- 2 eetlepels botter (ja, ons gaan groot!)
- 1 eetlepel olyfolie
- 1 rooiuie, gekap
- 200 g sampioene, gekap
- 2 knoffeltoontjies, dungsny
- 'n strooisel vars tiemie (opsioneel)
- 1 koppie droë witwyn
- 1 koppie suurroom (jy kan ook langleweroom gebruik wat jy met 'n bietjie suurlemoensap aansuur)
- 1 koppie aftreksel
- 2 camembertkase van 150 g elk, horisontaal middeldeel gesny

Só maak jy

1 Kook die aartappels in soutwater tot halfgaar. Dreineer dit versigtig.

2 Braai die spek in die botter en olie tot mooi ligbruin. Voeg die ui en sampioene by en hou aan braai tot alles liplekklekker lyk. Roer die knoffel en 'n paar takkies tiemie by en braai dit vir nog een minuut.

3 Roer die wyn by en kook dit vinnig tot dit met die helfte afgekook het.

4 Rangskik die aartappels en spek-mengsel in lae in 'n gesmeerde plat-boompotjie, en onthou om genoeg sout en swartpeper by te voeg tussen die lae.

5 Giet die room oor en net genoeg aftreksel sodat dit die boonste laag aartappels net-net bedek is. Pak die sirkels kaas met die gesnyde kante na onder bo-op.

6 Pak 'n paar kole onder die pot en op die deksel en prut dit vir sowat 30 minute met die deksel op tot die aartappels deurgaar en die kaas gesmelt is. As jy kan uithou, laat die potjie vir minstens nog 30 minute staan voor jy opskep. Die gaar aartappels sal van die ekstra vog absorbeer. As jy dit dadelik voorsit, sal dit nog effens loperig wees (maar steeds heerlik!)

Ry & Sleep sê Skil die aartappels nét as jy regtig wil.



VINNIGSTE GNOCCHI OOI Kies kortpad

As dit koud is en die braaier nie ure in die motreën wil staan en kosmaak nie, help dit om 'n kortpadresep soos dié op die spyskaart te hê.

Jy benodig

(genoeg vir 4 honger mense)

- 2 eetlepels botter
- 1 eetlepel olyfolie
- 3 knoffeltoontjies, geskil en dungsny
- 'n ruim knypie droë rissievlokkies (of na smaak)
- 300 g kersietamaties, middeldeel gesny (jy kan ook 'n blik kersietamaties gebruik as dit moet)
- 'n knippie elk sout en suiker
- 'n knippie vars of droë tiemie
- 2 pakkies (500 g elk) aartappel-gnocchi met 'n lang rakleefyd (soek vir Gnocchi di Patate)
- 200 g gerookte ham, gesnipper
- ¾ koppie gerasperde pamesaankaas

Só maak jy

1 Smelt die botter en olie saam in 'n dikboompan. Braai die knoffel en rissievlokkies oor matige hitte tot geurig. Roer die tamaties, 'n knippie sout en suiker by en hou aan om dit stadig te braai terwyl jy die gnocchi maak. 'n Strooisel droë of vars tiemie is opsioneel maar heerlik.

2 Kook 'n pot water. Sodra die water borrel, roer die gnocchi en 'n knippie sout by. Sodra die happies dryf, skep dit uit met 'n gaatjieslepel direk in die pan met die tamaties.

3 Roer die ham en helfte van die kaas by die pankos, geur alles met sout en swartpeper en verhit alles saam tot deurwarm. Sit dit dadelik voor met die res van die kaas daarby sodat elkeen hulleself kan help.

Ry & Sleep sê Hier is die porsiegrootte debatteerbaar, maar in my huis is 500 g gnocchi te min vir my gesin van vier. Jy kan natuurlik minder maak as jy wil.

Weg! Ry & Sleep KOOFGIDS

MACLAREN AIR

Vir inligting en pryse kontak | Tel: 011 315 4348 | E-pos: maclaren@ust.co.za

Maclaren ondertoonbank-lugverkoeling vir karavaan/kampeerwa

Algehele Afmetings (mm): 395 B x 340 H x 735 L

- ▶ Maklike Doen-dit-self installasie
- ▶ Stil werkend
- ▶ Verkoeling & verhitting (hittepomp)
- ▶ Eenheid ten volle eie aangedrewe, reg om in te prop
- ▶ Maklike installasie (onderdele en patroonplaat ingesluit)
- ▶ Ideaal vir wiptent-dakkaravane en ander
- ▶ Liggewig, ideaal vir karavane
- ▶ Geen lekkasies wat houtverrotting veroorsaak

Maclaren 'Slimline' Dakwoonwa/Ryhuis Lugversorger

Algehele afmetings met bedekking (mm): 736 B x 253 H x 1054

- ▶ Eenheid gemaak vir strawwe Afrika toestande
- ▶ Omliggende beligting in drie kleure
- ▶ Kragstelsel AC 220-240 V/50 Hz
- ▶ Ontwerp-verkoelingskapasiteit 3500W
- ▶ Ontwerp-verhittingskapasiteit 3500W
- ▶ Kraglewering (verkoeling/verhitting) 1300W/1100W
- ▶ Installasie-Opening se afmetings in dak (mm): 370 x 370



ewiks

caravan mover
www.ewiks.co.za

Beweeg jou groot of klein karavaan self sonder moeite deur net 2 skakelaars te gebruik. Dit word deur die karavaanbattery aangedryf en permanent gekoppel om op padbande te ry.

Vir 'n toerustingsentrum of doen-dit-self inligting, kontak asseblief:

Kyle ☎ 084 33 00 606 ✉ info@ewiks.co.za



* Standaard stelle, battery uitgesluit, en laaier weeg minder as 30 kg



BATTERY n OUTDOOR KING

Beste Kwaliteit Beste Pryse

**Die NR. 1 winkel met KAMPKRAG
VIR ENIGE VOERTUIG OF KARAVAN INSTALLASIES**

Bekende betroubare beproefde kwaliteit batterye
waarop jy altyd kan staatmaak.

» **DUBBELE BATTERY-
STELSELS. Ook litium.**



MPPT

50A DC-DC

Winkel: Rubensteinrylaan 870, Moreletapark, Pretoria-Oos

Tel: **066 2288 919 / 082 4444 911**

E-pos: jaco@mrek.co.za | www.batteryking.co.za



FB @batteriesking | FB-group "Battery & Outdoor King"




Safe-T Locksmiths



- TRANSPONDEERSLEUTELS GESNY
- SLEUTELKODERING EN -PROGRAMMERING
- REKENAARBOKS-HERSTELWERK

Commissionerstraat 307A,
BOKSBURG

083 226 3003 of 011 917 2016



BLOKRAAI-OPLOSSING

OM HIER TE ADVERTEER, KONTAK:

DANIE NELL Tel: 082 859 0542
danie.nell@media24.com

SANETHA MEINTJIES Tel: 021 406 2301
sanetha.meintjies@media24.com

SHARLENE SMITH Tel: 083 583 1604
sharlene.smith@media24.com

GERHARD SMITH Tel: 076 550 6581
Gerhard.Smith@media24.com

WILD

ACCESSORIES

www.wildacc.co.za

ONS NUWE AVONTUUR KAPPIE!

155 Alumina Straat, Silvertondale, Pretoria

info@wildacc.co.za
sales@wildacc.co.za

012 771 7940
083 2846929

SERENITY
Your dream.
Your Adventure

GEEN EB-LISENSIE NODIG NIE

Waar avontuur begin en herinneringe bly.

ONTDEK SRNT
– 'n nuwe generasie liggewig kampwa, ontwerp vir maksimum gerief en gebou vir onvergeetlike avonture.

SERENITY CAMPERS JOU DROOM. JOU AVONTUUR.

KYK DIE VIDEO

E-pos: info@serenitycampers.co.za
Danie Brough (Pretoria) 082 379 2467
Erika Kruger (Wes-Kaap) 064 903 3833

Caravan Movers

Ons installeer EWIKS KARAVAANSKUIWERS

by jou perseel in Gauteng, Mpumalanga, North West, Limpopo and the Free State.

Goeie gehalte draadlose tru-kameras vir karavane R5 900

EWIKS AUTO NOU BESKIKBAAR

KONTAK Wimpie Struwig by 082 33 33 833 | Pieter Kalis by 083 715 1226 | www.caravanmovers.co.za

Hou jou
KOEL
in die somer...
en **WARM**
in die winter!










Lugversorger:

- Karavane
- Kommersiële
- Residensiële
- Daklugversorger
- Installasies
- Herstelwerk
- Dienste

Skuiwers:

- Karavaanskuiwers
- Ewiks
- Quattro

Trukameras:

- Purple-trukamer
- Draadlose trukamera

Ons doen ook:

- Spaarwielhak
- Volledige outomatiese waterpasstelsel



CJ Aircon's

072 413 3899 Jacques/Cindy
www.cj-aircons.co.za | info@cj-aircons.co.za

Weg! DIE KWANDO
Kom kamp waar dit nog wild is

Namibië

HENTIESBAAI
Die kaalvoet-kusdorp gedry

270+
BLY- EN KAMPPLAATSE

Oranjerivier
Die duine roep!

Slestersproetes in die
Namib en Kalahari

RY'N SIKKELROETE
Stapvoet- en fietsroetes
vir Namibtoegangers

Kaokoveld en Damaraland
So verdwaal jy na die mooiste plekke in Suid-Afrika




NOU TE KOOP!

Bestel jou eksemplaar aanlyn by media24shop.com. EFO- en kredietkaart-betalingsopsies is beskikbaar.

Vir navrae stuur 'n e-pos na
verkope@media24.com of
bel 021 406 4552. Digitaal beskikbaar by
zinio.com of magzter.com

Weg!
Ry & Sleep
AKKOMMODASIE




DUBE
PRIVATE GAME RESERVE

**MIDWEEK, SPESIALE AANBOD: KAMP VANAF SONDAG
TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R900-00**

**EENHEDE, SPESIALE AANBOD: BLY VANAF SONDAG
TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R2 950-00**

Natuurreservaat in malaria-vrye gebied. Bosveld-atmosfeer – minder as 'n uur van Pretoria en Johannesburg – naby Brits. Selfsorghuise en woonwapark met netjiese ablusieblokke – rolstoelvriendelike badkamer. Staproetes – fietsryroetes – voëlkyk – wildritte – volop wild

- Speelpark • Tafeltennis • "Pool"-tafels • Springmatte • Mini-gholf
- Binnenshuise verhitte swembaddens • Jacuzzi's • Koue swembaddens
- "Lazy river" • Waterglybane • Wegneemetes

Tel: +27 66 298 5379 / +27 66 298 1664 / +27 73 171 8331 /
+27 82 375 6179 • E-pos: info@dubegame.co.za • www.dubegame.co.za
Bespreek aanlyn: www.alloutbookings.co.za

NOORDWES **BRITS**



VANRHYNSDORP

Kampeerterein | Selfsorg

12 Pragtige privaat grasstaanplekke. Elk met sy eie privaat badkamer, kombuisie met mikrogolf, yskas/vrieskas, ketel, basiese eetgerei en breekware. Eie privaat onderdakbraai-area met tafel en stoele. Swembad binne loopafstand van die kampeerterein. Red Ox Steakhouse op die perseel. Hout en ys is beskikbaar.

Tel: 027 219 2828 | E-pos: info@letsatsilodge.co.za



KANONEILAND

Kampeerterein | Selfsorg

12 Privaat grasstaanplekke op die oewer van die Oranjerivier! Elkeen het 'n privaat badkamer en braai-area. Plus 26 bykomende grasstaanplekke met gedeelde ablusiegeriewe. Swembaddens en baie vermaak vir die kinders. Hout en ys is beskikbaar. Red Ox Pantry is op die perseel, wat van pizzas tot steaks bedien.

Tel: 082 772 5896 | E-pos: info@oranjerus.com




UPINGTON

Kampeerterein | Selfsorg

12 Pragtige privaat grasstaanplekke. Elk met sy eie privaat badkamer, kombuisie met mikrogolfoond, yskas/vrieskas, ketel, basiese eetgerei en breekware. Eie privaat onderdak braai-area met tafel en stoele. 'n Gimnasium is oop vir gaste. Swembad. Gaste kan na die aangrensende Tshahitsi Lodge stap om ontbyt by die Silver Spoon Bistro te geniet. Vir middagete of aandete kan gaste die Red Ox Steakhouse in die dorp besoek. Hout en ys is beskikbaar.

Tel: 054 333 1126 | E-pos: info@klodge.co.za




UPINGTON

Selfsorg

Al ons selfsorg-eenhede het lugversorgers. Gratis koffie, tee, suiker, melk en beskuit. Ingesluit is wit handdoeke, 'n haardroër, kamsproei, sjampoe, lyfwas, handwas, ens. Die kombuis: eetgerei en breekware. 'n Yskas/vrieskas, ketel, broodrooster en mikrogolf is in die eenheid. Ingeboude braai-area op stoep. Swembad. Gaste kan 'n buffet-ontbyt geniet by die Silver Spoon Bistro op die perseel.

Tel: 054 333 1126 | E-pos: info@tshahitsilodge.co.za



ASKHAM

Kampeerterein | Selfsorg

60 km voor Kgalagadi. Elke kampeerplek het 'n motorafdak, opwaskamer, badkamer, braai en afdak. Elke staanplek is toegerus met 220 V-kragpunte. Die restaurant en swembad is net 'n kort entjie van die kampeerplek af. Jy kan slaai | braaipak by die restaurant vooraf bestel. Hout en ys is beskikbaar. 'n Verskeidenheid selfsorgverblyf is beskikbaar.

Tel: 054 511 0008 | E-pos: info@molopolodge.co.za



ASKHAM

Selfsorg

Die chalets deel die kombuis en leefarea van die hoofgebou. Dit is perfek vir 'n gesin of groep vriende. Dakwaaiers | DSTV. Beddegoed word voorsien. Gemeenskaplike braai-area en swembaddens. Die hoofgebou se kombuis bied 'n stoof, mikrogolf, yskas/vrieskas, eetgerei en breekware. Braaipakke kan vooraf bestel word. 'n Voertuig met grondvry hoogte word benodig om die lodge te bereik.

Tel: 054 511 0008 | E-pos: info@molopolodge.co.za



UPINGTON



VREDENDAL



VANRHYNSDORP



KANONEILAND/
ORANJERUS RIVER RESORT

Restaurant

Ons restaurante is kulinêre skatte waar passie vir uitstekende disse gepaard gaan met hartlike gasvryheid. Geniet die heerlikste steaks, fynproewersdisse en 'n diverse wynversameling, alles in 'n gemoedelike, vriendelike atmosfeer. Hier by Red Ox Steakhouse wag daar 'n waarlik onvergeetlike ervaring op jou.

Upington: 060 329 3806

Vredendal: 027 213 3699/

060 675 9488

Vanrhynsdorp: 027 219 2828

Kanoneiland/Oranjerus River
Resort: 079 706 0490



TROETELDIER-
VRIENDLIK



SWEMBAD



RESTAURANT



KARWAS



WASGOEDDIENS



WI-FI

ASKHAM

- 1 Molopo Kalahari Lodge ★★ ★
- 2 Elandspeer Bush Camp
- 3 Vischgat Game Lodge ★★ ★ ★

UPINGTON


- 4 Tshahitsi Lodge ★★ ★ ★ ★
- 5 Silver Spoon Morning Bistro ★★ ★ ★ ★
- 6 Kalahari Lifestyle Lodge ★★ ★ ★ ★
- 7 Bernie's Fitness Centre ★★ ★ ★ ★
- 8 Red Ox Steakhouse ★★ ★ ★ ★
- 9 Just Eat / Fast Food
- 10 Oranjerus River Resort
- 11 Red Ox Pantry

VANRHYNSDORP

- 12 Letsatsi Lifestyle Lodge ★★ ★ ★
- 13 Remhoogte Villas ★★ ★ ★ ★
- 14 Red Ox Steakhouse ★★ ★ ★ ★
- 15 Letsatsi Venue & Conference ★★ ★ ★ ★

VREDENDAL

- 16 die Keldery Venue & Conference ★★ ★ ★ ★
- 17 Red Ox Steakhouse ★★ ★ ★ ★



'N HANDELSMERK WAT JY KAN VERTROU - VAN DIE KAAP TOT DIE KALAHARI



SKUIF NA DIGITAAL EN LOOP NOOIT 'N UITGAWE MIS NIE!

Neem jou gunstelingtydskrifte saam met jou waar jy ook al gaan! Met 'n digitale intekening sal jy nooit 'n uitgawe misloop nie.

TEKEN IN



OM TE BEGIN IS MAKLIK: 1. Laai die gratis Zinio- of Magzter-app af en skep 'n rekening. **2.** Soek vir jou gunstelingtydskrif, klik dan op intekening en voltooi die betaling. **3.** Ná betaling gaan jy na Library om toegang tot jou intekening te kry. **4.** Maak seker dat jou toestel aan die internet gekoppel is om toegang tot jou intekening te kry (jy kan uitgawes aflaai om van lyn af te lees). **5.** Pas jou leeservaring aan deur te kies tussen standaardtydskrif-formaat of boekstyl-tekst.


SKANDEER 'N QR-KODE OM TE BEGIN:



ZINIO




MAGZTER

	Dorp in Zimbabwe (8,5)	↓	Uitwerk	↓	Japannese dans-drama	↓	In die ... van jou aangesig	↓	Kampplek aan die Weskus	
					↓	↓				
	Omvang									
	Helde-diate		Op seer-plekke	→					Slinkse planne	



Kleur dié prent in



KLEUR IN

Kry die vetkryt en kleur die toneel in.

WOORDSOEK

Soek die woorde op die lysie en merk hulle af.

SOEK DIE VERSKILLE

Daar is minstens tien verskille tussen die twee sketse. Kyk of jy hulle almal kan kry!

DOOLHOF

Wys die doolhof wie's baas. Onthou om eers 'n potlood te gebruik – ingeval jy 'n fout begaan.



Woordsoek

W K O S Z G N H O T N U S A M P R R H U V C
I R A O O D U T R B Z S I B Z L P I I S B Y
N T A N N A E O E E H J I S U E K L L E N T
N G W I L A A E O B U T P N P S S E U N S D
E L L E G I B B R S C H U N I S H L N T H E
Y G T Y I A M I C K E Y M O U S E I D R O I
S I O C R O N J E H A N B D K S U S E Y I Q
H Z T O O C O G U T T T A A A V N P R G E S
T A D E F D L I K S M S A D V S C T S M Y R
M T O E O Y O C A B I V W O D B K T T R F X
T I U E K W F E B M O E J M R J L C T A S R
E M T C C O B D U Q D U A S A E O E I N G F
A O C M O L W M W I O O I S I P P E M L R K
L A S Z O L H X G B N S O R W T O Y O U I A
I N L O Y R A C E N A T A T N F G E N I E O
O A K A O A N F D M L P E J D Y L U L S A C
Z N I W N W G E T I D B W G Z E O J E I F R
C S P H J X C S B Y D W G L T G M A U I U W
A H M I N N I E M O U S E J D C V L H A E E
U J E H U J W H G W C I Z F S N I U S H C Y
Z C M E I O Q G V E K F P A B Y A P E I Y U
I R S T L N C U A R Y K D Y N X L L X R C G
H Y D O H S S H C Y W S I M A M A A A B Z P
M F S R E I A L W Q C M I V E D D A V L A N
A M L D O D Z J U F S U I O V C D Y E A M E
B K J A S M I N E I L I N O H F I C R N L T
G W H F O E C O W Q G K M L U A N L N L E B
A E I A O O U F O L U U T B W F E I E E T Q
M G W Q Y A O K X H H E R H A D M B N K A P
S Z I N I A T R V A X E D U L U R E P L U M


DISNEY-KARAKTERS

Aladdin	Genie	Nala
Anna	Goofy	Olaf
Ariel	Jasmine	Pluto
Beast	Mickey Mouse	Pumbaa
Belle	Minnie Mouse	Simba
Donald Duck	Maui	Timon
Elsa	Moana	


Soek die verskille



Doolhof



Dierefeite



MEERKAT (*SURICATA SURICATA*)

- Meerkatte is soogdiere in die muishond-familie. Hulle is so groot soos eekhorings en kom in groepe van tot 40 voor.
- Hulle is een van die mees georganiseerde spesies in die diereryk wat saamwerk betref.
- Meerkatte woon ondergronds en kom grootliks in Suider-Afrika voor.
- Hulle is omnivore wat tot 50 cm hoog word.
- Bedags soek hulle kos – wat insluit plante, vrugte en 'n verskeidenheid insekte.
- Daar is altyd een meerkat wat op hoër grond op sy agterpote waghou vir moontlike gevare terwyl die res van die groep na kos soek.

Die einde van EV-euforie

Elektriese voertuie se borrel is besig om te bars, en die vervaardigers wat blindelings kop eerste ingespring het, gaan groot skade ly, sê **Mic van Zyl**.

Ek was nog nooit regtig 'n koerantleser of iemand wat die nuus volg nie. Sosio-ekonomiese sake, politiek, oorlogvoering en mense se eienaardighede is nie iets waarin ek werklik belang stel nie.

Ek gee toe dat dit my dalk onkundig kan laat lyk, maar ek het nog altyd geglo daar's beter dinge te doen as om my gedagtes en tyd te bemoei met die geraas van wat in die wêreld aan die gang is. Onlangs sien ek egter 'n opskrif in die *Financial Times* wat my belangstelling in so 'n mate geprikkel het dat ek die artikel gelees het. Daarna het ek dieper gaan delf, want hier was iets wat feitlik elke huidige en voornemende voertuigeienaar ter wêreld raak.

Die artikel handel oor elektriese voertuie (EV's) en hoe die euforie oor dié tegnologie dramaties aan die afneem is. Die gevolg is dat motorvervaardigers hulle strategie moet heroorweeg, veral in Amerika, en dat hulle beleggings wat afgeskryf gaan word, 'n geraamde \$65 miljard beloop. Dit is 'n verstommende R1072 000 000 000 000.

Minstens 12 groot internasionale motorvervaardigers moet brik aan-draai met hulle EV-program, en dit het enorme finansiële implikasies. Honda het onlangs sy eerste verlies in meer as 70 jaar aangekondig nadat sy EV-vennootskap met Sony op die rotse beland het. Ford, Stellantis en General Motors loop die gevaar om minstens \$75 miljard te verloor weens die staking van hulle EV-modelle en beleggings in die ontwikkeling daarvan.

Hierdie ontwikkeling word toegeskryf aan verskeie faktore, maar die opvallendste is dat regeringsubsidies vir EV-vervaardigers en -kopers afgeskaf

is, wat vinnig gewys het hoe swak die aanvraag na elektriese rygoed eintlik is. Met die wegval van hierdie subsidies het pryse natuurlik gestyg, terwyl die bewustheid oor die omgewingsimpak van litiumbatterye se vervaardigingsproses toeneem.

Boonop bereik min EV's die reikafstand wat vervaardigers beweer, met 'n magdom toetse op YouTube wat lig hierop werp. Verder is mense duidelik bekommerd oor hoe prakties dit sal wees om jou elektriese voertuig se batterij op reis te herlaai.

Baie motorvervaardigers was blykbaar meegevoer oor die vroeë sukses van Tesla, wat so baie EV's op 'n winsgewende grondslag vervaardig het. Die Chinese vervaardiger BYD het aanvanklik soortgelyke sukses geniet, maar wat min mense besef, is dat Tesla én BYD hernubare energie-maatskappye is wat later eers voertuie begin vervaardig het. Dit is duidelik 'n beter strategie as

'n motorvervaardiger wat probeer om 'n hernubare energie-voertuig te maak.

Nou is die spreekwoordelike borrel besig om te bars. Baie van die vervaardigers wat so swaar in EV-ontwikkeling belê het, gaan groot skade ly. Asof dit nie genoeg is nie, vryf die aanslag van Chinese handelsmerke in tradisionele markte nóg meer sout in die wonde.

Ja, die Chinese vervaardigers het nog 'n lang pad voor om hulle te vestig as betroubare handelsname, maar hulle voer 'n meedoënlose veldtog om beter motors teen goedkoper pryse te bou en hulle raak al hoe beter daarmee. Daar word wyd bespiegel oor hoe dit die tradisionele vervaardigers raak en wie van hulle moontlik nié hierdie aanslag gaan oorleef nie.

Daar is egter 'n klompie motorvervaardigers wat nie halsoorkop EV's begin ontwikkel het nie. Hierdie maatskappye was nie só erg meegevoer nie, en daarom versigtiger vir die dwaalspoor waarop die owerheid en omgewingsgroepe almal geplaas het.

Hulle het 'n breër benadering tot voertuig-aandrywingstegnologieë gevolg, sonder die invloed van een of ander gewilde tendens. Toyota en BMW is daarom aansienlik meer beskerm teen die huidige ommekeer in EV-strategie.

Albei vervaardigers het destyds belê in die ontwikkeling van hibriede en waterstof-aandrywing. Hibriede tegnologie blyk al hoe gewilder onder kopers te wees, in skrilte kontras met EV's.

Verder weet jy ook dat as jy een van hierdie vervaardigers se voertuie koop, hoef jy nie by te dra tot die poging om die enorme verliese te verhaal waardeur groot dele van die motorbedryfs tans in die gesig gestaar word nie. 📌



mevrou fourie &kie



soms tref

die lewe jou

voluit in die gesig

Sondae 20:00



Die kampbedryf se Airbnb

'n Platform waar die eienaars van waens en ander kamptoerusting dit te huur kan aanbied, is presies wat die bedryf nodig het, sê **Neels van Heerden**.

Die familie-onderneming Kampi is in 2021 begin in 'n poging om die eienaars van waens en kamptoerusting uit te bring by mense wat dit by hulle kan huur. Die gedagte van dié persoonlike verhuringsplatform is om die hele proses glad en veilig te maak en om te sien na dinge soos versekering, deposito's, die bevestiging van identiteite en ander administrasie.

Die onderneming het klein begin maar vinnig gegroei, en vandag bied dit 'n verskeidenheid keuses reg oor die land aan. Met meer as 360 adverteerders, bykans 3 400 besprekings en 'n huurwaarde van meer as R22 miljoen tot dusver, is daar duidelik 'n behoefte hieraan.

Ek het twee vriende gevra om op Kampi se webtuiste te gaan rondkyk en hulle indrukke met my te deel. Die eerste vriend het as kleuter in die jare tagtig laas saam met sy oupa en oma by Scottburgh gekamp en het min tot geen ervaring hiervan nie. Sy eerste indruk was dat dit nie sommer net nog 'n gewone kampwebwerf is nie, en hy het dit met 'n Airbnb vir woonwaens, boswaens en kamptoerusting vergelyk.


"Vir iemand soos ek, wat niks kan onthou van my vorige kampervarings nie, maak Kampi dinge baie makliker. Ek het geen idee wat dit sou kos om kamptoerusting aan te skaf nie, daarom het ek eers die pryse en wat alles aangebied word, mooi bekyk," vertel hy. Dié vriend was verbaas oor die verskeidenheid keuses: van klein, eenvoudige waentjies tot groot, volledig toegeruste ryhuise met beddens, kombuise en selfs storte.

Die pryse wissel na gelang van die tipe voertuig en die verhuurder, maar daar is bekostigbare keuses beskikbaar.

Die platform se eenvoud het hom ook beïndruk. "Jy kan soek na gelang van jou bestemming, reisdatums en die soort toerusting wat jy nodig het. Dit help baie, veral vir 'n beginner, want dinge soos sleepreëls en -rybewyse kan nogal oorweldigend wees."

Die ekstra geriewe soos versekering en die bevestiging van die huurder én verhuurder se identiteit verdien ook volgens hom lof. "Dit gee gemoedsrus. En die feit dat iemand jou kamp by jou bestemming kan opslaan, maak dit nóg makliker. Kampi maak kamp toeganklik en bekostigbaar, veral as jy 'n langer reis wil aandurf."

Die tweede vriend is al jare lank lid van 'n woonwakklub en kamp gereeld.



Hy sê Kampi is 'n netjiese en praktiese platform – 'n plek waar mense hulle kamptoerusting kan deel met ander wat wil kamp, sonder dat hulle self alles hoeft te besit.

"Afhangend van jou reisplanne kan jy jou eie kampgoed by die huis los en iemand anders se wa huur. Dit is nie net 'n eenvoudige 'huur en sleep'-storie nie. Alles is mooi uiteengesit – van die tipe voertuie en pryse tot versekering en verifikasie van die huurder en verhuurder."

Hy waardeer die praktiese soekfilters wat jou in staat stel om volgens jou behoeftes te kies: die soort voertuig, begroting, rybewysvereistes en selfs ekstra toerusting. "Die keuses maak dit maklik om iets te vind wat by jou sak en behoeftes pas."

Hy sê die feit dat eienaars self hulle pryse en reëls stel, maak vir hom sin. "Dit hou die mark dinamies, want pryse en beskikbaarheid pas aan soos die vraag verander – veral oor langnaweke en skoolvakansies."

Na my mening bied Kampi nie net 'n lys van kamptoerusting nie, maar dit skep ook 'n lewendige markplek waar reisigers en eienaars mekaar kan vind. Of jy nou lus is vir 'n vinnige naweekwegbreek of 'n groot avontuur beplan, Kampi stel jou in staat om die regte toerusting teen die regte prys in die regte streek te kry.

Met minder gesukkel, minder uitgawes, en meer tyd om die kampvuur, die ooppad en die buitelewe behoorlik te geniet. Kampi maak kamp maklik, toeganklik en lekker vir almal, van beginners tot ervare kamperers. 

Weg!

DIE KWANDO
Kom kamp waar dit nog wild is

Namibië

2026-REISGIDS

HENTIESBAAI

Dié kaalvoet-kusdorp gedy

270+

BLY- EN KAMPPLEKKE

Oranjerivier

5 Oornagplekke neffens 'n grenspos

Die duine roep!

*Slenterstaproetes in die
Namib en Kalahari*

RY 'N SIRKELROETE

Sit voet in die hoek
oor Remhoogtepas!



Kaokoveld en Damaraland

Só 'verdwaal' jy na die mooiste plekke toe!

RSA R160 (BTW ingesluit) NS165 (Namibië)



9 772078 078007

26017

NOU TE KOOP

Jy kan jou eksemplare aanlyn bestel – gaan na media24shop.com.

EFO- én kredietkaartbetalingsopsies is beskikbaar. Vir navrae stuur

'n e-pos na verkope@media24.com of bel 021 406 2205.

Digitaal beskikbaar by zinio.com of magzter.com

Wilder as die willetuin

In die Kruger kry haar siel boskos – selfs op 'n blitsbesoek, sê Liryn de Jager.

Daar is twee dinge in die lewe waaroor ek kopkrap. Nee, om die waarheid te sê steek dit my eintlik dwars in die krop. Die eerste is mense wat nie weet wie Bruce Springsteen is nie en die ander is iemand wat nog nooit in die Kruger-wildtuin was nie.

Die wildtuin is die wildtuin. Dis sommer net daar in die naam. Dis nie die Krugerreservaat nie. Dis die Kruger-wildtuin. As jy van die wildtuin praat, hoef jy nie verder te verduidelik nie. Die wildtuin is die Kruger. So eenvoudig soos dit.

As kind was ek in die willetuin (soos ons De Jagers sê) nog voordat ek my eerste televisieprogram gekyk het. Hoewel ek nie veel van daardie besoek onthou nie, sal ek die rooi T-hemp wat ek gekry het met die prentjie van 'n renoster daarop nooit vergeet nie. Die geel Audi waarmee ons in daardie stadium gery het, ook nie. Ek het absoluut niks van daardie kar gehou nie.

Wanneer ek deesdae in die Kruger is, bedank ek my ouers opnuut vir daardie eerste besoek as 'n tjokkertjie. Dit is my hartsplek en die plek in die wêreld waar ek die meeste tuis voel en waar my siel boskos kry. Ek is al meer as 'n honderd keer deur daardie hekke en het die park al male sonder tal van suid tot noord deurkruis.

Die Krugerwildtuin is vanjaar 100 jaar oud. Op 31 Mei 1926 is dit tot Suid-Afrika se eerste nasionale park verklaar toe die Sabi- en Shingwedzi-wildreservaat saamgesmelt het.

Besoekers is in Augustus 1927 die eerste keer in die Pretoriuskop-gebied

toegelaat, en daarvoor moes hulle eers 'n permit kry by óf die sekretaris van die Parkeraad in Pretoria óf by Skukuza of Pretoriuskop se bewaarders. Destyds was daar nog nie oornagteriewe nie en daarom moes besoekers die gebied dieselfde dag nog verlaat. 'n Bietjie meer as 'n jaar later, toe die eerste rondawels tussen 1928 en 1929 by Pretoriuskop, Satara en Skukuza gebou is, kon jy slaapplek in die wildtuin bespreek.

Ek is deesdae 'n Kapenaar en moet my besoeke aan die wildtuin mooi beplan. Kort voor die Paasnaweek kry ek 'n bevestiging en ek besluit om my tenk weer in my tweede huis te gaan volmaak. Ek besef dit sal pure waansin wees om die trek noorde toe aan te durf met 'n sleepwa en tent vir niks meer as 'n blitsbesoek nie en daarom besluit ek om heen en weer te vlieg.

Om die Kruger se 100ste verjaardag op my manier te vier bespreek ek blyplek in die Pretoriuskop-ruskamp, in een van die rondawels sonder geriewe – hulle is baie soortgelyk aan dié van destyds. Ek huur ook 'n piepklein tjorretjie en het net my handbagasie by my op die vlug Mbombela toe.

Ek ry by die Malelanehek in en volg die H3 verby Renosterpan, die Afsaal-pieknieplek en die afdraai na die private Jock-safarikamp tot by die T-aansluiting met die H1-1. Hier draai ek links Pretoriuskop se kant toe vir vier dae se sielsvreugde.

By die kamp tref ek 'n gryskopman in die ontvangskantoor aan wat ook besig is om aan te meld. Hy lyk vir my na iemand wat kamp, maar hy vertel hy is deur teëspoed getref. "Man, ek het nou henge moeilikheid opgetel.

My Prado is op 'n *flatbed* op pad Hazyview toe, want die *prop shaft* het die gees gegee." Ek stap saam met die oom uit en sien hoe hy in 'n Suzuki S-Presso klim. Ek twyfel of hier verder gekamp gaan word.

Nadat ek my nes geskrop het, is dit tyd vir die Kruger se rituele. Ek steek my vuur aan – met hout, natuurlik, want my pa draai in sy graf om as ek enigiets anders gebruik. Ek knak 'n yskoue bier en gooi 'n paar skaaptjoppies, boerewors en 'n aartappel in foelie op die kole. Agterna skink ek 'n skoot Amarula oor ys vir die afdrukkertjie, soos my oupa Tjaart hom genoem het.

Vroegoggend hou ek eers stil by 'n dam, of iewers waar 'n poel water is, vir koffie en beskuit en kyk hoe die son opkom soos nét in die Bosveld. Laatmiddag ry ek 'n draai met 'n roomys in die hand, die vensters oop en my oë wat die veld van kant tot kant bespied. Die ure tussenin bring ek deur met die kaartboek om my volgende roetes te beplan en my verkyker binne bereik, net ingeval die "klipleeu" 'n regte maanhaar is.

'n Mens kan sinkplaatpad ry seker by hierdie lysie voeg, hoewel ek nie seker is of jy dit 'n ritueel kan noem nie. 'n Paar jaar gelede het die S39-grondpad tussen die Timbavati-pieknieplek en die H7-teerpad my 'n paar wiellaars, 'n pap band en 'n verlore nommerplaat gekos. Ek kan nou daarvoor glimlag, maar as dit destyds nie vir 'n paar leeus op 'n sebrakarkas was nie, sou my vuurtjie se vlamme daardie aand in die Tamboti-tentkamp maar laag gebrand het.

Die kampe se hekke is heeljaar van so vroeg as 04:30 tot so laat as 18:30 oop, en ek gebruik die lang ure tussenin as ontdekkingstog. Soms lewer dit heelwat op en ander kere nie veel nie... of só sal sommige mense dalk sê.

Vir my gaan dit oor veel meer as net 'n lysie wat afgetik moet word en agter die Groot Vyf aanjaag. My pa het my 45 jaar gelede al laat besef dat jou tyd hier nie net oor olifante en leeus gaan nie. As die kampbure saans kom vra wat jy daardie dag gesien het, kan jy met groot verwondering antwoord: "Nét so 'n groot, vet, harige wurm!"

Daar's die vyf bontvisvangers wat ingeryg op die laagwaterbrug oor die Sandrivier naby Skukuza sit, met een wat skielik hoog die lug in opskiet en dan afduik en uiteindelik met sy vangs reg voor jou kom sit. Of twee swartrugjakkalse wat mekaar speels jaag en wegkruipertjie speel agter groot termiethope. Of die kenmerkende geroep van 'n naguiltjie.

En die hemel skitter snags soos op geen ander plek nie.

Mense en hulle dinge is ewe

interessant. As ek iewers by 'n piekniekplek ontbyt maak, kan ek myself nie keer om onderlangs te loer wat die ander mense vir brekfis aanmeekaarslaan nie. Dis gewoonlik enigiets van joghurt, muesli en vrugte tot gisteraand se tjops en braaibroodjies.

Dan is daar ook die oom en tannie wat ek op 'n keer by Nwanetsi naby Satara raakgeloop het. Terwyl ek sake so staan en kyk, het die oom omtrent 'n halwe bottel olie in die skottel omgekeer vir die uie, sampioene en spek wat hy besig was om te braai. Ek wou nog vir myself sê dié twee is duidelik nie té gesondheidsbewus nie, toe vra die tannie of sy maar die eiers kan bring.

Wat ek op die laaste oggend van my onlangse besoek besef, is dat almal wat jy in die Kruger teëkom, nie noodwendig besoekers is nie.

Jennifer is 'n kelnerin by die Wimpy

in Pretoriuskop en sy vertel sy is hier gebore en getoë. Ek vra of sy dit geniet hier en verwag 'n redelik voorspelbare antwoord, maar sy sê dis moeilik, want haar driejarige seuntjie bly by haar ouers in Mosambiek. Sy werk hier en stuur geld huis toe, maar sy verlang baie na hom en gaan kuier wanneer sy kan.

Die gewaarwording tref my nogal hard. Ja, die Kruger is my hartsplek, maar dis ook Jennifer se werkplek... terwyl haar hart by haar seuntjie anderkant die grens is.

Ek mik vir die Phabenihek om weer in Mbombela uit te kom, want dis tyd om terug Kaap toe te gaan. Ek ry met die S3 en hou by die Mesteldam stil om die boslug 'n laaste keer in te asem. 'n Trop van meer as 300 buffels kom aangeslap, so asof hulle net gekom het om my te groet.

Ek gee my permit met 'n trae hand vir die hekwag, en dan begin ek onwillekeurig neurie.

"En strooi my as oor die Bosveldhorison." ●



ILLUSTRASIE DOMINIC WIENAND

Die Skotse kar van Namakwaland



Het jy dalk iewers 'n seldsame
sleepsel of ryding raakgeloop?
Vertel ons daarvan en stuur vir
ons 'n foto na
r@sleep@weg.co.za

Na aanleiding van die artikel oor die oorsprong van die traandrappelwa in ons Desember 2024-Januarie 2025-uitgawe het die Unisa-professor en *Ry & Sleep*-leser Jo-Ansie van Wyk haar eie vonds uit toeka se dae met ons gedeel.

Prof. Van Wyk het op 'n lesers-brief in die Britse publikasie *The Autocar* van 20 April 1912 afgekom waarin ene Ernest R. Woakes oor sy Arrol-Johnston skryf. Woakes se Arrol-Johnston 15.9 het in Desember 1911 in Namakwaland aangeland. (Die vermoede is dat Woakes op Springbok gewoon het omdat Port Nolloth die enigste hawe in die Weskus is waar ligte vragsepe kan vasmeer.) In die brief spog hy dat hy tot in daardie stadium reeds 600 myl op die klok gesit het, en dat sy tjor, wat in Skotland gebou is, goed presteer op plaaslike grondpaaie. Die verkoeler wat deur Renault verskaf is, was egter nie opgewasse teen Namakwaland se hitte nie.

Hy voeg in die brief by dat die plaaslike poskoets – 'n kapkar wat deur ses perde getrek word – 18 uur lank die berge uit moet stoei om die 85 myl tussen Garies en Springbok af te lê. Woakes kon blykbaar dieselfde afstand met sy Arrol-Johnston binne agt uur baasraak, hoewel dit glo uitdaagend en senutergend was.

Nêrens in sy brief noem Woakes waarlangs hy uit Namakwaland gery het na die Boesmanland toe nie, maar hy beweer hy's die eerste motoris wat die roete met 'n motorkar getakel het. As 'n mens sy foto's vergelyk met moderne foto's van die streek (veral die soort klippe) en sy brief herhaaldelik deurlees, klink dit of die "Baviaan's Poort" waar hy in die droë loop van 'n ongenoemde rivier vasgeval het, dalk dieselfde poort deur die Oeruoerpriver aan die voet van Baviaanskop op die hedendaagse Namakwa-eko-4x4-roete kan wees.

Cyril Klopper het hierdie roete in 2020 vir *Ry & Sleep* gery, maar sy foto wat die naaste lyk aan die plek waar die Arrol-Johnston in 1912 vasgeval het, is 95 jaar ná Woakes se foto in 2007 gekiek.

Arrol-Johnston het tussen 1896 en 1931 motors gebou, en die 15.9 in die modelnaam verwys na die 15,9 pk. wat



A 15.9 h.p. Arrol-Johnston car in Namakwaland.



Baviaan's Poort. On the road from Namakwaland to Bushmanland.



die enjin kon uitskop. Daar was 'n paar weergawes van die 15.9 – Woakes s'n was die tweesitplek-Arrol-Johnston 15.9 Boat-tailed Roadster wat meer bagasie, maar minder mense kon vervoer as die standaard-viersitplekweergawe.

Arrol-Johnston het terloops ook 'n kar gebou vir Ernest Shackleton se 1907-Nimrod-ekspedisie na die Suid-

WOESTYN. Ons kan nie aan moeiliker terrein dink as die Namakwaland en Antarktika vir 'n veteraanmotoris. Wel gedaan, Skotland, met 'n oulike ryding.



pool – die heel eerste kar op Antarktika – maar dié ryding het ten spyte van die koue óók oorverhit. Woakes beëindig sy brief deur te spog dat hy in dieselfde jaar (1912) ál die pad Kaapstad toe gaan ry. Ons hoop jy't dit gemaak, ou Ernest!

Bronne coolantarctica.com
thetruthaboutcars.com



VANWYKSULEI 10

Weg! **Ry&Sleep**

SA Bull Run XV

2026

LEATHERMAN

**ONDERSTEUN
JOU VRIENDE
BY DIE 15DE
BULL RUN!
200 KARRE!
TOESKOUERS
WELKOM!**



01-04 OKT 2026


Toeskouerkaartjies nou beskikbaar by [Quicket.co.za](https://www.Quicket.co.za)

ONTDEK DIE HEEL NUWE LEATHERMAN WAVE ALPHA



Kleur: Cascadia

Dis hier! Die uiteindelijke evolusie van ons internasionale topverkoper met 'n nuwe MagnaCut-lem, gebeeldhoude G10-skale, groter skêr en verbeterde ergonomie. Gebou vir diegene wat meer eis. Nou beskikbaar by gemagtigde Leatherman-winkels.



Kleur: Obsidian



Kleur: Canyonland



LEATHERMAN®

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Johan

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24